**Stormwatersloot**

Pieter Willemse Reino Coetzer CTZPIE004

A dissertation submitted in partial *fullfilment* of the requirements for the award of the degree of Masters in Creative Writing

Faculty of the Humanities

University of Cape Town

2008

**COMPULSORY DECLARATION**

This work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

signature removed

Signature: ~~15/02/2008~~ Date: 15/02/2008

G:\ghu\forms\m-title-page

## Stormwatersloot

Opsomming

In hierdie novelle, wat oor 'n tydperk van drie dae afspeel, word drie karakters se lewens verwoes nadat hulle vroeg een oggend 'n misdaad pleeg op pad terug van 'n partytjie.

Die verhaal speel af in 'n moderne stad, wat bekend voorkom dog vreemd is; asof dit 'n dekade of twee in die toekoms is, met 'n geskiedenis wat homself effens anders uitgespeel het as wat 'n mens sou kon verwag.

Le Roux Basson, oftewel Maanhaar, is 'n bekende sanger wat oënskynlik 'n perfekte lewe het in 'n era waarin celebrity-status slaafs nagejaag of selfs nageboots word. Sy vriend, Henk van der Hoest, is 'n misdaadjoernalis by 'n dagblad in die stad en vind dat die verskil tussen 'n lewe van misdaad en 'n 'gewone' lewe minimaal is. Stacy Plummer, 'n groupie van Maanhaar, werk in 'n kroeg en verkoop dwelms op klein skaal om die huur te betaal. Sy is die enigste karakter wat met waardigheid deur die gebeure van die verhaal gelaat word.

Die verhaal speel agteruit af, met sekere feite wat van die leser weerhou word tot aan die einde, wat eintlik die begin van die chronologiese verhaal is. Die idee is dat die leser hom- of haarself moontlike ander hoofstukke (elke hoofstuk is 'n dag) kan verbeel vóór en ná die hoofstukke in hierdie novelle.

***Belowende jong sanger sterf in motorongeluk***

*Mary-Ann Verwey*

*Die gewilde sanger Le Roux Basson, onder aanhangers beter bekend as Maanhaar, het laat gisteraand in 'n hoëspoedmotorongeluk op die M15 gesterf.*

*Basson is op slag dood en geen ander voertuie was in die ongeluk betrokke nie.*

*Basson (29) was bekend vir treffers soos "Agterdeur Blues" en "Die Stad" en het voorverlede week nog by die Klippespat Rockfees opgetree. Sy ikoniese debuutalbum,* Almal Hier Weet, *het platinumstatus bereik en sy nuutste album was sedert vrystelling op die topverkoperslyste van verskeie musiekhandelaars.*

*'n Motoris het teen omstreeks 22:30 op die wrak afgekom. Dit wil voorkom asof Basson se voertuig, 'n luukse luikrugmodel, teen 'n hoë snelheid teen die Waterstraatbrug gebots het waar dit oor die M15 span.*

*Sy voertuig het een van die ondersteuningspilare tromp-op getref en daarna het dit buite beheer oor die pad gerol voordat dit onderstebo in 'n stormwatersloot langs die pad tot ruste gekom het.*

*Basson se suster, Lismaré Basson (24), 'n bekende in die stad se modekringe, het bevestig dat hulle ouers tans in die buiteland is. Hulle kon nie gisteraand vir kommentaar bereik word nie. Sy pa, Johann Basson, is die besturende direkteur van die glasmaatskappy Sofex, waar sy stiefma, Carol, ook 'n bestuurder is.*

*Me. Melanie Sauls (23), Mnr Basson se vaste vriendin van die afgelope ses maande, was te emosioneel om met die media te praat.*

*"Ek kan dit nog nie glo nie," het Kevin Tait, Basson se bestuurder, gesê. "Ons het Sondagmiddag nog 'n handtekeningsessie by 'n musiekwinkel in die stad gehou. Maanhaar was so opgewonde oor sy nuwe album. Ek hoop mense besef watter groot nalatenskap hy vir ons in 'n baie kort tydjie geskep het. Hy was 'n musikale genie, 'n sagte mens en een van my beste vriende."*

*Jane van Heerden, woordvoerder van Basson se platemaatskappy, het gesê hulle is geskok oor die nuus van sy dood. "Natuurlik is dit onverwags. Namens almal hier by*

*Bounty Records kan ek net sê dat dit 'n geweldige slag is vir ons. Sy familie is in ons gebede. Basson was nie net 'n ster nie, maar ook 'n besonderse mens vir wie ons almal baie lief geword het die afgelope paar jaar."*

*Lees ook die huldeblyke op bl. 10.*

# Sondag

## 10:45

Le Roux word wakker van ’n harde geklop aan die deur.

Hek-security mag niemand inlaat voor hy nie gebuzz is nie. Enige besoekers moet gewoonlik eers die knoppie buite die woonstel se hek druk, dan maak hy van die interkomfoon oop. As hy lus is.

Daar is dit weer, dringender. Kan die mense dan nie die fokken deurklokkie sien nie? Dis tog reg langs die deur. Hoekom klop hulle? Kan nie Barney wees nie, godsonmoontlik. Barney lê vir ’n feit iewers oopmond en snork, dalk langs daai selfde girl van Vrydagaand. Die jong enetjie, die half-kind.

’n Industriële gehamer en die skreeu van iets elektries begin skielik iewers naby. Fokken Sondag, hoe kan hulle nou op ’n Sondagoggend ook bou? Hulle het Vrydag begin werskaf in die woonstel langs syne. Nie ’n fok nie, dink Le Roux, hiermee gaan hulle nie wegkom nie. Dit moet teen die kompleks se reëls wees om op ’n Sondag te bou. Dit is dan ’n fokken rusdag!

“Fucksakes!” swets hy, en swaai sy voete uit die bed. Hy staan onvas op, kyk vir ’n oomblik sy dik oë in die spieël raak, deins dan dadelik daarvan weg, sy brein wat ’n halwe sekonde stadiger as sy kop draai. Sy welige bos donker blonde hare staan wild. Dit doen sy bynaam, Maanhaar, heeltemal gestand.

Hy skud sy kop asof hy uit ’n stort klim. Wanneer hy sy hare so voel teen sy eie gesig en nek, bid hy altyd vlugtig dat hy tog nooit moet bles word nie. Gelukkig het sy pa nog ’n lekker dik bos hare. Dalk is sy gene is genadig.

Die klop kom weer, wanneer die gehamer langsaan vir ’n oomblik stil raak. Die keer is daar ’n stem by, maar hy kan nie hoor wat die persoon sê nie. Daar is te veel skanse tussen hulle.

“Ek kom!” roep hy hard en trek ’n sweetpakbroek aan. Hy strompel kaalbolyf na die voordeur toe.

“Wie’s daar?”

“Die polisie!”

Le Roux verstyf. Dit kan nie wees nie. Fok, poes, nee! Onmoontlik!

Hy staan eers ’n tree terug, besluit dan panic sal niks help nie. Hy glimlag. Wees net vriendelik. Jy weet van niks. Henk het gesê daar is nie ’n kans in hel nie. Dit moet iets anders wees. Hy maak die deur oop.

Twee effens senuagtige konstabels staan voor hom, altwee jonger as dertig. Hulle hemde is gekreukel en hulle lyk in die algemeen nie so vars nie. Dit lyk asof hulle ongetroud is, of hulle dieselfde klere al van Vrydag af dra, net omdat hulle nie ’n wasmasjien het nie.

“Is u... Is u meneer Basson?” vra die kleiner een. Die ander een leun geforseerd teen die trapreling. Hy het kougom in sy kies. Agter hom kan Le Roux iemand in die kompleks se tuin sien werk, bukkend oor ’n hopie onkruid.

“Dis korrek, ja. Waarmee kan ek julle manne help?” Le Roux staan nou vol in die deur, met sy gespierde arms wat aan die binneraam van die deur vashou. Hy leun effens vorentoe, sy gladde borskas wat uitbult. Hy maak of hy strekoefeninge doen.

“Ons het ’n hofbevel hier. U moet in die hof verskyn op die datum aangedui.” Die klein konstabel se oë wys na die koevert in sy hand, wat hy nou huiwerig na Le Roux uithou.

“Vir wat?” Le Roux probeer verveeld klink, maar eintlik raas sy hart soos ’n droë windpomp, vleis wat te lank in die wind gelê het en nou weer wil begin lewe. Sy kop pyn. Dis ’n helder dag buite, die kompleks se wit mure skel. Dis die skelheid wat sy kop nou weer aanvat. Na Vrydagnag se reën kan ’n mens nou amper hoor hoe die grond weer uitdroog. Hy knyp sy oë teen die lig en konsentreer op die twee mans voor hom.

"Uitstaande verkeersboetes, meneer," laat die groter konstabel van hom hoor, effens selfingenome, asof hy weet hy's nie veel werd is nie, dalk nooit in so 'n gegoede buurt kan woon nie, maar nou baie bewus is van sy magsposisie.

Le Roux laat sak sy arms en glimlag breed.

"Laat ek 'n bietjie sien." Hy neem die koevert en skeur dit oop, laat sy oë vlugtig oor die hofbevel gly. "A-ha. Ek onthou nou. Jammer, manne. Ek't seker maar vergeet van hierdie fines."

Le Roux onthou die boetes eintlik goed. Sy motor was een aand onwettig geparkeer in 'n parkeerplek vir gestremdes. Hy was laat vir sy show by 'n onthaal en het sommer daar geparkeer, want dit was reg by die voordeur van die hotel. Toe hy in die vroeë oggendure daar uitstrompel, was sy wiel geklamp en 'n R500-boete teen die venster geplak. Gelukkig was Melanie saam met hom, en kon hy die voertuig net daar los. Die volgende dag was daar nóg 'n R500-boete. Hy het die klampboete betaal en die ander gerieflikheidshalwe vergeet.

"Is Meneer dalk..." Die klein konstabel se moed begewe hom en hy kyk na sy makker, wat besig is om sy drooggekoude kougom tussen sy voortande te byt.

"Jy is mos Maanhaar Basson? Is jy nie?" Die groter konstabel staan nou regop, hande op die heupe, wenkbroue vraend, mond nog effens oop nadat hy die sin voltooi het. Die kougom is terug in sy kies, waar dit maal soos 'n voëltjie.

Le Roux se gesig verhelder nog meer.

"Dis ek, ja."

Die konstabels se houding verander onmiddellik, hulle stywe liggame ontspan soos piesangs wat afgeskil word.

"Ek wou sê!" Die kleintjie gil nou amper. "Ek wou sê!"

Le Roux steek sy hand uit, skud eers blad met die kleiner man, dan die groter een.

"Noem my sommer Le Roux."

"Adriaan Hanekom."

"Shaun, bly te kenne. Ek en my vrou was twee weke terug by jou show gewees, daai festival by die dam..." sê die groter een, wat die droë kougom nou al uit sy mond het en met sy vingers eenkant toe skiet.

"O, by die Klippespatfees?"

"Ja. Jy's sommer befok, man! Was 'n lekker show gewees. Ek's mal oor daai song, wat's dit nou weer? Die een wat iets gaan soos *"dat mense nog hier wakker kan word"*?

"Thanks. Dis 'Die Stad'. Sorry dat ek so sonder 'n hemp hier rondstaan."

"Ek't al jou CD's," begin die kleintjie weer opgewonde, "Jis, man, en om te dink ons ontmoet jou nou op só 'n manier! Traffic fines!"

Le Roux vou sy arms en lag. "Ja, dis seker maar net julle werk. En, wat kan ek sê, ek skuld julle tog vir daai fines!"

Hulle lag.

"Luister," sê die grote. "As jy nie lus is vir die hof nie – julle famous mense wil dié tipe goed mos uit die koerante hou – moenie worry nie. Gaan net af traffic shop toe in die stad, praat met Esterhuizen, hy's die hoof daar. Dan betaal jy net die uitstaande fines daar en hy sal die res laat verdwyn. Ek sal hom laat weet jy kom. Hy sal nie worries hê nie."

Le Roux skuif sy voete, gemaak dankbaar, terwyl hy die koevert dubbeld vou en in sy sweetpaksak prop. "Ag, dankie, dis nou nice van julle. Wil julle manne nie bietjie koffie hê nie? Ek kan julle seker iets sterkers ook aanbied, maar julle's mos op die job..."

"Dis orraait, dankie," sê die kleintjie, Adriaan, "Ons't nog 'n hele spul van dié goed om af te lewer vandag." Hy lyk teleurgesteld.

"Maar vir wat dan nou op 'n Sondag?" vra Le Roux. "Is niks dan meer heilig nie?"

Hulle lag weer.

"Oortyd," sê Adriaan, "Ons vat maar wat ons kan kry. Die pay is mos maar... mos maar kak." Hy kyk in die rigting waarheen hy die kougom geskiet het, asof hy spyt is dat hy dit weggegooi het.

"Maar vat dan ten minste elkeen 'n T-shirt of wat," sê Le Roux en draai terug die huis in. In die spaarkamer staan 'n boks vol T-hemde. Hy skat hulle groottes, medium en ekstra-groot.

Die polisiemanne staan nou omtrent binne-in sy woonstel. Hy stop hulle elkeen 'n T-hemp in die hand.

"Dankie, dankie. Dis nou smart." Shaun maak die sakkie oop en hou die hemp omhoog om te kan sien wat daarop staan.

Voorop is 'n silhoeët-lyndiagram, geel op swart, van Le Roux se bolyf en kop – Melanie het dit ontwerp – sodat sy bos hare presies soos 'n leeu se maanhare lyk. Bo staan "Maanhaar Basson", met "Is..." onderaan. Die konstabel draai die hemp om. "Moer toe!", staan agter. Die konstabels bars uit van die lag.

"Befok!"

"Orraait manne, dis 'n plesier. Sien julle maybe by 'n show een of ander tyd. Ek skuld julle een. Sal vir, wat's sy naam... Estherhuizen... 'n lui gee so teen môre."

Die polisiemanne groet en loop geselsend die stel trappe af na die parkeerterrein, waar hulle wit motor met oop vensters in die son staan en bak. Le Roux kyk hoe hulle inklim en die voertuig aanskakel. Die geluid bereik hom byna onmiddellik, 'n getroue staatsvoertuig. Hy waai tot wanneer hulle om die draai ry en in die rigting van die hek verdwyn.

**11:00**

Fokken dose, dink hy, en slaan die deur toe.

Hy sak inmekaar teen die muur in die gang. Hy moes sy klere verbrand het! God, dis ook maar goed Henk het geweet waarvan hy praat. Henk, Henk, Henk, motherfucking Henk.

Tien minute sit hy daar, inmekaar gevou, sy kop tussen sy arms, rustend op sy knieë.

'n Ligte wind tintel onder sy vel.

Wat eergisteraand gebeur het, is wegholbrande in sy kop, die beelde vinnig en donker, elke oomblik daarvan waansin. Meer donker as lig. Hoewel Stacy se pilletjies aanvanklik alles met blinkpapier en glitter oorgetrek het, is dit later sonder seremonie afgeskeur.

Net die bene en vleis het oorgebly.

Skielik spring hy op, val neer op sy maag en begin opstote doen. Sy hande druk die Rorschach-vorms van 'n weerspieëlde vasteland in die dik mat, sy arms wat op en neer buig, die tempo vinnig, so vinnig as wat hy kan. Sy asem begin hyg, maagspiere trek aan die ribbes, die baai van sy rug wat versteen van die inspanning. Hy probeer onthou waar sy asmapompie is, maar dit voel darem nie of dit vandag nodig sal wees nie. Tussen sy skouerblaaie druk en rol die spiere soos babers in 'n vlak modderpoel. Wanneer hy vyftig bereik, val hy neer op die mat, rol om en lê op sy rug totdat sy asemhaling begin bedaar.

Hy was nog altyd fiks. Op laerskool was hy 'n goeie naelloper, op hoërskool het hy swaarder en groter geword, en in matriek het hy flank gespeel vir die provinsiale span. Hy was ook 'n natuurlike tennis- en krieketspeler. Na skool het hy minder aktief sport beoefen, maar sy liefde vir die gim het nooit verdwyn nie. Vandag nog gaan maak hy twee of drie keer 'n week 'n draai daar. Vandat hy so gereeld in tydskrifte en op TV verskyn, het dit ook 'n noodsaaklikheid geword. Daarmee het hy vrede. Hy's nie skaam om te erken dat 'n groot deel van sy gewildheid gaan om sy lyf nie. Jong meisies koop nie sy albums vir diep lirieke nie, ook nie die gay mans nie.

"And that's an important part of the market, never forget the moffies," het Kevin, sy bestuurder, eendag gesê, oë styf van die kokaïen, sy stem wat al hoër en hoër word na

die einde van die sin toe. "Every single one of them would like to fuck you, and you must make them believe they can."

"And they cannnnn," het Barney in die agtergrond singend gespot.

Hy staan op en gaan soek sy selfoon in die moderne, onrustige leefvertrek. Die meubels, TV en klankstelsel staan stil, wagtend op sy volgende bevel, nie 'n oog wat knip nie.

Hy kry die foon op die DVD-speler, tussen die afstandbeheer en sy motorsleutels. Hy het vergeet om die selfoon in te prop sodat die battery oornag kan herlaai. Melanie is seker al goed die bliksem in. Die herlaaier se koord is verstrengel in die luidsprekers s'n en dit vat hom 'n frustrerende halfminuut om dit los te kry.

Wanneer dit ingeprop is en begin herlaai, kyk hy of hy boodskappe het. Dis al lank na twaalf! Daar's vyf SMS'e. Een van sy bestuurder, een van Barney, een van Stacy, twee van Melanie.

Kevin s'n lees: *Meeting more 7uur onthou, by Saville. Remember the Trinity shoot Tues. Do it for t little girls... Word.*

Met Barney s'n weet hy reeds wat dit sê voor hy dit oopmaak: *Sorry bra kannie signing maak nie. Check woensd. My kop is fkn seer. Fkn bokkn. Ten minste het EK gescore.. Bokpoeskoebaai.*

Barney is die drummer in Le Roux se backing band, Die Drie Gewels – oftewel Die Drie Euwels, soos hulle onder aanhangers bekend is. Gewoonlik hou drummers nie baie lank nie, maar Barney is al van die begin af saam met hom. Hulle het in 'n cover-band gespeel op universiteit, en saam stadigaan begin naam maak. Hy ken vir Barney net effens langer as vir Henk. Henk het een aand foto's van hulle kom neem toe hulle by 'n kroeg naby die technikon gespeel het. Na die tyd het hulle aan die kuier geraak. Dit was Henk se idee om te kyk of hulle met sy kar deur die park kan ry sonder ligte. Dit was Barney wat uit die niet 'n bottel vodka laat verskyn het toe hulle in die visdam tot stilstand gekom het.

Die res het vanself gekom. Hy, Henk en Barney. Hulle meisies, hulle goeie tye.

Later, toe Le Roux se eie songs gewild begin word het en hy solo gegaan het, het Barney gebly – nooit sy graad klaargemaak nie; dalk was hy nie eens halfpad nie.

"My pa is 'n prokureur!" het Barney een aand van 'n kroegtoonbank af geskree, 'n brandende strooihoed in die een hand en 'n bottel Jack Daniels in die ander, "maar ek is 'n DRUMMERRRRR!" Toe het hy agteroor geval en die kroegman se baard geskroei op pad vloer toe. Die kroegman het hom terstond daar uitgesleep en saam met die deurman 'n paar goeie houe op die sypaadjie gaan gee. Gelukkig niks ernstigs nie. 'n Aandjie uit met Barney was nooit vervelig nie.

Barney is nie die beste drummer nie, daarvoor drink hy te veel. Tydhou is nie sy sterk punt nie, wel volhou en oorleef deur alles wat die musiekbedryf in sy rigting gegooi het. Le Roux het so gesukkel met baskitaarspelers en ekstra kitaarspelers deur die jare dat hy besef hoe belangrik Barney vir sy groep is. Barney is definitief die Hoofgewel, waarsonder die res in duie sou stort. Kevin wil hom gereeld in die pad steek, maar Le Roux keer altyd.

Kevin moet ook maar fokof, dink hy. Barney ken al die songs en kan hulle altyd maklik vir die nuwe ouens leer. En veral wanneer hulle op toer gaan, is hy altyd die gom wat alles aan mekaar hou, na nag op nag se gigs en partytjies, duisende kilometers in die toerbussie reg oor die land.

Maar Barney is nie mal oor hierdie handtekeningsessies by CD-winkels wat Kevin altyd oor stiller naweke reël nie. Al wat Barney hou van musiekmaak, is die musiekmaak self, die meisies en die drank. Die res beteken vir hom niks. Roem en geld is nie plesierige goed vir hom nie, hoewel hy weet dat die roem, en veral die geld, hom soms drank en die terloopse meisie in die sak bring.

Le Roux huiwer voor hy Stacy se SMS oopmaak. Sy is deels verantwoordelik vir sy kopseer. Stacy was niks anders as 'n groupie nie. Sy weet dit, hy weet dit, Henk weet dit, Barney weet dit, almal weet dit. Maar na gister is dinge anders; hy sal versigtig moet wees. Kevin gaan nie hiervan hou nie. Dis net Melanie wat niks wis van die bestaan van Stacy nie. Stacy het hom byna 'n jaar terug die eerste keer gegryp na 'n gig in 'n klub in die stad, oftewel, hy het haar gegryp – dit was dieselfde ding. Hy was dronk. Sy het 'n klein rooi striksakkie vol plesierpilletjies gehad.

In die vroeë oggendure het hulle, hoog op Ecstacy, in haar woonstel in die ou middestad seks gehad. Hy onthou nie veel daarvan nie. Net Stacy se mooi gat, haar verslawende tepels, asof met kaffeïen gesmeer, die holtes onder haar arms, diep wolwe. Alles plekke waarvan hy later moeilik kon vergeet. Le Roux is die volgende dag half bedremmeld daar weg, hopende om haar nooit weer te sien nie.

Maar hy hét. Sy én haar pilletjies. Sy was lokaas wat te soet was om voor nee te sê.

Hulle het nog 'n paar dol aande saam gehad – elke keer na 'n gig in dieselfde klub in die stad, want sy het daar gewerk as kroegmeisie. Sedert hy en Melanie saam is, het hy haar nog meer probeer vermy, maar sy had die vermoë om op te daag presies wanneer hy dronk genoeg was om 'n tastende oog te hê. Sy kan darem maar fokken lekker naai, dink hy, en sy onderlyf tril liggies wanneer die gedagte deur sy senuweepunte flits. As Melanie net Vrydagaand saam met hulle uitgekom het, dan sou hy nog 'n skans gehad het teen die verleiding. Maar sy was saam met haar ouers teen die kus op. Barney en Henk het ook nie juis gehelp met hulle luide aanmoediging nie.

Stacy se SMS sê: *Did u take that envelope? hope u feel a right cunt i love u but dont b a fuck. bring it to me ill b in shit.*

Hy frons. Wat ook al. Liggies wat flits. Die natheid buite, die neon orals binne, rondom. Vrydagaand het alles verander. Die rooi sakkie. Die DJ van iewers af. Duitsland? Die Oekraïne? Die toilet. Delete dit.

Melanie se eerste SMS lees: *Jy al op babe? Am back and bad.*

En die tweede: *Kom winkel toe eks jags.*

Hy reply net op haar boodskap: *Check jou na lunch.*

**11:15**

Le Roux krap deur sy CD's, wat in 'n groot kis in die hoek van die vertrek staan. Die kis is met plakkers en uitgeknipte artikels beplak.

In die middel van die deksel pryk 'n nuwe foto. Hy staan daar, kaal bolyf, 'n elektriese kitaar omhoog bokant sy kop, asof hy met 'n geweer deur diep water loop en dit probeer droog hou. Die stilis het hom met 'n mengsel van ghries en modder besmeer sodat hy soos 'n vuil motorwerktuigkundige lyk. Sy borskas blink, die spiere tussen sy maag en ribbes stywe ronde stawe. Die tydskrif se onderskrif lees: 'Sexyste Rocker van die Jaar!' Melanie het dit daar geplak, rofweg, met rooi insulation tape. Die tape is aan die losgaan en hy vryf dit weer vas met die naelkant van sy duim. Hy sit 'n DVD in die speler en digte, donker dansmusiek kom uit vyf verskillende luidsprekers. Hy draai die klank harder totdat hy die dieper note in die bassbin van sy borskas voel vibreer.

In die yskas kry hy 'n oop bottel vrugtesap, 'n derde vol, wat hy gulsig leeg drink. Net voor hy die laaste sluk neem, val sy oog op die bottel vitamiene bo-op die yskas. Hy sluk twee van die oranje pille en gooi die leë bottel in die rigting van die asblik. Dis mis en die bottel spring vir 'n paar sekondes van kop tot voet oor die kombuisvloer, geruisloos onder die harde musiek, 'n geluid ingesluk deur 'n groter geluid.

Hy skakel die stoof aan en sit die pan op die plaat neer. Wanneer dit begin warm word, gooi hy 'n paar druppels olie in die pan. Dit sis liggies. Hy breek twee eiers daarin oop. Die rou eier word byna oombliklik helderwit en vaal batteryhoendergeel. Fyn druppeltjies olie skiet teen sy maag en laat hom terugdeins wanneer hy met die spaan aan die eiers druk. Hy draai die plaat laer. Die oë kyk hom beskuldigend aan, tweedimensioneel, soos 'n strokieskarakter wat buite sy habitat op toer is deur die regte wêreld.

Terwyl die eiers gaar word, krap hy in die broodblik. Die twee korsies van die brood is nog daar. Hy skraap die bietjie muwwerigheid af en druk dit in die rooster. Die eiers is gaar voor die brood uitspring, effens gebrand waar dit uitwaarts gekrul het, weg van die vuur. 'n Bietjie botter op die brood, dan die eiers, met 'n bietjie sout en tamatiesous oor, platsmeer met die mes.

Le Roux gaan sit op die groot wit rusbank. Die musiek is so hard dat hy kan hoor hoe ratel die groot glasdeure wat op die balkon oopmaak. Maar aangesien die afstandbeheer bo-op die DVD-speler lê en nie hier naby hom nie, los hy dit. Die volgende liedjie het ligter basklanke en die vibrasie hou op.

Wanneer sy bord leeg is, sit hy dit op die mat langs hom neer. Die sonlig wat deur die swaar, wit gordyne filter, val skuins oor die TV en die DVD-speler en kruip 'n paar sentimeter van sy voet verby, waar dit stop.

Sy lyf voel soos halfgemengde sement. Wanneer hy opstaan, tree hy doelbewus bo-oor die strofe lig wat op die tapyt lê, sodat sy voete nie daaraan raak nie, asof dit 'n gat deur hom sal brand. Hy móét nou net hardloop. Vinnig en ver.

**11:45**

In sy slaapkamer trek hy 'n T-hemp van die hoop in die kas oor sy kop, verruil dan die sweetpakbroek vir 'n skoon onderbroek en ligte drafbroekie. Terwyl hy sy kouse aantrek, gaan sit hy plat op die mat en begin solank strek. Die senings diep teen sy bene kraak langsaam, soos 'n TV-stel wat afkoel nadat dit heeldag aan was. Sonder om te dink ruik hy aan sy drafskoene voordat hy hulle aantrek, eers die linkerskoen, dan die regtereen.

By die voordeur haal hy sy donkerbril van die sleutelhaak af. Hy sluit net die knipslot van die voordeur en bêre die los sleutel onder die deurmat. Hy trippel die trappe een-een af terwyl hy sy plastiek-horlosieband vasmaak en draf dan teen die effense helling uit na die ingangshek. Die man wat vroeër besig was om bossies uit te trek, sit nou onder 'n boom, besig om 'n sigaret te rol. By die ingang sit die twee hekwagte in die son voor hulle kantoortjie. Hy knik in hulle rigting, maar hulle kyk nie op nie. Sleg bliksems, dink Le Roux en begin spoed optel wanneer hy die straat indraai.

Diepwalle is 'n goeie buurt, mooi uitgelê. Dis naby 'n groot winkelsentrum en die belangrikste snelweë binneland toe en teen die kus op. Dit lê rondom 'n heuwel wat hier uit die kusvlakte verrys, so 'n halfwegstasie tussen die groot bergrug op die skiereiland agter die ou middestad en die eerste skerp berghompe wat die binneland dertig kilometer agter hom toebind. Diepwalle is die helfte nader aan die ou middestad as Henk se buurt, Kronepark. Kronepark is 'n volle vyftien kilometer noordoos hiervandaan soos die kraai vlieg, maar jy moet 'n ompad ry om daar uit te kom. Eers om die heuwel sodat jy aan die noorde- en westekant daarvan kan kom, dan

af na die Weskus-snelweg toe, dan weer oos met die binnelandpad. Selfs as die verkeer yl is, neem dit byna 'n halfuur.

Le Roux vat die opdraande. Wanneer hy die bopunt van die straat bereik, swenk die pad na links en vorm 'n kontoer wat maklik vir die volgende vier kilometer gevolg kan word. Die stad lê nou links van hom, met die baai wat voor hom uitstoot teen die Weskus op. Le Roux onthou 'n tyd toe jy die strandmeer en vleie verder op teen die kus van hier af kon sien blink. Dit was nie eers so lank terug nie. 'n Nuwe raffinadery versper dit nou heeltemal, oranje vlamme net-net sigbaar tussen al die gorrels rook wat in die lug opstoot. Dit is asof die hele landskap daar in oorlog gewikkel is. Die see en die lug teen die fabrieke en die rook. Die fabrieke kan nog en nog uitspoeg, maar die see en die lug kan ook net soveel doen.

Maar die stad self is pragtig vandag, die helder sonlig wat van die geboue laat gloei asof hulle net gister geverf is. Die wind moet deur die nag gewaai het, want baie van die besoedeling is weg en Le Roux kan 'n paar bakens in die stad maklik van hier af uitken. Die uitsaaigebou met sy versameling skottels en kommunikasietorings. Die ou hawekantoor, 'n grys, saai affêre. 'n Groot nuwe woonstelgebou glim bo alles uit, silwer weerligafleier omhoog asof dit moeilikheid soek.

Selfs die lug in sy longe voel vars vandag. Die meeste oggende is dit hel, want hierdie kontoerpad is dan vol verkeer en vroegoggend hang die uitlaatgasse dik en laag hier; elke drawwer moet maar asem ophou en deurdruk. Maar die verkeer is stil vandag en die bome en tuine blaas hulle asem langsaam uit. Gulsig hap hy die suurstof in twee strome by sy neus in. In, in, in.

Wat het Henk nou weer vir hom gesê?

Dat dit almal se skuld is. Dat hy wat Le Roux is, dronk en vol dwelms was, dat dit Henk se motor was, dat Stacy, wel, Stacy... Fok, moes hulle dit gedoen het? Was Stacy nie reg nie? Nee, Henk was reg: As hulle almal ewe skuldig voel, sal die geheim 'n geheim bly. As een persoon buite staan, sal daai een uiteindelik crack, en dit sal die einde van alles beteken.

So iets. Koelkop. Le Roux begin vinniger hardloop. In, in, in. Hoe kon Henk so kalm bly? Hy steek die pad oor en draf nou in die gedeeltelike skaduwee van 'n laning

witstinkhouthome. Dis 'n perfekte dag, die son warm sonder om te steek, die koeltes 'n verskansing sonder koue. Dis ongelooflik hoe vinnig die weer verander het.

Hy dink aan sy pa-hulle. Hulle is iewers in Europa, hy weet nie eens waar nie. Sy pa se konferensie was al laas Woensdag. Dit was in Helsinki, waar hy ook gaan kyk het na nuwe toerusting vir sy fabriek. Daarna sou hy en Carol seker gaan ski, Oostenryk dalk, of die noorde van Italië, of miskien sou hy vir haar Praag wou gaan wys, waar Le Roux ook al as kind was, saam met sy regte ma.

Hy onthou hoe sy ma voor hom uitstap langs die rivier, hoe haar hande vat-vat aan die gladde yster van die relings, dan die skurwe knoetse van die klippilare, gotiese gedrogte wat daaruit peul. Onthou hy dit of sien hy 'n foto uit sy album, haar hand verstrengel in sy blonde krulle, Lismaré nog 'n babatjie in sy pa se arms? Soms is dit onmoontlik om seker te wees. Praag het hom laat dink aan 'n videospeletjie wat hy as kind gespeel het. Die strate en donker stegies, die vreemde mense, die katedrale, die onheilspellende kantel en skep van die taal – hy het swaarde en gevegte gesien, oral die glim van 'n glorieryke verbeelding, hy teen die wêreld se booswigte.

Johann, sy pa, het die afgelope twee dekades 'n besigheid opgebou wat wêreldwyd sake doen. Sofex Glass vervaardig spesialisprodukte vir alles van die mynbedryf tot ruimtenavorsers. Van die mees gevorderde spieëls en lensonderdele vir teleskope kom uit sy fabriek. Aanvanklik het hy 'n franchise gehad wat hoofsaaklik motorruite vervang, maar iewers het hy 'n gaping in die mark gesien, 'n kans gewaag en sy ingenieursagtergrond begin aanwend.

"Harde werk," is hy onlangs in 'n saketydskrif aangehaal, "is driekwart daarvan, die res is 'n mengsel van pure geluk, goeie navorsing en korter *lunchbreaks*." Carol het dit vir hom wat Le Roux is, oor die foon gelees en hardop gelag, so hard dat hy die selfoon verder van sy oor moes hou, want haar lag was nie rond en mooi nie, maar skerp en klaterend. Dalk het sy iets geweet van die korter lunchbreaks wat hy nie geweet het nie. Nie van wou weet nie.

"Carol," het Le Roux haar kortgeknip, "So what, ek werk ook hard. Ek weet wat jy probeer sê."

Carol is nie Le Roux se regte ma nie. Sy regte ma is al byna tien jaar gelede dood. Sy is met maagkanker gediagnoseer toe hy sestien en Lismaré elf was. Sy is in sy eerste jaar op universiteit dood. Sy pa het drie jaar gelede met Carol getrou. Carol, 'n personeelbestuurder by Sofex, is net sewe jaar ouer as Le Roux.

"Hoofman oor menigte, maar kok vir net een," het sy pa soms 'n flou grappie by funksies gemaak. 'n Pot kak, sou Le Roux in die stilligheid dink, want Carol kon nie eens 'n aartappel ordentlik gaarmaak nie.

Carol en Le Roux het van die begin af vasgesit. Sy neem glad nie sy loopbaan as musikant ernstig op nie en probeer hom gedurig daaraan herinner dat hy uitmis op 'n goeie loopbaan as sakeman. Dat hy sy tyd mors, sy lewe verkeerd leef. Le Roux het immers sy besigheidsgraad voltooi en die logiese stap was om ook by Sofex te kom werk, sodat hy eendag die besigheid by sy pa kon oorneem.

"Relax, honey," het Carol teruggekap, "Ek vertel jou net van jou pa. Hy's famous dié week, hy's in die *Finance Quarterly* en in drie van die koerante. Als oor daai nuwe kontrak met die Franse."

"I'm very happy for him. En hy weet dit. But don't sit there and read it to me like a challenge."

"You know I just want the best for you."

"Fuck off, Carol. You are not my mother. Ek verdra jou omdat my pa van jou hou."

Voor sy enigiets verder kon byvoeg, het Le Roux die foon neergesit. Hy wérk hard. Goed, dis nie tipiese kantoorwerk nie, maar hy werk niks minder as enigiemand by Sofex nie. Hy trek nou wel nie 'n salaris nie, maar nadat sy eerste album platinum bereik het, kon hy die meenthuis koop en geld neersit vir 'n nuwe kar. Die nuwe album, *Kenne in die lug*, is ook besig om goed te verkoop, en Kersfees kom nog.

Veral die laaste twee jaar gaan dit goed. Hy is gedurig besig, soms met shows vir groot maatskappyfunksies, ander tye weer met televisiewerk. Daar is elke naweek 'n fees iewers in die land en dis eintlik selde dat hy tuis is vir 'n naweek. Hy skryf musiek wat in TV-advertensies gebruik word, dis goeie geld. Hy wat Le Roux Basson is, werk hárd.

Carol kan in haar moer in vlieg. Hy wonder wat sy dié slag met sy pa se huis aangevang het. Elke keer wanneer hulle lank weggaan, laat sy iets aanbou of uitbreek. Laas was 'n groter swembad kwansuis nodig. Hoekom, weet nugter. Hy sal tog 'n bietjie moet gaan kuier wanneer hulle terugkom, net om die vrede te bewaar. Sy pa se huis is teen die see, suid van die middestad, daar waar die skiereiland met 'n bergagtige vinger die see in strek. Die see is onstuimig daar, dis waar die storms en veraf waterwinde die vasteland ontmoet en met oorgawe probeer verweer. Dis egter rykmanshuise met sterk fondamente en goed vasgeskroefde dakplate en –teëls. Die sterkste winde en reën, rukkend of dik soos koue teer, doen niks aan hulle nie, was net die uitsig skoon sodat die toeriste wat verdwaas daar verbyry, voel hulle is op die regte plek, reeds bekend aan hulle danksy poskaarte en koffietafelboeke.

Le Roux het self nooit daar gewoon nie. Toe sy ma nog gelewe het, het hulle ook hier buite in een van die ou voorstede gewoon, die tipe wat nog bestaan het uit groot woonhuise met ruim tuine, vriendelike parke en 'n handvol skole. Kafees was eweredig versprei, op hoeke geleë en die buitewyke gepatrolleer deur roomysverkopers op klingelende fietse. Hy voel hoe 'n oranje ysstokkie sy verhemelte brand, die soet geursel wat sy lippe deurtrek met somer en jonkwees. Vandag is dit net meenthuiskomplekse en verder weg, gholf estates verby die vleie vir die wat dit kan bekostig. Roomyskarretjies is vervang met vlugtelinge en swendelaars, verkragters en ontvoerders.

Acid, dink hy aan die titel van 'n ou Krushed & Sorted-album, *Acid made me do it*. En Ecstacy, drank, girls, geld en rock 'n roll. Rock en moterfucking roll.

Hy onthou een van die grootste oomblikke van sy jong lewe. Hy was vyftien en het 'n show van sy gunsteling-punkband bygewoon. Die outjies was self skaars twintig, maar hulle was vir hom en sy vriende gode. Die voorsanger het na die show sy CD geteken. Hy het Le Roux op en af gekyk en met die groot, dik koki oor die omslag geskryf: *Open up and say motherfucker.*

Sedertdien is dit een van sy gunsteling-woorde. Dit laat hom vry voel wanneer hy kwaad of bly is, roep hy dit hardop uit. Teen wat presies weet hy nie, maar dit laat hom goed voel. 'n Lekker kras woord, soos om 'n vullisdrom vol opgeharkte haelkorrels by jou girlfriend in 'n warm bad in te gooi en haar dan net daar te naai

terwyl sy rondwriemel en haar borste styf word, haar asem snak van die koue, elke punt van jou en haar lyf met elektriese prikkels teen mekaar stamp.

Motherfucker. In, in, in.

Wat was haar naam nou weer? Hy kan nie onthou nie. Sara. Dora. Nora.

Daai punk band het net drie albums gemaak, toe skiet die voorsanger homself eendag by sy huis. Dit was nie 'n baie goeie skoot nie en hy is eers 'n dag later in die hospitaal dood. Hy het nie 'n briefie geskryf nie. Niks.

**12:00**

Sy longe bol in sy lyf soos gordyne agter diefwering, elke voetval en armswaai 'n geoefende ritueel. Vrydagaand, Saterdagaand, als word minder, vandag word meer. Hy hoop so. In, in, in.

"Maanhaar!" roep iemand uit 'n lowerryke tuin regs van hom.

Sonder om sy pas te verslap kyk hy tussen die lae boomtakke en struike deur. Hy ken die man, sien hom gereeld as hy hier verbydraf. Nie 'n idee wat sy naam is nie, maar 'n vriendelike omie, seker afgetree, want hy is altyd in sy tuin doenig. Dis 'n pragtige tuin, vol inheemse bome en selfs 'n klein knolletjie aalwyne in die hoek, waar 'n rotstuin uitgelê is met vreemde klippe, glad nie uit hierdie omgewing nie, skurwerig soos koolkoppe wat uit verskillende hoeke oopgekap is. Iewers uit 'n droë deel van die land, noord hiervandaan, dalk selfs die buurland anderkant die rivier.

"Hallo, Oom!" roep Le Roux, sonder om die man te sien, en dan is hy al voor die volgende erf en kan hy nie hoor of die man iets terugsê nie. Fokken ooms! Hulle is ook orals. Soms, by groot kunsfeeste, kyk hy uit oor 'n gehoor voor hom en verbeel hom hy sny die kele van al die lelike ooms en tannies af. Die gedagte laat hom gewoonlik glimlag. Sonder om sy pas te verslap kyk hy na sy voorarms, sy hande, sy kaal bene verder af. Hy verwag gedurig dat hy bloed sal sien, 'n vlek, bewyse. Maar hy is skoon, gestort en geskrop.

’n Munisipale vragmotor dreun verby, afgesaagde takke agterop; drie mans met oranje oorpakke wat vasklou aan die tralies. Seker nog opruimingswerk wat aan die gang is na al die reën. Orals het bome omgewaai, afvoerslote verstop en modder oor die paaie gespoel. ’n Hond, verskans agter ’n hoë sementmuur, hardloop vir dertig meter onsigbaar saam met hom. Hy kan hoor hoe breek die hond deur dik plante, hy verbeel hom dis agapanthus of vuurpyle. Die hond hyg en blaf opgewonde, soos ’n jaghond op die spoor van ’n jakkals in ’n ou film waar honde nog jakkalse jaag en jakkalse nog lewe. Waar die muur ’n hoek maak, hoor hy hoe die hond remme aanslaan in ’n gedruis van droë klippies, brekende takke en ’n afgebreekte blaf.

’n Hond... hy snuffel deur die riete, stop, begin blaf. Nee, dit sal nie gebeur nie. Henk het gesê die reën sal die spoor binne dae blus. Hy kyk in die lug rond – waar’s die reën, waar’s die wolke? Nog sal help. Daar was reeds baie, maar dalk moet die hele vlei ’n modderige poel word, styg en als vir maande bedek. Die babers kan daaraan vreet.

Nee, nee, nee. Dink aan iets heeltemal anders. Huispryse. Nuwe motors. Omies. Seks. Spiere. In, in, in. Asem. Kuite. Ken.

Skielik is daar ’n rol lemmetjiesdraad voor hom op die sypaadjie en hy moet dit vinnig systap en in die straat hardloop. Iemand het besluit om sy stuk sypaadjie met gras te beplant en het dit mooi met lemmetjiesdraad toegespan om te verseker niemand trap daarop nie. Aan die voorkant van die erf is daar ’n handgeverfde bordjie teen die rol lemmetjiesdraad aangebring: “Stay The Fuck Off. Thank you.”

Dan bereik hy sy omdraaipunt, waar die kontoerpad ophou en hy by ’n T-aansluiting links bult-af draai na die snelweg en regs, op, dieper die buurt in. Op die ingewing van die oomblik draai Le Roux regs en dan byna dadelik weer links deur ’n groot hek wat altyd ooplê, vasgevang deur ’n rankplant wat dit terughou soos iemand wat sy vriend terughou by ’n bakleiery.

Dis ’n ou skoolparkie. Lank gelede was hier ’n kleuterskool, maar dit het laer af na ’n groter perseel verskuif, waar daar genoeg parkering is vir al die blink SUV’s, sedanmotors en luikrûe. Uitgeknipte blomme en diere, verbleik en geskeur, klou nog hier en daar aan die binnekant van vuil vensters vas. Die gebou word nou as gemeenskapsentrum gebruik, maar staan meestal leeg; dis net Sondagaande dat ’n

klein kerkgroep dit soms gebruik, of Saterdae, vir 'n danspartytjie en braai as iemand 21 of 30 word. Dis al wat nuut is, die ses nuwe braaiplekke, drie aan elke kant, rug teen rug, sodat hulle skoorstene kan deel. 'n Paar hawelose mense slaap hier op die stoep en verder word die terrein deur die buurt se honde gebruik wanneer hulle agter hulle hoë mure uitgelaat word vir 'n daaglikse of weeklikse halfuur van vleeslike vryheid. Hier word gepis en gekak en voete afgevee met 'n dierlike desperaatheid.

Le Roux hou op draf en stap met swaaiende arms na die afgedopte ou klimraam, waar hy begin optrekke doen. Die ysterperd is lankal gestroop, net die ankerpaaltjies staan nog, maar die rondomtalie en wipplank het oorleef, teen alle verwagtinge in. Dieselfde kan nie van die glybaan gesê word nie – dié is opgefrommel nadat 'n dronk ou dit met sy nuwe bakkie se bullbar bygedam het. Le Roux onthou die brokkie in die buurt se gratis nuusblaadjie wat weekliks in sy posbus saam met al die ander veelkleurige gemorspos verskyn. Die ou was glad nie skaam nie: hy is saam met die fotograaf terug na die toneel en het met sy een voet op die verwronge glybaan breed en met 'n positiewe duim geglimlag vir die kamera, asof hy die wêreld se laaste olifant geskiet het en nie kan wag om koffietafels te maak van die pote nie.

Hy kan voel hoe sy spiere hard word soos hulle gewoond raak aan die intensiteit van die oefening. Elke keer as hy homself optrek, trek sy gesig saam met al die ander spiere wat werk. Die getintel onder sy vel is nog daar, maar dis nou meer van die oefening as enigiets anders.

Twintig optrekke later los hy die koue staalraam en sy voete raak weer grond. Hy kyk na sy hande, waar die vel in stywe wit voue teen mekaar lê. Stadig word die wit weer rooi soos die bloed terugvloei. Hy druk sy hande met die rugkante teen mekaar tussen sy dye sodat dit 'n bietjie warm kan word.

Dink net aan ander goed, sê hy weer vir homself. Ander goed. Rugby. Fokken Springbokke. Teen Argentinië nogal. Draf. In, in, in. Asem. Ore. Wind. Voete.

Hy onthou skielik hoe sy ma kleintyd langs die atletiekbaan vir hom geskreeu het. Dit was op laerskool, toe hy nog een van die vinnigste kinders in sy klas was. Hy het hom altyd doodgeskaam. Nou glimlag hy by die gedagte aan sy ma – 'n stylvolle vrou wat die nuutste modes getrou gevolg het – wat langs die baan afhardloop, goue oorbelle,

pasgedoende hare en al. En altyd kaalvoet. As dit atletiekdag was, het sy haar skoene in die motor gelos.

Sy was nie 'n vrou wat bang was vir vuilword nie. Sy het self in die tuin gewerk, rye groente agter in hulle jaart geplant: tamaties en groenboontjies, pampoen en ertjies. Sy't die perske- en pruimbome self gesnoei wanneer dit nodig was.

Bevrore Oros, dis wat sy altyd saamgeneem het. 'n Groot bottel vir hom en 'n kleintjie vir haar, want aan die einde van die dag het sy omtrent net so ver soos hy gehardloop.

Hy is nou baie lus vir Oros.

Skielik hoor Le Roux mense van agter die gebou. Hy stap nader, maar stop wanneer hy hulle sien. Twee mans is blykbaar besig om oor 'n kombers te stry. Elkeen het 'n punt beet en probeer dit losruk van die ander. Hulle vloek verskriklik. Skielik los die een en die ander, groter, man val lomp terug tussen 'n paar plat stukke karton, duidelik gisteraand se bed.

Die kleiner man vroetel tussen die lang gras rond en bestorm dan die groter een met iets in sy hand. Le Roux deins terug toe hy sien dis 'n halwe baksteen. Die kleiner een dam nou die groter een by met die baksteen. Hy skerm met sy hande en voete en gou rol hulle weer in 'n deurmekaar bondel oor die gras. Hulle is glad nie bewus van sy teenwoordigheid nie.

Le Roux oorweeg dit vir 'n oomblik om iets te doen, maar draai dan om en draf weg, terug huis toe. Hulle is in elk geval seker lekker dronk, vol spirits of gom of iets, dink hy.

Mense het saam met die tye mal geraak. Die dood kom onverwags. Geroeste stukke vliegtuigonderdele val uit die lug op 'n ou tannie wat in die son sit en hekel. 'n Fratsvloed na 'n wolkbreuk druk 'n hele gesin dood teen die somersplafon van hulle kleindorpse huis. Bendekoeëls wat vir 'n polisieman bedoel was, ricochet van 'n muur af en bars deur die kop van 'n slapende kind in 'n nabygeleë bed. Mense druk messe en skerpgemaakte stukke draad in mekaar se sye in, sny koppe af met elektriese vleismesse en begrawe die stukke van die stil liggaam soos paaseiers in hulle

voorstedelike voortuine. Oor Paasnaweek. Vroue wag agter slaapkamerdeure vir hulle mans, met haelgewere wat hulle by hulle moeders gesteel het. Mans raak mal as hulle nie seks kry nie en verwurg hulle vrouens met die koord van hulle elektriese kombers. Terwyl dit aan is, op drie.

Dis beter dat die fokkers mekaar maar doodslaan; dis nie asof hulle iets het om by te dra nie, dink hy wanneer hy by die hek uit draf, terug straat toe. In, in, in. Die suurstof spoel water deur sy lyf.

**12:30**

Terug op die kontoerpad sien hy 'n polisievangwa van voor af kom. Hy maak nie oogkontak met die insittendes nie en toe hulle verby is, draf hy oor na die oorkantste sypaadjie sodat hy weer onder die laning bome is.

In, in, in. Die polisie sal dalk in elk geval nie van die bakleiendes in die parkie wil weet nie.

"Your sister was here, sir," roep een van die wagte toe hy deur die voetgangeringang draf. Hy stop.

"When?"

"Just now. She said she will call you."

"Thanks."

Le Roux onthou skielik van die bouery.

"Listen. People can't build in here on Sundays, right?"

Die veiligheidswagte kyk hom aan, dan antwoord die een wat met die tweerigtingradio sit en speel.

"I don't know. You mean those guys?"

Hy wys na waar die bouers se klein vragmotortjie staan.

"Yes, those guys," antwoord Le Roux sarkasties. "They can't build on a Sunday. It's the day of the Lord."

"I know. I don't know. You must ask the caretaker. Those guys say they have permission. Here is his number."

Le Roux vat die kaartjie by hom.

Hy wonder wat Lismaré soek. Sy kom maar selde uit dié kant toe. Sy en haar boyfriend, 'n geoktrooieerde rekenmeester, bly in 'n uitspattige woonstel in die middestad, so modern dat jy nooit weet waar om enigiets in die kombuis op te spoor nie. Dis danksy haar dat hy vir Melanie ontmoet het. Lismaré is 'n mode-ontwerper en van haar klere hang in Melanie se boetiek. Le Roux het so nege maande gelede vir haar 'n paar bokse klere daar gaan aflaai en toe vir Melanie ontmoet. Dinge het stadig begin, maar vroeër hierdie jaar het hulle begin vas uitgaan. Sy was onmiddellik 'n hit. Kevin kon sy opgewondenheid nie beteuel nie.

"Do you know how fucking good you two look together?" Hy het 'n skindertydskrif na Le Roux uitgehou, oopgevou by 'n foto van hom en Melanie by 'n partytjie. Dis waar, sy is pragtig. Mense wat haar nie ken nie, neem aan sy is 'n TV-ster of 'n model. Soms moet sy net soveel handtekeninge uitdeel soos hy. Gelukkig dink sy dis als 'n groot grap.

Terug in sy woonstel drink hy 'n liter gebottelde water, stil. Daar is 'n missed call van Lismaré af, maar niks meer nie. Die CD speel nog, maar hy haal dit uit en sit harde rockmusiek op, kitare en tromme wat skal en dawer deur die hoekige eenvoud van die woonstel. System of a motherfucking Down. Jirre, die ouens laat hom goed voel. Tevrede dat dit hard genoeg is sodat hy dit tot in die badkamer kan hoor, trek hy uit en gaan staan onder 'n warm stort.

Die vars lug en verbranding van energie het hom goed gedoen, maar hy voel al klaar weer sy hoofpyn veraf klop, asof dit net vir 'n wyle op die verste draai van die baan was en nou weer op pad terug paviljoen toe is. Die water is vuurwarm en die stoom vul die vertrek. Die fyn, grys hitte rol teen die mure op en begin kondenseer teen die plafon en teëls.

Hulle het Vrydagmiddag drieuur al begin drink. Almal was die vorige nag uit op verskillende plekke. Henk het na middagete hier by hom uitgeslaan – hy het vroeg afgevat by die werk, soos almal maar op Vrydae maak. Hulle was net besig om te wik en weeg tussen DVD-uitneem en sport op TV toe Barney bel.

"Ek dog soundcheck is eers seweuur?" het Le Roux gesê, maar geweet wat kom.

"Ja, dis waar. Maar hier is booze met julle name op wat staan en warm word."

Le Roux staan met sy oë styf toe. Sy kop hang tussen sy skouers en met sy hande stut hy hom teen die muur net onder die stortkop, sodat die water direk op sy kop en skouers val en dan in die kloof van sy rug en boude oor sy bene vloei. Hy verbeel hom hy is 'n kleistandbeeld wat in die vloede van die eeue staan en verweer. As hy 'n uur lank só staan, sal daar niks van hom oorbly nie. Af in die drein sal hy verdwyn, in miljoene klein stukkies, nie meer 'n wese nie, net alluviale sediment wat iewers vergete gaan stilraak diep onder die aardkors.

Een arm knak lui af, 'n hand verstel die water versigtig warmer.

Le Roux en Die Drie Gewels moes om halfnege die aand by die Shark Tank speel, 'n kroeg, dansplek en restaurant langs die see. Net 'n vinnige gig, kort en kragtig, deel van hulle nuwe album se promosieveldtog. Kevin het 'n volle twee maande se promosiegigs vir hulle gereël en hulle is skaars halfpad. Oor 'n week moet hulle noorde toe gaan en dan van daar af teen die kus af toer tot hulle terug by die huis is. Hulle gaan vir byna vier weke op die pad wees. Heeldag in die bussie, elke nag in 'n klub, drank, rook, laat gaan slaap en dan weer opstaan en dieselfde ding doen, net meer bedremmeld.

Hy en Henk is daar weg, elk in hulle eie motor, want jy weet nooit in watter rigting 'n aand met Barney kan loop nie.

En toe was niks eens Barney se skuld nie. Die fokker het net gescore. Daai kleuter genaai. Fucking hell.

Le Roux speel gereeld by die Shark Tank. Toe die plek laasjaar oopgemaak het, was hy een van die genooide kunstenaars om te kom help dak natmaak. Hulle het natuurlik meer as net dak natgemaak. Die plek het uit sy nate gebars en sedertdien het dit een

van die bekendste uithangplekke in die stad geword, want allerlei modelle, akteurs en celebrities word gereeld daar gesien. Koerantfotograwe wag soms buite die ingang om foto's van die bekendes te kry. Bekendes van oorsee – hier met vakansie of om filmwerk te kom doen – is ook gereelde klante. En al die groot name tree daar op, van sangers tot jazz bands tot DJ's. Die aand se album launch vir *Kenne in die lug* het boonop glad verloop en die band het 'n paar bokse vol CD's verkoop. Harde kontant, suiwer, sonder die platemaatskappy wat sy hap vat.

Ander mense kom spesiaal soontoe net om saam met bekendes uit te hang. Asof iets van die beroemdes na die gewones sal oorloop, osmose vir hulle selfbeeld en sosiale statuur. Die skreiende drank- en kospryse word gerieflikheidshalwe misgekyk. Dis 'n plek waar R100 jou nie vol óf dronk kan maak nie. Om die waarheid te sê, jy kom skaars by die deur in vir R100.

Henk haat die plek. Die hele celebrity-ding irriteer hom mateloos en hy probeer gewoonlik sulke plekke vermy. Te trendy, te pretensieus. 'Hip Kids Kill,' sê een van Henk se gunsteling-T-hemde, met 'n prentjie van twee kaal vroue wat iemand, nie Jesus nie, aan 'n kruis vasspyker.

Soos hulle dronker geword het – en Le Roux het gehelp deur verskeie rondtes shooters te koop – het Henk egter meer en meer van die plek begin hou. Wat te verstane is, want dis altyd vol mooi vroue én dan is daar nog die twee witdoodshaaie in die enorme tenk in die middel van die plek, wat oor drie verdiepings strek. Glans breek maklik deur jou verdediging, veral as jy begin drink, want glans het die vermoë om jou tydelik deel daarvan te laat voel. En Henk het gedrink, want hy hou van drink en hy hou van mooi meisies. Hulle fatsoene druk duike in sy brein. Hy is moeg vir sy werk by die koerant. Dit lyk so maklik, so moeiteloos, so na 'n eindelose partytjie om 'n vermaaklikheidster soos Le Roux te wees. Soos die meeste mense was hy heimlik jaloers op beroemdes se leefstyl; wanneer 'n deel daarvan dus na sy kant toe gekom het, het hy selde nee dankie gesê.

Stacy het seker in die koerant gesien van die gig. Hy was op die voorblad van die naweekbylae, die een van die koerant waar Henk werk. Toe hy maar weer sien, staan sy by die kroegtoonbank, haar rug na hulle gekeer. Hy het dadelik ongemaklik begin voel, en Henk en Barney wou hom ook nie met rus laat nie, hulle weet hoe om sy

knoppies te druk. Hulle weet als van hom en Stacy. Boonop was hy toe al verskeie drankies sterk, asook 'n snuif in die verbygang van iets uit Kevin se binnebaadjiesak. Die gig het hom goed laat voel en haar agterstewe, het onnutsig en – hy het later ontdek dit was nie sy verbeelding nie – sonder 'n teken van onderklere in sy rigting geglimlag.

Die son was al aan die sak oor die see, waar die aandmis en die rook op die horison hulle by mekaar begin skaar het, onmoontlik om uit mekaar te ken. Die ligte in die klub het die natuurlike lig deur die groot vensters begin verdryf, die nag daarbuite wat min in gemeen had met die flikkerende stippels hierbinne, die blou en groen neonlyne subtiel onder die kante van tafels en kroegtoonbanke versteek. Wind buite, lugverkoeling binne, natuur versus argitektuur.

" 'n Honderd rand as jy haar naai in die toilets, voor die aand om is," het Barney gesê.

"Nog 'n honderd," het Henk bygevoeg en 'n wind gebreek. Hy was besig om vinniger as almal te drink. Dit was altyd Henk se probleem: te vinnig, te veel.

"I don't need your money, vriende," het hy probeer skerm, maar sy poging was halfhartig.

Hulle het nog 'n rondte cocktails bestel, toe tequilas, toe begin dans. Die DJ was iewers van oorsee. Mense het niks van sy musiek geken nie, maar dit was maklik genoeg om daarop te dans. Danksy die strobes het selfs stilstaan 'n verbysterende dans geword.

Toe Le Roux weer sien, was Stacy in sy nek.

"Good to see you here," het sy gefluister met 'n sagte lekkie teen sy oor. Haar neus het vir 'n oomblik teen sy ruie hare gedruk.

"You know you are trouble," het hy geantwoord, maar geglimlag, omgedraai, en haar vol op die mond gesoen, haar dun lippe soos die rand van 'n nat glas.

"Yes. I know. So are you." Daardie stem van haar het hom nog altyd betower. 'n Skurwe geritsel uit haar tenger liggaam, diep uit haar keel, glad soos die stingel van 'n glas.

Hulle het gelag en saam gedans. Die plek was nou stampvol. Kevin en die res van die band was al huis toe, of elders na 'n ander partytjie, maar Le Roux het sy klankman, Antonio, iewers op 'n tafel sien dans naby 'n meisie se groot, bonsende borste. Daar het 'n paar missed calls deurgekom van Melanie af, maar hy't dit geïgnoreer. Sy was teen die kus op, na haar ma-hulle toe, vir die naweek. Ver hiervandaan. Haar vriende hang ook nie eintlik in hierdie kant van die stad uit nie. Hy het sy selfoon afgesit.

Nog 'n paar kennisse van Le Roux het by hulle aangesluit, 'n paar ander musikante, 'n musiekjoernalis en vriende van die scene. Danksy Le Roux en die band se vertoning vroeër kon hulle almal in die VIP-area inkom. Die eienaar van die plek het 'n rukkie by hulle kom sit en 'n skinkbord vol shooters nader gewink, blou onder en roomkleurig bo. Dit het 'n naam gehad, Bluebottle Pussy of iets.

Hulle het kos bestel, nog gedrink en Stacy het 'n rooi fluweelsakkie uitgehaal. Hy en Barney het elkeen 'n pil gevat. Van die ander om die tafel wou ook hê, maar hulle moes eers betaal. Stacy het die note gevat, op die onsigbare wyse waarmee geld in dwelmtransaksies van hande verwissel, en die pille op dieselfde manier uitgedeel. Henk het soos gewoonlik net sy kop geskud en 'n kelner nader geroep vir nog 'n bottel tequila. "En 'n bottel lemoensap," het hy agterna geroep, asof hy 'n konserwatiewe besluit geneem het. En hulle het gelag, want wanneer Henk sy drankies begin meng het, was dit gewoonlik die begin van 'n lang aand.

Die Shark Tank het groot badkamers. Hy en Stacy is by die vrouetoilette in. Met die deur agter hulle gegrendel, het hy haar langerige, dun lyf teen syne gedruk, haar kop soos 'n mikrofoon in sy hand gegryp, haar mond diep gehap. Sy het eers haar lippe weggedraai, haar strottehoof vir hom gegee asof die gevoel van sy tong oor die ou snywond wat tien sentimeter lank daar oor haar keel gelê het, vir haar lekkerder was. 'n Motorruit het haar gesny in 'n ongeluk, het sy hom vertel die eerste keer toe hulle ontmoet het. Haar asem het net-net na vodka geruik, eintlik na Red Bull, maar deesdae beteken die een byna altyd die ander. Haar swart eyeliner het al begin verweer. Sy het sy belt losgewoel, 'n kondoom van iewers te voorskyn gebring. Hy was ook maar dankbaar, want hy het nie een gehad nie.

Sy het nog haar hoëhakskoene aan gehad toe hy, broek op die enkels, op die toilet gaan sit en haar bo-op hom lig. Haar byna deursigtige rok het in 'n klein hopie op die

vloer gelê. 'n Bra het sy ook nie aan gehad nie. Haar rug was teruggekrul sodat sy met haar een hand aan sy hare kon klou, die ander het klein voëlspoortjies teen die teëls gemaak, gladderig taai van een of ander skoonmaakmiddel.

Haar lyf het in sy skoot gemaal soos 'n kaalgeskeerde kat, haar boude vasgesuig teen sy lende, sweet wat liggies op hulle lywe begin uitslaan het, die nabyskote van kondensasie teen die glas in 'n bieradvertensie, elkeen 'n ogie. Met een hand het hy haar sy vasgedruk, die ander geklem om 'n bors, asof hy tamatiesous daaruit wou druk. Uit haar mond het die sagte klanke van 'n jagende asem gestyg, pupille wat van groot na klein spring soos haar oë oop en toe flap teen die verblindende ligte. Hy kon hoor hoe tik-tik haar hakke onmetronomies teen die vloer.

Oomblikke van klimaks af het sy nog 'n pil in sy mond gedruk, haar fyn vingers 'n inkvislyf wat inprop en toe wegskiet, die dieptes in. Hy het amper verstik, wat haar laat omdraai het, versigtig, sonder om haar plek in sy boek te verloor. Sy het sy hele lyf toe vasgeklem teen die toilet, haar voete agter die bak ingehaak.

"Methylene..." het sy naby aan sy oor gefluister.

"Dioxy..." het hy geantwoord.

"Methyl..."

"Amfuckamine." Die laaste deel het hulle saam gesê, soos in die sleuteltoneel van 'n onlangse gewilde tienerfliek, maar nie een kon regtig lag nie, al twee was styfgetrek van die plesier onder uit hulle lyf.

Toe hy kom, het sy haar tong uitgesteek. Tussen skote donker en lig kon hy sien sy het drie pille op haar tong. Sy het hom gesoen en nog een in sy lyf losgelaat met 'n gedraai van speeksel, tongvleis en tande.

Daarna onthou hy niks in logiese volgorde nie. Hulle het gelag en gelag, die buislig 'n groen melkweg se misreën oor hulle lywe. Alles het geskud soos ratelslangsterte, koue sweet onder hulle voete.

Terug op die dansvloer het Henk en Barney hom elkeen R100 in die hand gestop sonder om uit te vra. Die musiek was hard en almal was dronk en gelukkig, toegesluit

in ’n reeks asemteue en bewegings. Mense wat soms glimlag en mekaar groet met sekere tipes kyke.

Skielik voel Le Roux hoe sy neus begin bloei. Wanneer hy sy oë oopmaak, val die eerste groot druppels al tussen sy voete waar die water dit oombliklik verdun en deur die drein wegsuig. Hy vee die bloed van sy bolip af en snuit sy neus in sy hand, kyk daarna, was dit dan af.

Hy draai die warm kraan toe en kyk af na sy stywe geslagsorgaan. “Jy veroorsaak allerhande kak,” sê hy vir homself en spat dan ’n paar hande vol koue water teen sy voorkop en agter op sy nek.

Terwyl hy afdroog, vryf hy onwillekeurig dowwe bloedstrepe hier en daar op die liggeel handdoek, wat hy net daar op die vloer los terwyl hy na sy kamer toe stap. Sy hoofpyn is nou met mening terug. Hy soek tussen die warboel dinge in sy kas rond totdat hy die pynpille opspoor. Hy wonder vir ’n oomblik of dit ’n goeie idee is om pynstillers te drink as jou neus bloei, maar sluk tog twee. Maak dit nie die bloed nog dunner nie? Hy lê vir vyf minute met sy kop agter oor die kussing sodat die bloeding kan stop.

Wanneer die CD skielik in die sitkamer stop, in die middel van ’n liedjie, maak hy sy oë oop en sien dat die kamerlig ook af is. Kragonderbreking. In die stilte hoor hy nou die gewerskaf van bouers in die woonstel lang syne, die gehamer wat geleidelik minder word, tot hy net die gevloek van die werkers hoor, want hulle bore en sae se krag is weg.

In, in, in, asem hy. Stilte, wat ’n vreugde.

**13:30**

Le Roux versnel opwaarts deur sy motor se ratte soos hy die buurt uitry. Dit lyk of die krag in die hele buurt af is, want oral staan veiligheidswagte en peuter aan elektriese hekke, hier en daar toet gefrustreerde mense waar hulle in groepies van twee of drie ophoop by meenthuisingange en skielik ontdek hulle remotes werk nie. Almal het ’n

selfoon vasgeklem tussen hoogopgetrekte skouers en ore, die swart skoenlappers van donkerbrille wat beduie in 'n ander hand, kwaad, lelike monde.

Hy let ook op hoe daar nou baie voertuie van die drie groot sekerheidsmaatskappye in die strate sigbaar is. Die alarms werk nie. Voor hy onder by die deurpad aansluit, kom daar drie polisiemotors met flitsende ligte en loeiende sirenes by hom verby, twee van agter en een van voor. Henk was reg, die polisie het in elk geval hulle hande vol. Hulle gaan soek nie moeilikheid nie, moeilikheid vind hulle.

Die verkeersligte werk ook nie en dis nie lank nie voor hy twee karre inmekaar sien staan. Die motors lyk asof hulle van klei gemaak is, so natuurlik lyk die voeg van verfrommelde metaal waar hulle aan mekaar geheg is. Dis by 'n besige kruising, en die insleepbakkies is reeds daar, drie van hulle, elk in 'n primêre kleur geverf en swaar van die chroom. Hy ry versigtig om hulle, met sy toegedraaide venster hoor hy nie die stemme wat saam met die beduiende arms en koppe geraas maak nie.

Melanie se boetiek is in die nuwe sentrum langs die meer. Dis 'n kunsmatige meer, gebou spesifiek om in te pas by die argitektuur van die sentrum, wat in die vorm van 'n hoekige hoefyster rondom die meer opgerig is. Dis 'n boomryke deel, en selfs die bome wat hulle vier jaar gelede aangeplant het – drie soorte uitheemse palms, iets uit Indonesië wat rooi blom in die somer, olienhoutbome, kastaiings en 'n horde kleiner struike – is al mooi groot en gooi genoeg skaduwee vir 'n klein luikrugmotor, of ten minste 'n motorfiets.

In die hoeke van die parkeerterrein staan nog klossies groot dennebome wat oorgebly het – die stuk grond was voorheen leeg, vol palmiete en watervoëls in 'n werklike goeie reënseisoen wanneer die kanale verstop en oorstroom en hulle oorspronklike roetes see toe gaan soek het. Maar andersins was dit droog, met gereelde veldbrande, aangesteek deur verskiete sigaretstompies van die mense wat in seil- en sinkskuilings tussen die bosse en riete gewoon het, of werkers wat kortpad kies na die tuine, kombuise, pakkamers en petrolstasies van die gegoede buurt daarnaas.

Die sentrum het 'n groot gimnasium met sy eie verhitte swembad op die tweede verdieping, wat uitkyk oor die meer en die stad in die verte, groot glasvensters waarin deurentyd drawwende, roeiende en springende mense sigbaar is, gewigte geklem in hande, gekoppel aan masjiene wat ontwerp is om liggame sterker te maak, dunner te

maak, dikker te maak, te laat uitstulp in sekere dele en wegkrimp elders. Tog het almal wat daar in- en uitgekom het, presies soos gewone mense gelyk, niks gelukkiger of gesonder nie. Le Roux kom self gereeld na hierdie gimnasium, maar hy het ook lidmaatskap by 'n kleiner een nader aan sy huis, geleë in die paviljoenkompleks by die sportgronde.

Boetiekwinkels beslaan die grootste gedeelte van die sentrum, nie net klere nie, maar ook uitsoek-dekorwinkels, teëlwinkels, blommewinkels, kunsgalerye en skoonheidswinkels, haarkappers en 'n masseerplek. Verskeie koffiewinkels en restaurante wat met oop planne van klein vals piazzas uitspoel na die tuine om die meer is – afhangende van die tyd van die dag of week – dig bevolk met huisvrouens uit die buurt, skoolkinders wat hulleself ontbloot in sosiale situasies met eerste vriende en vermaakliefdes, ontwerpersmans wat gay is, ontwerpersmans wat nie gay is nie, senior burgers wat alleen of saam met familie tyd verwyl tussen die volgende casino-besoek en die dood, babas in stootwaentjies wat met een benerige hand van 'n oorgegrimeerde vrou in 'n donkerbril en vibrerende haarkapsel heen-en-weer gestoot word, tien sentimeter soontoe, tien sentimeter terug, sonder om die ritme en toonhoogte van haar storie en stem te verbreek teenoor haar vriendin, presies nes sy, maar sonder 'n baba, met 'n sigaret.

Le Roux kry maklik 'n parkeerplek naby die hoofingang, want baie mense is besig om in hulle motors te klim en weg te ry. Twee veiligheidswagte probeer die outomatiese skuifdeure oopforseer met hulle plastiekknuppels, daarom stap hy deur die gewone deure daarnaas. Al werk geen van die ligte nie, is die sentrum goed belig danksy die son wat deur verskeie hoë vensters in die wandelgedeeltes val. Hy voel 'n ligte trek binne die gebou en besef skielik hoe stil dit is, want die PA uiter niks en die lugverkoeling swyg eweneens.

Verkoopsassistente – die wat nie reeds buite staan en rook nie, staan verveeld in die ingange van winkels – die kasregisters en skandeerders buite werking, klante ontevrede op pad uit. Dis onmoontlik om inkopies te doen sonder elektrisiteit, want die kaartmasjiene werk nie en mense dra nie meer kontant nie. Plek-plek deursoek wagte mense wat winkels verlaat, omdat die verklikkers ook nie werk nie. Almal is kwaad. Nog lelike monde en fronse.

By die musiekwinkel, waar twee groot plakkate van Le Roux in die venster pryk, loer hy gou in. Davis, die bestuurder daar, is 'n goeie vriend.

"Howzit, Le Roux," roep Davis toe hy hom raaksien. Hy is besig om pryse op te plak agter die toonbank.

"Hey, Davey. Quite a fuck-up with the electricity, hey?"

"Ja. They're gonna switch over to the centre's emergency generator soon though. Should be any minute. You buying?"

"No, just came in to see Melanie. How's business?"

"Mine or yours? Mine's OK, your's too. Maybe mine's OK thanks to you. Shot for coming in for the signing yesterday."

Le Roux lag en skud Davis se hand.

"Only a pleasure. How many copies?"

"About 150 last week. Maybe thirty just today. Seventy five yesterday. That's the new one. Old one also shifting a few."

"Not bad. Keep up the good work. You must come for a braai sometime."

"Sure, thanks, that would be lekker."

Net voor hy by die winkel uit is, keer twee jong meisies hom voor, elk met 'n kopie van sy nuwe CD in die hand. Hy teken vinnig hulle eksemplare, poseer saam met elkeen terwyl die ander een foto's neem met 'n selfoon, en stap dan dieper die sentrum in.

By Melanie se boetiek gaan daar ook nie veel aan nie. Omdat die winkel reg in die middel van die sentrum is en geen vensters na buite het nie, is dit sterk skemer daarbinne. Op rakke en tussen rye klere staan kerse in kandelare en stylvolle olielampe aangesteek. Van iewers kom die fyn, maar deurdringende reuk van wierook. Dit voel skielik soos 'n agterstraat in Marokko.

"Mel in the office?" vra hy vir een van die verkoopsdames, wat opkyk van die gloeiende blou selfoon in haar hand.

"Yes, I think so," antwoord sy en gaan sit giggelend langs haar vriendin, wat besig is om batterye in 'n CD-speler te stop.

Melanie se kantoor is agter in die winkel, versteek agter 'n ongemerkte roomwit deur. Dis selfs donkerder in die vensterlose kantoor, maar daar's omtrent tien dik rooi kerse aangesteek en versprei oor haar lessenaar, vloer en boekrak. In die sagte gloed lê sy uitgestrek op 'n groot, stywe sofa in die hoek, in werklikheid oranje, maar 'n diep, donker rooi in hierdie lig. Die wierook is byna oorweldigend hier binne.

Sy moet geslaap het, want sy sit effe vervaard regop, haar voete sonder skoene, hare deurmekaar.

"Waar was jy, Baby?"

"Ek't eers gaan draf. Laat geslaap, en toe het die polisie my kom pla."

"Cops?" Haar oë is skielik oop, groot genoeg sodat die wit uitstaan teen haar donker vel.

"Unpaid traffic fines, imagine that! Dis uitgesort nou."

Hy staan voor haar, sy sit steeds, haar kop weer in haar hande.

"En jy?" vra hy.

"Kak. Soos jy kan sien, als gaan verkeerd vandag. Hulle sê daar was 'n ontploffing by die substation."

"Ontploffing? Weird."

"Ja, 'n customer sê sy't dit op haar karradio gehoor."

"Davis sê hulle gaan nou-nou die sentrum se back-up aansit."

"About time. Vandag is 'n utter fokkop. Hoofkantoor gaan niks hiervan hou nie."

"Relax. Dis nie jou fout nie, Mel. Kom."

Hy gaan sit langs haar en vou sy gespierde arm om haar middel.

"I don't feel like it anymore." Melanie stoot hom weg en staan op. Buite begin musiek hard speel, die verkoopsdames het hulle CD-speler aan die gang gekry. Van haar lessenaar tel sy 'n koerant op, die Sondagkoerant, kyk vir 'n oomblik daarna en gooi dit dan voor sy voete.

"There. That page," sê sy en bly waar sy is, hande ongemaklik gevou. "Een van die girls het dit nou-nou net vir my gewys."

Die koerant is agteroor gevou en toe weer in die helfte sodat dit maklik is om te sien waarop Melanie sy aandag wil vestig. Hy hou dit nader aan die kerslig wat op die armleuning van die rusbank gebalanseer staan.

Dis 'n foto van hom en Stacy. In die agtergrond kan hy net-net vir Henk uitmaak, nie sy gesig nie, net die helfte van sy lyf. Maar hy onthou die hemp baie goed, die rooi T-hemp met die teiken op, soos deur 'n teleskoop. 'n Wildsbok staan in die middel, die kruis van die teiken regoor sy voorlyf waar sy hart behoort te wees. Le Roux het die hemp vir Henk present gegee, hy het dit gekoop toe hy verlede jaar saam met sy pa Amerika toe was. Montana. Dit staan onder die teiken. The Beaver State.

Henk het die hemp Vrydagaand aangehad. Die foto is geneem buite die Shark Tank.

Hy kan dit glad nie onthou nie. Op die foto is sy hand laag om Stacy se lyf, asof hy op die punt was om haar op te tel. Haar dun arms is al twee om sy nek, asof sy gereed was daarvoor, of moeg geswem was en te dankbaar was dat die menseredder haar bereik het. Hy kan nie help om sy oog vir 'n oomblik langer op die diep holte onder haar arm, die een wat na die kamera gedraai is, te laat talm nie. Dit lyk darem maar net soos die binnekant van 'n Labrador se oor. Sy verbeelding flitskaart: hy kan voel hoe sy tong in haar armholte verdwyn.

Sy oë is wyd oop – hy moes dus die flits gesien het – en nie rooi soos 'n mens sou dink nie, maar blink, wit, glasig. Haar oë is byna heeltemal toe, skrefies wat nie heeltemal toegeknip is nie, en slierte swart maskara stroom daaruit asof sy van binne af verspoel. Binne-aarse erosie. Haar mond haal asem deur 'n onsigbare sigaret, syne is toegepers soos 'n kind wat probeer om nie te lag nie, maar niks op sy gesig lag nie.

Haar deursigtige rok is selfs meer deursigtig op die foto, die helder flits wat alle geheimenisse ontbloot.

Hy probeer onthou, maar al wat hy onthou, is Henk wat in die passasierskant inval en iets sê soos: "Ek is dronk, jy's op drugs. Jy's veronderstel om hyper te wees. Dis soos 'n computer game. *Carmageddon*. Ekstra bonuspunte vir als wat jy opfok langs die pad. So jy bestuur, ek's vaak. Hier's die sleutels. Keep 'em peeled. And... go!"

"Die caption sê net *Wie's dié oulike swartkop aan die sy van Maanhaar Basson?* Ek weet jy's famous en als. Ek weet dis die social pages. Wat beteken dit? Wie is sy?" Melanie staan doodstil, haar kaal voete teen mekaar. Le Roux se oë beweeg op van haar voete tot by haar gesig, maar hy kyk vir haar neus, nie vir haar oë nie.

" 'n Girl wat ons ontmoet het. Vriendin van Barney. Wat, dink jy...?"

"Ek't jou 'n paar keer probeer bel Vrydagaand. Hoekom het jy nie geantwoord nie?"

"My battery was flat," jok hy sonder aarsel.

"Whatever."

Le Roux staan op en probeer haar omhels, maar sy stoot hom weer weg.

"Babe, ek sal nooit so iets doen nie. Ek's lief vir jou." Hy gryp haar een gewrig vas en tas rond vir die ander een, maar sy trek haar los arm ver terug. Hy druk sy gesig nader aan haar.

"Los my. Le Roux!"

Dan kry hy haar ander gewrig ook beet. Met die grootste gemak swaai hy haar om, knyp haar skoppende bene tussen sy dye vas en skuifel met haar na die rusbank.

"Los my!"

Die musiek buite is nou nog harder. Daar is niemand in die winkel nie. Die assistente is buite, sigarette en selfone in die hand, kougomborrels aan 't blaas, diep in gesprek oor niks.

Voor hy die rusbank kan bereik, verloor hy sy balans en hulle val, hy bo op haar. Sy knie druk die wind uit haar lyf.

"Help! Le R..."

Hy druk haar mond styf toe, voel nie die houe wat sy nou met haar los hand teen sy kop laat val nie.

"Ek dog jy sê jy's jags?" Die woorde swaelsuur oor sy perfekte tande.

Hy ruk haar hempsknope los met 'n skietgeluid, die plastiek wat soos pille oor die vloer spat.

Terwyl hy sy eie belt losmaak en broek effens aftrek, kry sy weer kans om te skreeu: "Wat die fok is fout met jou?!"

Hy slaan haar op haar wang met die vuis, nie te laag om haar mond te breek of te hoog om haar oog te kneus nie. Net reg. Maklik om met base te verdoesel. Onmiddellik is sy stil.

Hy trek haar onderklere net ver genoeg af om sy penis in te kry. Oombliklik voel hy hoe haar hele lyf styf raak, rebelleer. So, dis hoe dit voel, dink hy, en sit sy hand weer oor haar mond, maar haar kop hang reeds slap, haar nek agteroorgekrul op die vloer asof sy haar kop so ver as moontlik weg wil kry, verkieslik wil afbreek en laat vryrol, ontsnap uit hierdie kamer sonder vensters.

Hy suig aan haar borste, stamp diep en hard binne haar koue lyf, 'n minuut, twee, drie, dan hou hy skielik op sonder om 'n klimaks te bereik. Hy staan op en gord sy broek vas. Hy sien nou eers die bloed op haar lyf, hier oor haar nek en skouer. Groot, smerige druppels. Dis weer sy neus wat bloei. Hy kyk na die bloed aan sy vingerpunte en stap dan na haar lessenaar, waar hy twee snesies uit die boks haal om sy neus skoon te vryf. Hy vat nog twee en steek dit in sy sak. Dan nog twee en hou dit na haar uit.

"Sorry oor die bloed. Stacy is niemand."

Hy laat val die snesies op haar lyf. In, in, in. Die wierook laat hom hoes.

Melanie se snikke is droog en hygend, haar mond getrek in 'n kerm.

Le Roux draai om en verlaat die kantoor. Buite in die winkel is daar niemand, die CD-speler wat kliphard speel, alleen gelaat op die toonbank. Daar is net 'n veiligheidswag by die deur.

"Good afternoon, Sir," groet die man vriendelik.

"Yes," sê Le Roux en stap voort.

Wanneer die ligte bo en om hom – daar is ligte in plekke waar hy nog nooit ligte gesien het nie – begin flikker soos die noodkragopwekker weer lewe in die sentrum blaas, kraak die glas en plastiekomhulsels om die tungsten en wolfram en neongas, en al waaraan Le Roux kan dink, is die gekraak van die lyf op die pad. Sy lyf. Melanie se lyf. Stacy se lyf. Henk se lyf. Almal se lyf word fyngemaal.

Hy stap vinniger en vinniger en kyk nie op toe hy verby die musiekwinkel stap nie, hoor nie vir Davis tot siens roep van agter uit die winkel nie. Hy hoor net die gekraak van die ligte en glas, die elektrisiteit wat alles wakker skud, die tellermasjiene en rekenaars wat toetsseine uiter, beepers en alarms wat hulle drade en sensors met rooi oë laat ontwaak, vibreer, reboot, opwarm, kug in die hoek, gereed maak vir 'n lang toespraak. Dit is oorverdowend.

**14:30**

"Maanhaar! Maanhaar!"

Hy stap aan sonder dat die geroep van die jong meisie tot hom deurdring. By sy motor vang sy hom en tik hom op sy heup.

"Maanhaar!"

Hy kyk om. Sy is niks ouer as vyftien nie.

"Teken asseblief my CD! Toe!"

Hy kan net haar buitelyne uitmaak, vir 'n oomblik voel hy duiselig, hy hou sy kop effens agteroor wanneer hy weer die bloed in sy neus voel afloop. Nou is dit agter in sy keel, koud en dik, 'n slang.

"Nie nou nie."

Hy klim in sy motor, slaan die deur hard toe en stoot agteruit. Die meisie bly alleen daar staan met die oopgehoude CD-kassie in haar hand. Dan draai sy om en stap terug na haar ma, wat als met hande op die heupe dopgehou het, plastieksakke vol inkopies wagtend om haar voete soos honger ganse met flappende bekke na bo.

Dit voel vir Le Roux asof die dag buite sy motor begin klop, asof die dun vensters al is wat hom beskerm van oorweldigende druk, iets wat eers sy oortromme sal laat bars, dan sy longe laat ineenstort, dan sy hele liggaam laat ontplof soos 'n vergete bakkie kos in die mikrogolfoond.

Hy ry vinnig en sonder plan, nie terug huis toe nie, sommer net in 'n rigting. Die verkeersligte werk weer, maar hy merk dit te laat, en hy ry oor 'n besige kruising in die middel van 'n rooi. Ander motoriste lê op hulle toeters, 'n paar slaan skreeuend hulle remme aan. Hy sien niks, hoor minder.

As ek deur vandag kan kom, dink Le Roux, dan sal alles OK wees. Net vandag. Net uit hierdie beklemmendheid kan ontsnap. Verdomde. Fokken. Dwelms. Liefde, haat, liefde haat. In, in, in. Hy voel na sy selfoon in die oopgetrekte asbak van die kar. Henk is op speed dial.

Die foon lui lank, ses, sewe keer.

"Ek't jou gesê ons moenie te veel praat nie."

"Ek moet. Nou."

"Fokkit, man."

"Fok jou. Fok, fok, fok jou. Melanie gaan my los. Stacy..."

"Fok Stacy. Sy's mal in haar kop. Wat het met Melanie gebeur?"

"Ek weet nie man. Shit. Fucked. Up. Ek kom na jou toe."

“OK. Relax.”

“Hoe kan jy dit sê? Is jy nie ook besig om van jou kop af te raak nie?”

“Dis Sondag. Natuurlik is ek van my kop af. Ek drink. Stop by daai bottelstoor op pad, hier by my, hulle is mos oop. Tequila if you will. Whisky vir jou seker. Ek sal betaal.”

“Ek’s nog high van gisteraand. Ek bedoel hungover. Ek weet nie, van Vrydag af al. Kon die rugby nie maar net gewen het nie? Voel of my kop nou en dan... soortvan reset. Dit reset die heeltyd. Die main switch wil nie bo bly nie.”

“Sien jou nou.”

Die lyn is dood en Le Roux klap die foon toe, gooi dit eenkant op die oop sitplek langs hom. Hy druk ’n knop en die radio gaan aan, maar dis tussen stasies, en wanneer hy die knoppie druk wat ’n stasie moet soek, hou dit aan hardloop van bo na onder deur die frekwensies sonder om iets te kry. Hier en daar haak dit en speel ’n snars klank, dis moeilik om te sê of dit musiek of sommer net ’n advertensie is, ’n paar verskillende tale, dan weer net die statiese gesuis en dan ’n harder steuring soos wanneer iemand aan die antenna van ’n TV wikkel.

Le Roux vererg hom en haal ’n CD uit die kissie agter die handrem uit. Na ’n oomblik se twyfel blaas System of a Down deur die kar se opgesoupte klankstelsel. Hy skree saam met ’n koorgedeelte dat die are bult in sy nek, hy skud sy kop op die ritme en verander van ratte, hoër op, vinniger, soos die motor eers met die regterwiele en dan die linkerwiele op die Weskus-snelweg klim in die rigting van die fabrieke in die verte, wat skielik baie naby lyk sonder die gewone laag besoedeling. Die wind moet seker sterk waai. Die sement en staal het nou tekstuur en onderskeidbare kleure, ook die rook wat by sommige skoorstene uitborrel, is skielik spierwit pluime katoen.

Hy druk sy voet harder en harder teen die petrolpedaal, totdat die spoedmeter hier by 180 km/h begin op en af spring. Hierdie kar is nie gemaak om so vinnig te ry nie, alles vibreer. Dan verminder hy spoed en draai af in die rigting van Kronepark.

**15:00**

By die bottelstoor koop hy 'n bottel tequila, twee bottels whisky, vier quarts, lemoensap, sodawater en 'n paar pakke chips. Voor hy weer ry, maak hy een van die quarts – dis Amstel – oop met die botteloopmaker wat ook dien as sleutelhouer vir sy karsleutels, knyp dit vas tussen sy bene en vat elke nou en dan 'n sluk. Ek bly dors, dink hy by homself, nou nie dat bier die beste ding is om te drink as jy ontwater is nie, maar niks smaak nou beter nie. Yskoud.

Teen die tyd dat hy by Henk se woonstelblok indraai, is die bottel leeg en hy gooi dit by die venster uit. Dit spat teen die sypaadjie stukkend, maar hy sien dit nie. 'n Man in gehawende klere wat daar naby agter 'n vullisdrom lê en rus het, spring op met die breekslag en wuif 'n ewe gehawende plastiek cowboy-hoed in sy rigting terwyl rymende vloekwoorde agterna gegooi word. Le Roux hoor niks bo die musiek nie en kyk ook nie in die truspieëltjie nie.

Henk staan voor sy deur en kyk af na Le Roux waar hy parkeer en die trappies begin opklim met die sakke vol klingelende drankbottels.

Hulle groet vinnig – hande wat saamklap, vingers en duime wat uittrek en klap, ligte geraak van die skouers – en gaan dan binne.

"Thanks," sê Henk en vat die sak by hom. Henk se plek is gewoonlik deurmekaar, maar vandag lyk dit ekstra goor. As Le Roux die leë glase en bottels, chipspakkies en die paar pizzabokse so kyk, het Henk duidelik die hele Saterdag en Sondag voor die TV deurgebring.

"Was jy heeltyd hier?"

"Obviously, ek't mos nie 'n kar nie."

Henk maak die yskas oop, soek dan glase wat skonerig is en begin drankies gooi. Allerhande koerantuitknipsels bedek die yskasdeur, sodat dit fladder wanneer hy dit oopmaak. Dis meestal berigte wat hy self geskryf het – Henk is 'n misdaadverslaggewer by een van die stad se grootste dagblaaie. In die middel van die yskas is 'n 6 x 8 swart-en-wit foto van Henk self. Hy sit op sy knieë, een hand wat leun op die grond, in die ander hou hy 'n notaboekie vas. Hy ruik huiwerig aan 'n

donker kol op die teer, asof hy enige oomblik agteruit gaan wegspring. Die donker kol is bloed. Die fotograaf het dit geneem sonder dat dat Henk geweet het hy kyk. Dit was by 'n moordtoneel so drie jaar terug. Alles was in daardie plas bloed, 'n hele mens, 'n hele lewe. Sedertdien verbeel hy hom dat hy orals bloed kan ruik. In supermarkte ruik hy dit, langs sportvelde, in die straat by 'n verkeerslig. Daar is tog sekerlik elke sekonde van die dag iemand wat bloei iewers in die stad. Hy kan bloed ruik soos 'n haai – as 'n kind sy voet sny op 'n bottelskerf, dan ruik hy dit. Dalk ruik alles maar net deesdae na bloed – daar het dan al so baie daarvan gevloei.

Hy skink dadelik vir homself 'n groot tequila en lemoensap met 'n skeut sodawater daarby. Nes hy begin om 'n whisky vir Le Roux op te maak, stop Le Roux hom en vra eerder vir nog 'n bier.

"Ek dog jy's op 'n diet?"

"Diet se hele poes. Ek's dors. Ek sal nou-nou whisky drink as die bier my vol gemaak het."

Henk skeur een van die pakke chips oop. Dit skeur lelik en van die chips val op die mat, maar hy tel dit nie op nie. Altwee steek byna gelyk 'n hand na die oop pak toe uit. Dis tamatiesousgeur.

"Wat's dit van Melanie?"

"Sy's sommer net vol kak. Daar's 'n foto van my en Stacy in die koerant."

"Vandag s'n?"

"Ja. Van Vrydagaand buite die Shark Tank."

"Fok, ek kan niks van 'n fotograaf onthou nie. Ek kan nie veel van enigiets onthou nie. Wel, tot... tot die ongeluk."

Le Roux laat die woord nie te lank tussen hulle hang nie. Dit is te vreesaanjaend om in 'n stuk stilte te laat, so hy skop dit summier uit die pad uit.

"Ek ook nie. Maar jy's ook agter in die foto. 'n Mens sien jou T-shirt."

"Beaver State. Was 'n nice T-shirt."

"Ja, en myne was duur."

"Whatever, ons moes dit doen. Die tronk is duur."

Vir 'n volle vyf minute is hulle stil, maar hulle hande beweeg gedurig, óf vasgeklem aan hulle glase óf vroetelend in die pakkie chips. Le Roux sien nou eers die TV is aan, op mute. Iemand is besig om gholfballe oor en oor in 'n gaatjie te slaan. Die man het 'n boep en 'n gesig wat veertig jaar te veel gedrink het. Hy is 'n gholfkenner.

"Wat sal ons met Stacy doen?" Dis Le Roux.

"Ek weet nie. Dis jou girl."

"Dit beteken nie ek ken haar nie. Sy's nie my girl nie. Ek weet ook niks van haar nie."

"Ek weet. Net jou naai, dan. Dis ons probleem. Ons ken haar nie. Weet jy ooit wat haar van is?"

"Mmm. Plummer. Ek glo nie ons hoef te worry dat sy gaan praat nie."

"Ons sal maar moet kyk."

"Jou kar?"

"PJ soek nog die presiese verf. Jou mos gesê hy reken so teen Dinsdag."

"Grys. Is grys nie maar altyd dieselfde nie?"

"Midnight Grey, I have you know. Ek laat sommer die hele body oorspray, en die kattebak kry 'n nuwe mat. PJ vra nie vrae nie. Ek't vir hom gesê dit was 'n steenbok, dat ons iewers gaan rondneuk het in die nattigheid. Nou nie dat hy omgee nie."

"Hoe lyk jou hand?"

Henk lig sy hand op na hom toe, draai dit sodat Le Roux mooi kan sien.

"Oraait, darem nie klem in die kaak nie. Sy lyk na 'n meisie wat gereeld tande borsel. En vlos."

Toe Le Roux se bier leeg is, staan hy op om die laaste een in die yskas te gaan haal. Hy gooi vir Henk nog 'n drankie. Hulle beweeg by die agterdeur uit en gaan sit op die klein stukkie balkon sodat hulle bene by die staalplatform afhang. Die middag is besig om sagter te word, maar die staal onder hulle boude is nog warm.

Dis 'n beklemmende woonstelblok om die hele dag in deur te bring. Dis nie 'n mooi plek nie, dis net stene opmekaar met vensters in, funksionele goed soos trappe en deure, hier en daar 'n potplant wat verbete probeer tuin speel. Modern, dis wat hulle dit sou noem, twintig jaar terug. Maar dis kak. Boonop is die uitsig van die voordeur af niks om oor huis toe te skryf nie. Hier waar hulle nou sit, agter, is nie sleg nie. Daar is die stuk veld kanaal se kant toe, maar dan is dit vormlose fabrieke en funksionele geboue tot naby die see, waar die weskus snelweg dit met flink hale opkerf en verder aan see toe voortsit as spogbuurte en goedbeplande toeriste-attraksies: hotelle, casino's, pretparke, 'n gholfbaan, dolfyne wat deur ringe spring.

"Jou toon pas mooi in my oor," sê Henk, sonder om vir Le Roux te kyk.

"Wat?"

"Ek't dit iewers in my dronkenskap gister op 'n pizzaboks neergeskryf. Dalk kan jy dit in 'n song gebruik. Ek skenk dit aan jou. Yours in rock and roll posterity."

Le Roux lag. "Dankie."

"Eendag is almal dalk blind, wanneer die son uitgebrand is en niks meer kleur het nie. Dan sal mense als met hulle hande en gesigte en liggaamsdele betas en bestreel en sê: wat 'n pragtige gevoel, ek hou van die vorm van jou tong, jou toon pas mooi in my oor."

"Ek sien wat jy bedoel."

Skielik is daar 'n gedruis aan die lug. Dit word vinnig harder en harder. Henk kyk op. Nou toe nou, dink hy, halfvier, omtrent.

Dis gewoonlik drie of vier vragvliegtuie, ou C-130's, wat laag oor die fabrieke aankom, so vyf minute uitmekaar, van die lugmagvliegveld se kant af. Halfvier, dis hulle tyd, op teen die kus na die buurland in die noorde.

Die regering het 'n paar maande terug besluit om die buurland uit te help deur noodvoorraad, veral kos en medisyne, direk in te vlieg in pleks van per pad of spoor, want die pad en spoorverbinding tussen die twee lande is aan 't vervalle. Boonop het georganiseerde misdaad teen die Weskus-snelweg op ook begin toeneem, met van die gevestigde stadsbendes wat vir alle praktiese doeleindes satellietstasies in die dorpies teen die hoofweg oopgemaak het. Dié buit die kosbare vragte van vragmotors, steel gesinsmotors en bakkies en bedryf smokkelhandel met perlemoen, dwelms en skaars skilpaaie. Die regering het lankal moed opgegee. Hulle kan niks in die kiem smoor nie – nie die siektes nie, nie korrupsie nie, nie misdaad nie. Die kiem is klein en almal is deurdrenk daarmee, 'n moeder-tot-kind-oordrag. Deesdae word misdaad bloot bestuur, of 'n ogie oor gehou.

Daar word die eerste een nou sigbaar. Nugter weet hoe dié ou staalhompe nog in die lug kan bly. Hierdie is nie hulle eeu nie, hulle s'n is lankal verby. 'n Ruk lank het almal daaroor gepraat, oor die vliegtuie. Nou is dit bloot 'n manier om rofweg die tyd vas te stel.

Met die eerste reeks vlugte het die koerant 'n pragtige voorbladfoto geplaas van een van die C-130's wat in 'n dynserige silhoeët laag oor 'n koeltoring vlieg, asof hy definitief daarin gaan vasvlieg – natuurlik 'n truuk van die fotograaf deur sy hoek reg te kies en met 'n zoemlens van ver af te skiet. Maar dit was 'n goeie foto, byna sonder kleur, bloot skakerings van grys en 'n vuil, rokerige pers, met net twee rooi ligkolletjies, die een aan die buik van die vliegtuig, die ander 'n flikkerende waarskuwingsliggie op die bopunt van die koeltoring.

Wanneer die gedruis begin wegsterf, praat Le Roux weer. "Moet nou nie skrik nie, maar daar was vanoggend cops by my huis gewees."

"Wat bedoel jy?"

"Traffic fines wat ek skuld, kan jy dit fokken glo? Op 'n Sondag."

"Jy't seker in jou broek gekak."

"Jissis ja, dit was crazy. Ek weet nie of ek 'n straight face sal kan hou elke keer wanneer ek 'n cop sien nie. Gaan my fokken mal maak."

"Wel, wat kan ons nou maak. Straight face of diep in die kak. Dis eenvoudig: Ons bly stil. Onthou, die cops weet van niks. Niemand is weg nie, niemand is dood nie, geen lyk is per ongeluk ontdek nie."

"Kan ons nie net maar net..."

"Dis te laat. Ons't dit klaar gedoen. Wil jy in die tronk gaan sit en liedjies skryf? Johnny Cash was nie eens regtig in die tronk nie. Ons was dronk en high en crazy. Gek. Stacy is 'n psycho."

"Shit. Jy iets gehoor van haar vandag?"

"Nee, hoekom sou ek? Sy't mos nie my nommer nie. Jy?"

"Net 'n SMS waarin sy my uitkak oor iets."

Henk hou op om sy glas tussen sy duim en wysvinger te swaai en kyk na Le Roux.

"Jy bedoel jy't vergeet dat jy 'n handvol van haar pille gevat het?"

"O. Dit. Ek suppose sy't seker vanoggend eers uitgevind. Dis waarvan sy in haar SMS gepraat het. Wat het ek met die goed gemaak?"

"Dit was in die kar. Ek't dit uitgehaal toe ons die kar na PJ toe gevat het. 'n Mens wil ook nie hê dat jou paneelklopper so 'n gelukkie raakvroetel nie. Dit lê bo-op die TV in 'n koevert. Which reminds me, ek het nog jou klere en skoene van nou die dag. Moet ek dit vir jou was?"

"Whatever. Anders gee dit sommer later vir my, maak nie saak nie."

"Nog iets: Ons het vergeet om my kar se voetmatjies weg te gooi. Hulle's nog in die kar by PJ."

"So? Wat gaan ons maak?"

"Ek reken dis OK. Ek sal hulle weggooi wanneer ek die kar terugkry. Hulle gaan nêrens heen nie. PJ sal dit tien teen een nie eens oplet nie. Hy gaan mos maar meestal buite-aan werk."

"Goed. Jy sal weet."

Le Roux staan op en verdwyn in die huis. Hy verander na 'n musiekkanaal en sit die klank harder. Dis 'n snaaksie musiekvideo. Geanimeerde insekte, gelei deur 'n vlooi, hardloop oor 'n kombuisvloer na 'n sexy, blonde huisvrou. Haar lang bene word pale waarteen hulle uithardloop, hoër op tot onder haar kort rompie in. Maar voor hulle by haar onderklere kom, skud sy hulle af en spuit insekdoder oor hulle. Die groen walm van die gif oorval hulle een vir een. Die vlooi sterf laaste, met die groen gifwolk wat hom soos fyn vulkaanas verswelg. Wanneer hy weer by die kombuisdeur uitkom, fluit Le Roux saam met die liedjie.

"Don't tell me. Jy't een gevat. Ek love daai song."

"Een, dalk twee," sê Le Roux en lag. Henk lag saam.

"Dude... ag fokkit. Jy kan maar jou eie kak aanjaag. Whatever. O ja, het Stacy dan nie by jou geslaap nie? Wat het jy met haar gemaak?"

"Ja, sy't daar geslaap. Ek het haar gisteroggend so elfuur teruggevat na haar flat toe in die stad. Sy was baie zoned out, maar orraait. Ek dink ek like haar nogals."

"Wel, no shit. Dis obvious. Maar gaan jy regtig vir Melanie los? Vir Stacy?"

"Melanie het my gelos. Dis verby, ek's seker daarvan. En hoekom nie Stacy nie?"

"Want sy's 'n lunatic, that's why."

"Jy wil haar net naai, man. Jy's jaloers."

"Fok jou."

Le Roux is reg, Henk sou graag vir Stacy wou bed toe sleep. Hulle al twee weet dit. Maar hulle laat dit daar, Henk sal een of ander tyd weer score en dan is dinge weer rustig. Teen sononder is een van die bottels whisky ook al amper gedaan.

"Orraait man, ek moet waai. Thanks."

"Vir wat?"

"Sommer net. Ek weet nie hoe werk hierdie kak nie."

"Me neither. Hou net kop. Good luck met die signing. Koop peppermints voor jy soontoe gaan. Jy ruik na whisky en bier. Die kinders en tannies hou nie daarvan nie."

Hulle groet mekaar by die voordeur en Henk kyk deur die venster hoe Le Roux uit die parkeerspasie stoot en sy motor by die verkeer voeg, waar die motors al hulle ligte begin aansit. Hy maak seker die deur is op knip, trek die gordyn weer toe en gaan sit voor die TV met 'n glas tequila.

Henk sit vir lank byna doodstil op die bank. Net sy hand beweeg nou en dan na sy mond, die glas wat aan sy lippe raak en dan weer tot ruste kom op die armleuning. Uiteindelik is die glas leeg. Dan is die vertrek donker, die krag is af. Die yskas ratel tot stilstand, die TV word 'n vierkantige, witgrys lyk. Daar is niks beweging oor in die vertrek nie.

Skielik spring Henk op en gooi die leë glas stukkend teen die muur bokant die televisie.

"Dom fok! Dom FOK!" Hy slaan sy vuis in die kussing langs hom, sy gesig vertrek. Dan spring hy op, gryp lomp na van die glasstukke en loop daarmee in sy uitgeholde palm na die vullisblik in die kombuis.

In sy haas het die glas hom effens gesny en hy hou die wond vir 'n halfminuut onder die straal koue water. Dan druk hy dit droog met 'n stuk kombuispapier. Hy kyk by die badkamervenster uit om te sien of die hele buurt se krag af is. Dit lyk so. Ver anderkant die veldjie roer liggies, maar hier naby is als donker. Die bloed maak dowwe motafdrukke op die papier.

Hy stap toilet toe. Hy kan Stacy se lyf nie uit sy kop uit kry nie. Toe hy Saterdagoggend, watter tyd van die oggend dit ook al was, in Le Roux se stort gestaan het, kon hy haar mooi deur die glasmuur van die stort sien. Sy het in die bad gelê, so stil dat dit gelyk het asof sy verdrink het en haar lyk pas na die oppervlak gekom het. Die skurwe kroeshare tussen haar bene het roerloos daar vertoef, soos opdrifsels wat besluit watter stroom om te vat. Die hoendervleis op die dun oppervlak van haar wit vel het egter verraai dat sy bloot die lewe binnegehou het, die klank afgedraai het vir

’n paar minute. Hy kyk af na sy penis in sy hand, styf en stywer by die sekonde. Hy verbeel homself Stacy se ribbes en maag en borste is hier voor hom, haar bene wat benerig om hom vasklou. Net voor hy kom, sien hy ook vir Mary-Ann voor hom, haar rooi onderklere wat afspring sonder dat hy daaraan raak. Hulle is by die werk en hulle naai op haar lessenaar. Die melkerigheid loop oor sy vingers en drup by die toiletbak in.

Terug in die sitkamer voel hy lus vir pizza. Hy krap eers in die kombuiskas rond tot hy ’n kers opspoor. Hy steek dit aan, spoor dan sy selfoon op en begin soek na die nommer. Die ligte blom skielik weer geel deur die huis. Hy voel lus vir ’n Hawaiian. Pynappel en ham.

**20:15**

Die signing is in ’n groot CD-winkel in die stad. Daar is verskeie ander musikante ook –ander groepe en solo-kunstenaars wat ook onlangs nuwe albums vrygestel het. Die winkel het twintig kunstenaars gekies met wie hulle spesiale geleenthede kan hou vir hulle gereelde klante en klublede. Le Roux hoef net drie songs te sing. Alles verloop goed en Kevin lyk heel tevrede.

Na die tyd kry Le Roux iets om te eet by die Thaise restaurant in dieselfde sentrum. Op die ingewing van die oomblik bestel hy twee wegneemetes en ry na Stacy se woonstel toe. Hy stap agter om die gebou en klim die drie stelle brandtrappe tot by haar kombuisdeur.

Hy wil net begin klop toe sy foon lui. Dis, Lismaré. Hy sit die sak met kos neer.

“Hallo, Sus, how goes?”

Haar stem klink blikkerig, asof sy deur ’n tonnel ry, of iewers waar die ontvangs swak is.

“Ook maar moeilik om jou in die hande te kry.”

“Ja, my phone se battery was anderdag dood vir ’n ruk.”

"Gaan goed hierie kant. Wanneer kan ons bietjie gaan lunch of dinner of iets?"

"Whenever. Security sê jy was vanoggend daar by my."

"Ja, wou sommer net kom inpop. Waar was jy? Jou kar was dan daar?"

"Gaan jog in die buurt. Nog lekker vol toxins na Vrydagaand se party by die Shark Tank."

"Daai plek is 'n nes. Jy moet versigtig wees. Sal ons sommer een middag daar by Melanie-hulle se sentrum gaan lunch? Wat van Maandag?"

"Sal moet check..." Le Roux sien Stacy is nou besig om die kombuisdeur oop te sluit, eers die houtdeur, dan die veiligheidshek. Sy moes hom seker hoor praat het.

Lismaré begin nog iets sê, maar Le Roux maak haar stil. "Lis, wag, ek moet nou gaan. Ons chat later weer, bye."

Le Roux hou die sak met die take-aways op. "Sorry, that was my sister. I got some Thai. Hope you're hungry."

Sonder 'n woord laat Stacy hom binne. Hulle soen mekaar ongemaklik op die lippe.

"I brought back what's left of those pills." Hy hou 'n halfgevoude koevertjie na haar toe uit. Sy neem dit by hom en hulle stap deur die kombuis na die sitkamer.

"And I brought you some cash for the ones I took. Sorry, it just seemed like a good idea at the time." Le Roux sit die kos op die tafel neer en haal die polysterene-wegneembakkies uit, asook twee plastiekbakkies met sojasous en chopsticks. Hy haal 'n rol note uit sy broeksak en sit dit eenkant. "That should cover it."

"Thanks, just don't fucking do it again. My supplier came around this morning and wanted to know where... fuck, you don't need to know. I owed him some money, that's all. I didn't even know they were gone until I started looking. I was completely out of it yesterday."

"Ja. Me too."

Le Roux is nie seker of hy haar 'n druk moet gee nie. Maar haar lyf is gespanne, haar skouers oneweredig opgetrek, asof sy van draad gemaak is en iets haar skeefgetrap het. Netnou kry hy 'n klap. Hy sal moet ligloop. Tog – elke woord wat by haar mond uitkom, wil hom net laat nader staan vir nog. Hy wil haar oë beter sien. Dan draai sy haar kop en die lig val van die kant af deur haar oë, wat blink en bewe. Sy kan hom maar met 'n sweep bykom en hy sal haar steeds wil naai.

Die vuishou in die kar. Haar tandmerke in Henk se hand. Children of Bodom. Hy tel een van die bakkies kos van die tafel af op, kyk daarna, gee dit dan vir haar en skuif die ander een vir homself nader.

Hulle begin eet, al twee vaardig met die chopsticks en die soetsuur varkvleis, gemengde roerbraaigroente en rys raak vinnig minder.

"How is your sister?"

"Lismaré? Have you ever met her?"

"No. But I've seen her with you at events. She's beautiful. I have one of her dresses. I like her stuff, my kind of style."

"I haven't seen her for a while, but she's doing well. Her range is now being sold overseas in some boutique stores too."

"That's good." Dis stil vir 'n paar sekondes, net die gekrap van stokkies in kosbakke. Uit die kombuis kom die klank van 'n yskas wat tot ruste kom. "I sometimes wish I knew what my little brother was up to."

"You have a brother?"

"Yes, but I don't even know what his name is. Welfare took him away from my mother soon after he was born."

Le Roux bly stil. Stacy het hom al voorheen vertel van hoe haar ma dood is, en dis die soort onderwerp wat hy nie mooi weet hoe te hanteer nie.

"I've never heard from him, apparently he doesn't want to meet. But that's OK. I bet he's doing well. He would have turned 18 the other day. But Zaid is more like my brother now."

"Which one is Zaid?" Le Roux wys na 'n raam teen die muur waarin 'n klomp foto's saam ingeplak is. Dis alles partytjiefoto's. Stacy is op omtrent almal van hulle, soms met een persoon, soms met drie, soms met drankies omhoog, soms oorbelig deur die flits, soms geblur.

"The one there in the lumo green shirt. He's very young still. Only 19. We work together at Sanctitty, you've probably seen him there."

"He looks familiar. Has this picture always been here?" Le Roux wys na die groot geraamde afdruk van 'n Clydesdale-perd wat 'n ploeg deur 'n land trek. Die lug bo die perd is grys, die wolke wat laag oor die landskap hang.

"Yes."

"I've never noticed it before. My grandfather – my mother's father – had two of them on his farm. I remember them from when I was a kid."

"Oh." Stacy kyk nie vir die prent nie, sy staan op en stap na die venster. Sy skuif dit 'n aks oop en steek 'n sigaret aan.

Sy dra 'n los sweetpakbroek en bypassende top, grys met drie swart strepe wat teen die moue en pype afloop tot in haar wit drafskoene. Net die boonste drie punte van die handelsmerk op haar linkerbors is sigbaar, want haar regterhand, die een wat nie die sigaret vashou nie, hou daar aan die materiaal vas. Haar voorarm lê oor haar borskas soos 'n veiligheidsgordel wat 'n tenger liggaam in die sitplek vashou.

Haar hare is vlugtig vasgebind met 'n rekkie en sy dra geen grimering nie, wat haar gesig kaal en skoongeskrop laat lyk, behalwe vir die letsels, wat effens ruwer uitstaan.

Le Roux se oë verlaat haar lyf nie vir 'n oomblik nie. Hy voel sy hande onder haar sweetpak ingly, een wat optas na die klein borste, die ander afwaarts, af oor die presiese skurwigheid van haar pubis, eers die rugkant van sy hand wat daaroor streel,

dan draai hy dit om, sy palm en groot vingers wat vou om haar geslagsdeel, die nattigheid en warmte daar losmaak.

Die brandende sigaret beweeg van haar bleek lippe na die skrefies venster en terug. Vir die duur van die sekonde na elke sigaretteug en die daaropvolgende uitblaas van rook, lyk dit asof sy liggies glimlag, maar die fyn frons verlaat nooit haar voorkop nie. Die skreef in die venster vreet die as gulsig van die sigaret af. Die wind waai buite. Dit lyk of daar weer reën op pad is, maar dis moelik om vir seker te sê noudat dit donker is.

Wanneer die sigaret 'n sentimeter van die filter af is, skiet sy dit by die venster uit en skuif dit weer toe.

"The weather is fucked-up. It looks like another front."

Le Roux skuif ongemaklik rond wanneer sy omdraai na hom toe.

"Ja. It changes every half an hour."

Hulle eet klaar en Le Roux begin aanstaltes maak om te ry.

"I must go see Henk about something."

"Tell Henk to go fuck himself."

"Don't say that, he did the right thing."

"I can't believe you say it was the right thing! How... how can killing be right?" Haar stem verdwyn teen die einde van die sin, asof trane besig is om haar stembande te verlam.

"Let's not dwell on it. It will kill us. It was an unfortunate accident. He was basically dead already. I will call you again tomorrow or so. I think things are over between me and Melanie."

"They'd better be."

"She saw the photo in the paper."

"Which photo?"

"There's a photo of us in the paper today. There was a photographer outside the Shark Tank on Friday night."

"Shit. I don't remember a thing."

"None of us do. Henk is in the background somewhere. I must go. I'm really sorry I hit you."

"It's OK. Just don't fucking do it again."

Hulle groet mekaar met 'n ongemaklike omhelsing en Le Roux draf die trappe af.

Stacy staan by haar kombuisdeur en kyk tot Le Roux buite sig verdwyn. Dan gaan sy binne en stap terug na die sitkamer, waar sy nog 'n sigaret aansteek by die venster. Tussen die ander hoë geboue in die middestad deur kan sy 'n fly-over sien. Sy wonder hoekom die verkeer so besig is vandag. Sondae is dit gewoonlik stil.

Fuck him, dink sy. Fuck Henk too. Maar wat kan hulle nou doen? Alles is te laat. Dit is te laat vir enigiets. Maande en maande lank was Le Roux al wat sy wou gehad het. Nou het sy hom. Maar is dit alles die moeite werd?

As sy fyn kyk, kan sy mense in die karre uitmaak.

Over all of your fucking dead bodies, dink sy.

Die meeste van die motors lyk vol, asof dit gesinne of groepe vriende is, nie enkelkoppe soos in druk verkeer in die week nie. 'n Paar stelle rooi en blou ligte flits waar polisievoertuie en ambulanse onder die fly-over geparkeer staan. Daar's ook drie stelle oranje ligte van insleepbakkies waarvan sy die dakke net-net kan uitmaak. Iewers was daar 'n ongeluk, dis natuurlik hoekom die verkeer so traag is. Almal wil stadiger ry en kyk.

Dalk lê daar 'n lyk. Nice, I hope so.

Sy begin huil wanneer sy haar gedagtes hard probeer hou. Sy probeer skerm en keer, maar sy is te rou, te leeg, te voos.

Kinders wat baie tyd in hulle ouers se motors deurbring, leer gou van die dood. Ouers kyk, kinders kyk, Ouma en Oupa kyk, al kan hulle nie meer mooi sien nie. Om dooie mense te sien is om skielik daarvan bewus te word dat jy met 'n handgranaat in jou hand deur die lewe stap, die pennetjie lankal uitgetrek, saam met jou naelstring geknip.

Yes, you bastards. All of you will die.

Haar hand bewe teen die ruit.

Alles vibreer. Alles.

Why the fuck did Henk do it? Fuck!

Die voertuie druis net in die verte. Die stad is stil, selfs al skree dit, stom soos die berge rondom dit en soos die see wat daarteen vasspoel. Nes dit alles aanvaar, ontsien dit ook niks nie.

Nader aan haar, op die hoek oorkant haar woonstelblok, verskyn die posman om die hoek. Hy ry fiets en dra 'n geel reënjas, al is dit nog nie nodig nie. Dan besef sy: Dit is Sondag, en die posman lewer nie pos af op Sondae nie. Dis bloot die posman op sy fiets; hy moet hier iewers naby woon. Sy broekspype is by sy kouse ingesteek en hy stoot die fiets versigtig om 'n poel water reg langs 'n kragboks. Vir 'n oomblik verbeel sy hom alleen op 'n ouwêreldse slagveld, grys lyke in die reën en modder, loopgrawe in elke rigting, net hy en sy geel sinjaal van 'n jas en 'n dik sak vol boodskappe vir die families van gesneuweldes. Hy haal die laaste briewe een vir een uit hempsakke, skud hulle skoon en stoot die fiets verder. Sy werk sal nooit ophou nie, die slagveld word net groter, dit klop later aan elke deur op soek na nuwe grond.

I can take you to a pocket you might've missed, dink sy. Maar dan onthou sy dat hulle sy beursie gevat het. Nugter weet waar hulle daarvan ontslae geraak het. Fuck.

Sy draai om en gaan die badkamer binne om haar tande te borsel.

Fuck them all.

**21:45**

Op pad uit die stad, Diepwalle toe, sit Le Roux onverwags in die verkeer vas. Daar was 'n groot sokkerwedstryd tussen 'n plaaslike premierliga-span en 'n bekende klub van oorsee in die stadion aan die onderpunt van die ou stad. Nou is almal besig om terug huis toe te ry. Die tuisspan het met 1-2 die onderspit gedelf, dit hoor Le Roux op sy motorradio terwyl hy CD's omruil. Eers die rugby, nou die sokker. Nou nie dat dit 'n nuwe gevoel is nie.

Die wolke is weer aan die dikker word, en kort voor lank begin 'n triestige misreëntjie oor dele van die stad uitsak.

Dit neem 'n halfuur langer as gewoonlik voor hy by Diepwalle uitkom. Voor hy by sy meenthuiskompleks uitkom, verander Le Roux van plan en maak 'n U-draai. Hy besluit om tog vanaand weer vir Henk te gaan kuier; hy kan nie die res van die aand alleen by die huis deurbring nie.

Onder in die buurt stop hy by die vulstasie se winkel om iets te ete te kry, die Thai was lekker, maar nie genoeg nie. Noudat hy nie meer so naar voel nie, is hy lus vir 'n pastei. Hy kry ekstra koeldrank en eetgoed vir Henk ook. Op pad uit val sy oog op 'n gefotostateerde plakkaat wat iemand teen die deur geplak het. Daar's 'n foto van 'n jong man op, dis effens onduidelik, want dit is al te veel gefotostateer. Bo die foto staan "VERMIS – MISSING" en onder staan sy naam en 'n telefoonnommer wat 'n mens kan bel as jy enige inligting het. Daar's ook 'n ry gesnyde papiertjies wat aan die onderpunt van die plakkaat hang met die kontakpersoon se naam en nommer op. Verskrik skeur Le Roux een af en druk dit in sy sak. In, in, in. Die lug proe soos uitlaatgasse.

Hy ry in die teenoorgestelde rigting van Kronepark. Na sowat vyf kilometer draai hy in by 'n ander vulstasie, koop 'n telefoonkaart en maak 'n oproep van die openbare telefoon wat buite in die helderverligte parkeerterrein staan.

Iemand aan die ander kant tel byna dadelik op. Le Roux vra iets en luister aandagtig na die antwoord. Dan sit hy vinnig die foon neer, klim in sy kar en draai terug op die snelweg in die rigting waarvandaan hy gekom het. Hy ry verby die afdraai na Diepwalle en verby die afrit na die Weskus-snelweg en hou reguit aan na die ou

middestad toe. Hy ry vinniger en vinniger. Die musiek is oorverdowend in die kar. Hy kyk hoe die naald kap-kap teen die 180 km/h-merk. Die vyfbaansnelweg is relatief skoon, en net hier en daar vleg hy met ligte bewegings van sy stuurwiel deur stadiger motors. Aan die ander kant dra die snelweg nog swaar aan die sokkerverkeer.

Waar die snelweg ná 'n geleidelike draai reguit word, druk hy die motor effens in die rigting van 'n sementpilaar.

# Saterdag

## 00:05

"Ek sal nou bestuur, dis fine," sê Henk en skuif agter sy kar se stuurwiel in. Dit vat onmiddellik, met die geluid van 'n getroue masjien, en hy begin in die rigting van Le Roux se meenthuiskompleks ry.

"Waarheen gaan jy?" vra Le Roux, "Ons kan mos nie..."

"Ja, ek weet, ek probeer fokken dink."

Terwyl Stacy se snikke op die agtersitplek stiller word, maak Henk 'n U-draai in 'n stillerige straat en hulle ry vir 'n wyle terug in die rigting van waar hulle gekom het. Hy vleg eers bult-af deur die buurt en draai dan in 'n paar klein straatjies op totdat hy 'n grondpad bereik wat aan die oostekant van die bult na 'n uitkykpunt oor die vlei loop. Henk was lanklaas hier, maar hy onthou die plek omdat hy en Le Roux al 'n paar keer hier kom sit en bier drink het. Dis nie 'n regte uitkykpunt nie; dis sommer net die plek waar die pad ophou en jy kan omdraai of parkeer en 'n ruk in jou motor sit. Mense kom soms hierheen om hulleself te skiet. Ander kom naai prostitute hier in die nag, dis nou as hulle agtersitplek groot genoeg is, anders kry hulle sommer net blowjobs. Hy was ook onlangs hier met 'n moordstorie. Kinders wat tussen die riete gespeel het, het afgekom op 'n erg ontbinde lyk. Dis nou al maande later en die polisie het nog nie veel vordering gemaak met die saak nie. Hy dink daaraan dat hy sy kontak by die speurkantoor dalk Maandag 'n lui moet gee en vra of hulle al iets nuuts vir hom het.

Ver na die noorde blink liggies, ook 'n paar polsende rooies bo-op fabriekstorings en seinmaste. Die buurte in daardie rigting, soos Kronepark, waar Henk woon, lê in die nat nag soos motorwrakke, hulle kopligte steeds brandend, maar deurmekaar en kwynend. In die reën lyk dit asof hulle 'n afgeleë ruimtestasie nader, want die landskap om hulle is byna gitswart. Dis net daar ver waar die ligte iets beloof. Hulle ruimteskip se vensters is vol fyn druppels, wat strepe maak en die lig in vreemde

fatsoene verwring. 'n Mens kan die buitelyne van die heuwel links en die vae, natuurlike teksture van die vlei daar onder kan uitmaak.

Le Roux, wat nog die heelpad met sy gesig in sy hande sit en prewel, kyk op na Henk wanneer die motor tot stilstand kom. Net die nag en die gedruis van die reën dring nou om hulle saam.

"Sal ons hom hier uitgooi?" vra Le Roux, 'n vraag sonder antwoord. 'n Vraag wat niemand in die motor ooit weer wil hoor nie, nie kan glo hulle nou hoor nie.

"Sal ons hom hier fokken uitgooi?! Is dit wat jy nou vra?! Fok!" Henk slaan met sy plat hand teen die stuurwiel, waarop hy nou sy voorkop tot rus bring.

Le Roux bly doodstil. Hy kyk hoe die reëndruppels die voorruit toepak. Die wêreld daar buite skuif nader.

"Ek is jammer."

"FOKKEN JAMMER! JISSIS!"

Stacy sit regop agter hulle. Sy lyk nie goed nie. "Relax. You are drunk."

"I'M NOT FUCKING DRUNK ANYMORE. JESUS, YOU ARE ON DRUGS!"

"It doesn't matter. You are the murderer." Stacy sit weer terug, diep in die verste hoek weg van Henk af. Sy begin huil, stil, maar vol snikke.

Vir etlike minute sê niemand enigiets nie, dan gaan hulle deure byna gelyk oop en die reën val oor hulle gesigte, hulle skouers, hulle rug en hande, soos dit val oor die res van die landskap rondom hulle.

**00:20**

Le Roux probeer die vloermat onder die jong man losskeur.

"Jy gaan 'n mes nodig hê."

Le Roux kyk vir Henk, wat roerloos staan en staar met sy arms swaar langs sy lyf af.

“Jy gaan ’n mes nodig hê,” sê hy weer.

Agter hom hou Stacy haar bibberende lyf vas met haar arms, wat lank en dun om haar sye verdwyn. Haar oë is klein krisisse. Gelukkig het hulle ’n kondoom gebruik, dink Le Roux. Henk stap na die passasierskant, vroetel in die paneelkissie en kom terug met ’n Leatherman. Hy vou dit oop, geoefen, en gee dit hef eerste aan vir Le Roux, wat onmiddellik omdraai en die mat begin lossny waar die gom te goed vassit.

Wanneer die mat mooi los is, tel hulle die lyk uit die bagasiebak, toegevou soos iets kosbaars in ’n kombers, iets wat nie mag breek nie, ’n duur, sensitiewe plant, ’n groot orgidee.

“Shit, hy’s swaar,” sê Henk terwyl hy agteruit in die rigting van die paadjie af na die vlei beweeg. Stacy bly staan waar sy is. Sy kyk terug in die pad af vanwaar hulle gekom het, maar dit bly pikdonker in daardie rigting. Niemand anders gaan dié tyd van die nag hiernatoe kom nie. Nie in die reën nie. Nie vir die pret nie.

“I’m afraid you’re going to have to come along,” sê Le Roux.

“I’m wearing high heels. It’s fucking freezing.” Sy kyk na haar skoene. Sy staan in ’n modderige kol en die hakke het heeltemal weggesink.

“You will need to light the way for us here and there. With your lighter, it’s all we have.”

“It’s raining.”

“It’s not so bad anymore. Cup your hand over the flame. It’s all we have.”

Sy trek haar skoene uit, gooi hulle modder en al terug in die kar en volg hulle versigtig oor die parkeerterrein na die paadjie. Haar fyn voete deins senuagtig terug van die klipperigheid, dan begin hulle teen die paadjie afsak en raak dit modderig en sagter. Die modder krul tussen haar tone deur.

Wanneer hulle amper onder is, stop Henk en Le Roux om te rus en hulle laat sak hulle vrag versigtig tot op die grond. Stacy loop verby hulle en hou haar sigaretaansteker omhoog. Vonke spring ’n paar keer en dan vat dit vlam, net vir ’n sekonde of twee, maar lank genoeg om te sien in watter rigting die paadjie swenk.

Hulle vorder stadig in die rigting van die riete, waar hulle gou buite sig verdwyn. Selfs nie eens Stacy se sigaretaansteker sal in hierdie weer van die omdraaiplek sigbaar wees nie. Hier is die modder diep. Stacy se bene is gou tot net onder die knieë vol modderspatsels.

**01:15**

Al drie is uitgeput wanneer hulle terugkom by die motor. Stacy bibber onbeheersd op die agtersitplek, nat tot op die been.

"Wat nou?" Le Roux het oorgegee en verwag nou Henk moet al die besluite neem.

Henk lyk ook bleek en koud, maar daar bly 'n berekendheid in sy stem wat selfs hom verbaas. Raak 'n mens dan later so gewoond hieraan dat deelname amper natuurlik voel? Hy wonder of hy 'n misdaadverslag oor homself sou kon skryf. Of hy entoesiasties 'n moordsaak kan volg as hy self die moordenaar is.

"Ons moet ontslae raak van ons hemde. Check hoe lyk dit. En syne ook," sê Henk. Hy skuif agtertoe op die sitplek en grawe vir iets in sy sakke. Dis als wat in die sakke van die dooie seun was: 'n dikgestopte seilbeursie, gewone Lip-Ice, 'n nat pakkie sigarette, stukkies papier en 'n plastiek-sigaretaansteker. Hy haal die goed versigtig uit en sit dit op die rubbermatjie agterin die motor neer. Die seun se T-hemp sit hy ook daar neer, sopnat, 'n donker knoets materiaal.

"Ons moet dit ook vernietig. Sy hemp en al sy goed."

Le Roux en Henk se hemde is besmeer van die bloed, donkerrooi en dik, gekoek met modder. Dit het iewers in die vlei gebeur, toe die seun uit die mat geval en die bloed, wat sedertdien in die holte van die mat begin opdam het, oor die twee draers gemors het toe hulle hom probeer terugsit.

"Ons moet dit verbrand, nie sommer net weggooi nie. Die beursie en goed ook. Maar voor dit moet ons ook skoon klere gaan kry. En dalk 'n warm stort ook vat, Stacy ook, anders gaan sy môre so siek wees soos 'n hond."

"Kom ons gaan dan sommer na my flat toe," sê Le Roux.

"Ja, dis die naaste. Dan moet ons ook nog jou kar gaan haal, want ek sal iets met myne moet doen. Ek kan nie so met die stukkende lig en bumper rondry nie."

"Wat gaan jy doen?"

"Ek ken 'n dude wat sulke goed regmaak. Hy sal nie vrae vra nie. As ons vanaand nog my kar daar by sy workshop kan gaan aflaai, kan ek hom net môre bel en organise. Hy werk van sy huis af. Sulke tipe ouens werk altyd van die huis af."

**01:45**

Wanneer hulle binne sig kom van die meenthuiskompleks, druk Le Roux die knoppie op sy afstandbeheer en die hek rol oop, só saggies dat die veiligheidswag nie eens wakker word waar hy in sy stoel lê en slaap agter die dik glas nie.

Hier en daar brand daar nog 'n lig, maar die kompleks is stil, die stil struktuur wat soos die res van die buurt gesig wegdraai van die reën, styf staan in die koue. Henk parkeer in Le Roux se genommerde parkeerplek onder die afdak.

Wanneer hy die ligte afsit, kyk hy vir 'n oomblik rond, maar daar's niemand in sig nie, niemand wat afgeëts staan en kyk uit 'n venster nie. Dis Vrydagaand, of dan nou Saterdagoggend – die wat elders in die stad partytjie, begin nou eers warm raak en dié wat tuis gebly het, is óf lankal aan die slaap voor die flikkeringe van hulle TV-skerms óf diep betrokke met hulle wederhelfte se dye en tonge, tepels en gate.

"We must do something about the worst of the blood and the mud before we get inside your house." Henk kyk na Le Roux, dan na Stacy.

"What do you mean?" Stacy leun vorentoe.

"Just to be safe. We can't wash the blood off here. They can find it," sê Henk.

"Wat stel jy voor?" Le Roux lyk nie lus om daaroor te dink nie.

"Weet jy nie van 'n plek nie?"

Le Roux laat sak sy kop. Die gimnasium by die sportvelde het buitestorte, maar mense is op die vreemdste ure daar; hulle durf dit nie daar waag nie.

"Stacy can just hose down her feet here. There's a hosepipe under the stairs there, we use it to wash our cars. She doesn't have any of his blood on her. Ons kan hier om die draai ry, daar's 'n ou kleuterskooltjie daar, en hulle het storte in die toilette. Die bergies gebruik dit."

"Sal daar nou bergies wees?"

"Heel moontlik. Maar hulle slaap op die voorstoep en die storte is agter. Hulle sal ons nie hoor nie."

"Right, let's go. Stacy, you can get out so long, we will be back as soon as we can. Make sure you hose all the mudd off your legs and then make sure the water runs down into the drain. Here's the key to my flat. We've got the gate remote, so we'll just come knock on the door for you to open."

"OK." Stacy klim uit met haar skoene in die een hand, haar bene nog so besmeer van die modder dat dit lyk asof sy dik bruin kouse aan het. Modderspore bly agter waar sy trap, maar die reën laat dit in onherkenbare patrone oopsprei.

Sy hardloop onder die trappe in, waar sy gou die tuinslang opspoor. Wanneer Henk en Le Roux sien sy het die kraan oop en begin haar voete afspuit, stoot hulle agteruit, swaai die motor om en ry weer by die hek uit.

Le Roux beduie en Henk volg sy instruksies.

"Ons sal die seat covers ook moet weggooi. En die vloermatjies."

Le Roux sit doodstil en beduie na die gehawende hek waar hulle moet inry.

"Hier. Parkeer agter, ry verby die stukkende perdjie."

Henk parkeer die motor op die sagte, nat gras. Wanneer hulle die ligte afsit, neem dit hulle 'n rukkie om aan die donker gewoond te raak. Daar is net een flou lig in die stukkende parkie, half verswelg deur die takke van 'n akkerboom.

"Kom, dis hier agter."

Dit reën nie meer hard nie, maar hulle is lankal reeds so koud en nat dat al twee se lywe begin bewe sodra hulle uit die motor klim. Daar is nie meer ligte wat werk in die badkamer nie. Dis vuil, met ontlasting wat in hopies rondlê, maar die krane werk nog, die water skiet vinnig uit die koplose stortpyp. Die toevoerpype ruk 'n paar keer. Dis natuurlik koud, want hier is lankal nie meer 'n geiser wat werk nie.

"Hou net jou onderbroek eenkant," sê Henk terwyl hulle beurte maak om hulle arms onder die sterk straal water te was. "Ons moet ons ander klere verbrand. Ons skoene ook."

Binne vyf minute is hulle skoon en trek bibberend hulle onderbroek aan. Henk spoor 'n plastieksak tussen die gemors in die een hoek op en stop hulle klere en skoene daarin.

"Kom."

Koud en stil ry hulle terug. Die hek gaan oop en hulle ry deur. Die wagte slaap vas. Wanneer hulle in Le Roux se parkeerplek stop, kyk hulle eers weer goed rond voor hulle net in hulle onderbroek teen die trappe uithardloop. Henk lui die deurklokkie, vinnig. Stacy maak gou oop en hulle storm bibberend by die deur in.

"What the hell?"

"We have to get rid of all our clothes and shoes too. Where are your shoes? Your dress should be fine, you didn't carry the body. But your shoes will have the mud on them."

"Fucksakes, they're expensive."

"Le Roux will buy you new ones."

"There they are." Stacy beduie na die kombuisvloer, waar haar skoene op 'n plastieksak lê soos 'n rare antropologiese vonds wat pas uitgegrawe is en nog nie presies geklassifiseer is nie.

Henk tel hulle op en druk hulle saam met die res van die kledingstukke in die ander sak. Die sak raak nou te klein en skeur aan die een kant oop.

“Waar’s jou swartsakke?”

“Hierso.” Le Roux stap self na die laai en rol een af. Henk stop als in die groter sak en knoop dit toe, dan sit hy dit by die voordeur neer.

“Ons sal dit nou-nou uitsort. Ek moet nou eers iets drink vir die koue. Waar’s daai brandewyn waarvan jy gepraat het?” Henk staan steeds net in sy onderbroek en kyk in die vertrek rond.

“Ek sê jou dis wyn.”

“En ek sê jou dis brandewyn, ek’t gekyk anderdag toe jy dit gekry het.”

“Daar in die hoekkas.”

Henk maak die kas oop en skuif ’n paar bokse weg tot hy die een kry waarna hy soek. Hy sleep dit versigtig van die onderste rak af en vou die deksel oop. Dis brandewyn. Le Roux kry gereeld drank of ander dinge present by plekke waar hy speel. As ’n mens gewoond daaraan is om sulke geskenke te kry dan kyk jy nie meer in die boks of dit wyn of brandewyn is nie, jy sê bloot dankie en beweeg aan na die volgende geleentheid.

“Jou mos gesê. Wil jy iets hê? Vir die koue?”

“Ja, asseblief. Gaan nou eers shower. Jy wil seker ook.”

“Gaan maar eerste, ek warm solank hier op met die brandy. Maar ek voel eintlik na ’n vuur. Hoekom het jy nie ’n fokken kaggel nie?”

“Meenthuise het nie kaggels nie. Skoorstene is duur. Vuur is vorige millennium. Dit besoedel. Daar is redes. Ons het nou net iemand doodgemaak. Hoe kan jy praat oor kaggels?” Le Roux praat oor sy skouer terwyl hy badkamer toe verdwyn.

Henk antwoord nie. Hy hoor hom nie óf maak asof hy hom nie hoor nie. Sy gesig skroef en ontspan en dan skiet hy die bottel se doppie eenkant toe en vat ’n groot sluk. Dit spoel soos warm vloedwater deur die nat gras van sy lyf.

Stacy is reeds in die badkamer. Wanneer Le Roux die deur oopmaak, stoot die stoom die koue gang in. Sy sit op die rand van die bad met die koue en warm kraan oop,

besig om haar bene te skrop. Hoewel sy die ergste modder buite afgespoel het, is daar steeds 'n bruin spoelsel wat aan die vlak kant van die bad versamel voordat dit omdraai en drein se kant toe gesuig word. Haar blink rok lê in 'n hopie op die toiletdeksel met haar oopgesperde handsakkie bo-op die bak, rooi teen die hospitaalwit.

Le Roux stap nader en vat aan haar kaal rug. Sy draai haar gesig na hom toe en onmiddellik weet hy wat sy gedoen het.

"Fokkit, another pill? That must be like your fifth one. This stuff will kill you."

"Whatever. Take one if you want. I know you like them. And fuck off, don't touch me."

Ondanks haar harde woorde lag haar tande en rol daar iets roekeloos in haar oë, wat heeltyd wil toeval. Sy buk weer af na haar voete en skrop daaraan met 'n rooi badborseltjie. Haar ruggraat span soos 'n soepel tak vol litte en Le Roux voel hoe sy kop begin styftrek van die jagsheid, deur al die verwardheid, deur al die getrippel van die dwelms wat nog deur sy liggaam roei. Hy gooi sy vuil kouse in die hoek waar 'n hoop wasgoed al vir langer as 'n week heenkome soek, trek dan sy onderbroek uit en klim in die stort.

Dis eers wanneer hy in die skerp badkamerlig sy hande nader aan sy gesig bring dat hy die bloed onder sy vingernaels sien. Die verrottende, moerassige reuk van die vleimodder hang skerp in die stoom rond terwyl hy sy naels begin skrop. Dan besmeer hy homself van kop tot tone met seep, was sy hare en skrop sommer met die borsel onder sy arms, agter sy nek en so ver teen sy rug af as wat hy kan bykom. Die byna kokende warm water laat hom veilig en tuis voel, al weet hy alles is gek daarbuite en dat sy lewe eintlik buite beheer is. Dis ook te laat, dit weet hy. Die krane draai toe in sy hande.

Le Roux klim uit en stap sopnat oor die vloer om 'n handdoek van die reling af te haal. Stacy het intussen die bad volgetap en lê roerloos daarin met net haar gesig wat bo die water uitsteek. Haar liggaam hang wit en gewigloos in die water, arms langs haar sye, hande met kneukels na bo. Blou aartjies versprei van haar saamgeklampte vingers teen haar arms op en verdwyn in haar nek, waar haar swart hare nou los dryf

in 'n fyn veegsel. Dis asof klein strepe miertjies onder haar vel marsjeer na hulle veilige nes, die huis van hulle koningin, in haar kop. Haar oë is toe en hy's nie seker of dit waterdruppels of trane is wat in hale teen haar slape en wange afloop nie. Sy oog val op die inhoud van haar handsak. Hy sien die wit koevertjie met pille raak, kyk of Stacy se oë nog toe is en vat dit. Hy vou die handdoek om sy lyf en stap na sy slaapkamer, waar hy skoon klere van die rakke afpluk, vir hom en Henk.

In die sitkamer het Henk die TV aangesit. Die klank is sag en oor die skerm hardloop mense op 'n manier wat aandui dat dit net rugby kan wees. Dis 'n oefening, spelers dra geel bippies en voer duikslae uit teen opgestopte blou kussings. Kort-kort is daar 'n skoot van die afrigter wat met sy arms gevou na die spelers staan en kyk. Hy lyk bekommerd.

Le Roux kom staan langs Henk en Henk hou 'n glas brandewyn na hom toe uit.

"Wat's dié?"

"Preview vir môre se game. Of vandag s'n dan."

"Argentinië?"

"Ja."

"Hoe laat is die game?"

"Agtuur ons tyd."

Le Roux vat 'n groot sluk van die brandewyn, wat dadelik sy lyf begin regruk. Dis nie sy gunstelingdrank nie, maar dit gaan nou lekker af. Vir 'n rukkie staan hulle en kyk hoe die voorspelers 'n skrummasjien boor, dan is die insetsel verby en hulle is terug in die ateljee, waar 'n donkerkopvrou se lippe beweeg en haar oë kort-kort knip. Haar kop maak die vriendelike bewegings van 'n TV-aanbieder wat die kuns daarvan ken om jou aandag te hou en dan word die skerm met 'n gholftelbord gevul.

"Kan ek maar gaan shower?"

"Ja. Stacy lê nog daar in die bad, maar sy't nog 'n pil gevat, so ek's seker sy sal nie worry as jy nou daar instap nie. Moet net nie te opgewonde raak nie. Ek't klere op my

bed uitgegooi, trek maar aan wat jy wil. Daar's iewers ekstra skoene ook in die kas, kyk maar wat vir jou pas."

Terwyl Henk in die rigting van die badkamer verdwyn, gaan sit Le Roux op die rusbank met sy brandewyn en die remote. Hy channel-hop tot hy weer op dieselfde sportkanaal beland, waar renmotors nou om 'n baan jaag. Dan sny dit weer terug na die donkerkop-aanbieder en agter haar linkerskouer verskyn 'n ou foto van Henk se pa, die renjaer.

Le Roux sit skielik regop en druk die klank harder. Blykbaar gaan die groot renbaan binnekort, op die tiende herdenking van sy dood, na sy pa hernoem word. Fokkit, dink Le Roux, dis ook al so lank terug gewees. Hy het vir Henk eers daarna ontmoet.

Die volgende brokkie is oor 'n jong tennisspeler wat iewers op die platteland leer speel het op 'n grasbaan wat haar pa self gebou het. Hy doen ook die dorp se gholfbaan, vertel hy nou op die skerm, dus het hy dit maar net soos 'n setperk benader. Gras is eenvoudig, jy rol dit net mooi plat. Daar's 'n skoot van die meisie in haar sweetpak wat met 'n dik tennissak oor haar skouer deur die vertreksaal van 'n lughawe beweeg asof sy nie bene het nie, maar vinne. Haar pa en ma waai vir haar. Sy waai terug. Dan is sy weg.

Met 'n geoefende duim druk Le Roux die nommer van 'n ander kanaal en die flitsende beelde van 'n musiekvideo sny deur die kamer.

Na 'n ruk hou die klank van water op uit die badkamer en Le Roux hoor vir Henk na sy kamer deurstap. 'n Paar minute later verskyn hy, van kop tot tone in van Le Roux se klere.

"Jy't darem maar lekker belaglike klere."

Le Roux kyk vir hom en lag.

"Dit lyk net kak op jou, want jy't g'n klas of styl nie."

"Nee, klas het ek, maar jou kak styl het ek nie nodig nie."

"Chicks dig it."

"Whatever. Gee my nog 'n sluk."

Le Roux hou die bottel brandewyn na hom uit en Henk vat 'n paar groot slukke.

"Jou pa was nou net op TV."

"Genuine? Wat, why?" Hy praat terwyl hy die drank in sy mond rondspoel, beduie met die bottel.

"Hulle gaan die racetrack na hom vernoem. Dis 'n herdenking of iets, dis mos nou al tien jaar."

"Nou ja, hulle weet obviously nie hy was bietjie van 'n doos nie. Racing is nie family values nie, dis for sure. Dis net business en tyres en babes. Kom ons ry. Ek wil ook in die bed kom."

"Waar bly die dude wat die panel-beating doen?"

"PJ is sy naam. Of so sê hy. Nogals ver, daar anderkant Ripon rond. Seker 'n halfuur se ry in hierdie weer. Maar ons moet eers jou kar gaan haal, obviously. Want jy moet agter my aanry om my terug te vat huis toe. So dis 'n uur of meer. 'n Mission."

"Fokkit, nou maar toe. Let's go."

"Wat van Stacy?"

"Sy sal fine wees."

Hulle staan op en stap voordeur toe. Le Roux haal twee reënjasse van die hakies agter die deur af en gee een vir Henk, wat die swartsak met die bebloede hemde op die mat neersit om die jas aan te trek. Syne is nie eintlik 'n ordentlike jas nie, maar 'n geel plastiek-poncho, so 'n dun ene.

Le Roux trek die kap van sy reënjas oor sy kop en dan gaan hulle buitentoe. Die reën val nou weer kliphard, en die parkeerterrein blink soos 'n swembad wat teen 'n opdraand uitgelê is.

**02:45**

Oral in die buurt is daar strate waar die ligte dood is. Waar stringe ligte moet hang, druk nou net donker, bewegende bome in die reënvlae in. Voor hulle begin afdaal na die hoofpad wat hulle om die heuwel van Diepwalle na die Weskus-snelweg vat, kan hulle sien dat groot blokke van die stad ook sonder elektrisiteit is. Henk ry stadig, want talle verkeersligte is buite werking.

Op die snelweg ry hulle verby twee ongelukstonele, elk met 'n ambulans, polisiemotor en twee of drie insleepbakkies daarby. Vir 'n sekonde flits die veelkleurige ligte oor hulle koppe. Dan kom die afdraai see se kant toe en vyf minute later is hulle op die Shark Tank se parkeerterrein. Die krag is hier nog aan en die plek is vol. Dit is asof niks verander het sedert hulle hier weg is nie. Almal het duidelik besluit om deur te druk tot daglig eerder as om nou in die gietende reën uit te gaan en die paaie aan te durf. Henk stop reg agter Le Roux se motor sonder om die enjin af te skakel.

"Het jy jou sleutels by jou?"

Le Roux vroetel reeds in sy broeksak. Hy vat dit raak en hou dit uit na Henk. Henk kyk verby hom in die rigting van die nagklub.

"Check net die mense."

Le Roux draai om, vee die wasem van sy venster af en kyk. Die Shark Tank is ook toegewasem, maar oral agter die glas kan jy figure sien beweeg, honderde. Almal dans, jy kan die musiek duidelik hoor klop hier van waar hulle sit, en nou en dan skiet ligte deur en om bene en arms of middellywe en word hulle duidelik teen die glasmure afgeëts. Skielik dans 'n strobe vir 'n paar sekondes oor die skare en dis asof daglig 'n duisend keer gebore word en sterf tussen al die liggame. Dan is dit verby en is dit die gewone geel en rooi en blou ligte.

Le Roux trek weer die reënkappie oor sy kop en spring vinnig by die deur uit. Terwyl hy besig is om sy deur oop te sluit, hoor hy iemand roep.

"Maanhaar! Maanhaar!"

’n Meisie staan twee karre van hom af, ook besig om haar deur oop te sluit.

“Hallo!” roep hy instinktief en probeer deur die reën kyk of hy haar herken. Sy kom na hom toe aangehardloop en val hom om die nek. Sy het net ’n T-hemp en ’n kort romp aan en hy voel haar nat lyf teen hom aandruk. Haar gesig is warm tussen haar los hare wat na rook ruik, en haar lyf pols opgewonde, seker heelaand gedans.

“Great gig vanaand, man! Dit was befok! Ek’t jou so lanklaas sien speel! Ek’t vanaand al my vriende saamgebring om te kom kyk. Hulle’s ook gewoonlik nooit die live musiek-soort nie, maar hulle was mal daaroor!”

“Dankie,” sê Le Roux en maak homself los uit haar hande, wat hom bly vashou aan die polse. “Wat ’s jou naam nou weer?”

Sy frons effens en sê dan, “Liz, ons’t anderdag by daai CD-winkel in die stad ontmoet. Onthou jy? Jy’t ’n signing gedoen en so ’n kort akoestiese gig en toe neem ons ’n foto saam?”

Le Roux onthou die gig, maar hy kan haar nie onthou nie. Hy knik. “O, ja, nou onthou ek. Luister, ek moet regtig gaan, dit pis van die reën.”

“Ja, ek stem. Goedgaan en sien jou weer een of ander tyd. Hoe doen die nuwe album?”

“Orraait, dankie. Check jou. Veilig ry.” Hy glimlag vir haar en sy draai om en draf terug na haar kar. Hy hoor Henk klop teen die binnekant van sy ruit en klim vinnig in sy eie motor. Dit vat onmiddellik en hy volg Henk by die parkeerterrein uit. Hy voel op die passasiersitplek rond en druk die eerste CD wat hy raakvat, in die speler se dun mondspleet.

Vir ’n driekwartier ry hy agter Henk aan. Plek-plek val die reën so hard dat hulle skaars sestig kilometer per uur kan ry, veral op die stukke pad waar die ligte almal af is. Selfs op die hoofweg is dit hier en daar net die katoë wat die pad aandui. Oral is daar nog ongelukke, een van hulle so vars dat daar nog nie eers ’n insleepvoertuig by is nie. Die aasvoëls kan dalk nie swem nie. Dalk is daar vanaand vir die eerste keer te veel botsings vir hulle, dink Le Roux. Henk trek nie af nie, so Le Roux se voet beweeg dadelik terug na die petrolpedaal en wanneer hy verby die motor ry, wat op sy

dak lê, sien hy vir 'n oomblik die liggaam van 'n man, half by die venster uit, met een arm op die nat pad asof hy stil lê en voel of die aarde 'n pols het. Die vensters is stukkend en glasstukkies kraak skielik onder sy bande. Dan is hulle verby en die ongelukstoneel verdwyn in die donker agter hom. In elk geval niks wat hulle sou kon doen nie.

Henk lei hom op so reguit 'n roete as moontlik, maar steeds voel dit asof hulle tientalle kere links en regs draai. Le Roux begin vaak word en sit die CD harder. Later ry hulle skaars stadiger by die stopstrate en verkeersligte, want die strate in hierdie buurte is byna verlate en waar die straatligte af is, is dit asof hulle in 'n spookdorp iewers op die platteland rondry, in 'n ander eeu van 'n ander realiteit, voor elektrisiteit. Asof hier nie mense agter hierdie mure en gordyne skuil nie, maar net die dooie, opgestopte stiltes en meubels van hulle agtergelate museums. Hulle ry nou byna reguit suid, met die ou stad iewers onsigbaar aan hulle regterkant. Hulle is reeds weer verby Diepwalle, wat nou agter hulle linkerskouers lê.

Die buurte waardeur hulle ry, is sonder pretensie. Hulle het name soos Dirko, Bronkhorst, Kadalieberg. Dit is huise met mure om, maar die mure is nie so hoog dat dit lyk asof hulle baie kosbare besittings hoef te beskerm nie. Dis mure wat gebou is om 'n hond binne te hou, of om ander honde buite te hou sodat hulle nie op jou gras kom kak nie. Baie van die huise lyk byna dieselfde, asof hulle in dieselfde era deur dieselfde kontrakteur gebou is, met dieselfde tipe stene, dieselfde dakteëls en dieselfde styl stoep. Ou regeringsbehuising, toe die regering ordentlike huise gebou het en nie kartonbokse met voordeure in nie. Daar is nie baie plante sigbaar nie, maar wanneer daar is, is dit kort, bonkige palmbome of stywe kusstruike met soutigheid aan die onderkant van hulle klein blaartjies. Geharde goed wat hierdie oneweredige weer en wind kan hanteer. Hier en daar maak grootblaarpotplante ongewone silhoeëtte waar hulle voosgewaaide blare deur stoeptralies reik, vraend vir aalmoese in ruil vir 'n kykie na hulle eksotiese fatsoene. Motors staan onder sinkplaatafdakke en skadunette, of op die sypaadjie met een wiel in die straat, want die sypaadjie is nie breed genoeg nie. Bedremmelde buurtkatte, uitgesluit vir die nag, skuil onder motors, 'n hond wat vlug vir die motors se ligte, ontmoet onverwags 'n ander een wat in 'n omgekeerde asblik snuffel, hulle oë blink vlugtig en dan draai hulle weg.

Uiteindelik, wanneer hulle Ripon bereik, ry Henk stadiger en word sy remligte groter soos hy plek-plek byna tot stilstand kom. Dit lyk asof hy die regte nommer soek. Waar dit vasgeklamp is in die asbakkie, gloei Le Roux se selfoongesig skielik. Dis 'n SMS van Henk: *smel net die regt no. kannie moni onthou.* 'n Effense glimlag vorm om sy mond wanneer hy dit lees. "smel" is "soek" en "moni" is "mooi" in SMS predictive text. Henk neem maar aan mense is op dieselfde planeet as hy. Dis eers 'n hele blok verder wanneer Henk stop en met sy linkerwiele op die sypaadjie parkeer. Na 'n paar sekondes sit hy sy ligte af, klim uit met die plastieksak in een hand, sluit sy deur en draf na die huis se voordeur toe. Daar is geen ligte aan nie en Henk haal net sy motorsleutel af, kyk rond of iemand hom sien, en laat val die sleutel in die posbus. Dan draf hy na waar Le Roux nog staan en luier.

"Right. Kom ons fokkof. Ek's nou poesvaak."

Sonder om iets te sê maak Le Roux 'n U-draai.

**04:00**

Henk skrik wakker wanneer Le Roux skielik skerp uitswaai vir iets in die pad. Die motor ry deur enkeldiepte water en dit maak 'n skeurgeluid onder teen die bakwerk. Vir 'n oomblik voel dit asof hulle gaan gly, maar Le Roux het kopgehou en genoeg spoed verminder. Dan is hulle deur die poel en hulle ry woordloos voort in die reën. Enkele minute later draai hulle by Kronepark in. Die straatjie waar hulle koopsentrum geleë is, is stil. 'n Paar motors staan geparkeer en hier en daar flits 'n foutiewe gloeilamp in 'n slaghuis of kafee. Vertoonvensters by klerewinkels is dof belig met vuil buisligte, die mannekyne stil en grys in pakke vir mans en vroue, wange ingesuig, oë hol, ore doof.

Henk tel die plastieksak by sy voete op sy skoot. "Ons moet nog hiervan ontslae raak."

"Waar?"

"Ek weet nie. Ons moet dit brand. Trek in by die petrolstasie."

Die vulstasie is net 'n blok verder. Le Roux toet liggies om die petroljoggie uit sy slaap te lig in die klein, koue blou hokkie. Hy vryf sy oë en kom vra by die spleet in die venster waarmee hy kan help. Henk sê vir Le Roux om te vra vir 'n tweeliterbottel petrol. Die petroljoggie stap stram terug na sy hokkie en kom te voorskyn met 'n leë Fanta-bottel. Hy druk sy elektroniese sleutel in die pomp en probeer die pyp in die bottel se nek af druk. Dan besef hy die pyp is dikker as die nek, hang weer die pyp op, gaan haal die tregter by die ander pomp en trek dan die sneller. Binne sekondes is die bottel vol, die vloeistof pienk bo en onder die pers plakker op die bottel. Le Roux draai sy venster heeltemal af, vat die bottel, gee dit vir Henk. Hy betaal met 'n noot en sê die petroljoggie kan maar die kleingeld hou.

Terug in die straat ry hulle vir nog drie blokke en dan beduie Henk dat Le Roux regs moet draai. Hier is dit nog donkerder, die straat wat vinnig tussen 'n paar pakstore verdwyn, duidelik net 'n dienstoegang vir die paar besighede hier. Enkele groot vragmotors staan neus teen stert styf ingeryg aan die een kant van die pad. Een voorhaker staan met sy kop vooroor oopgeslaan, binnegoed ontbloot, wagtend vir die hand van 'n neurochirurg.

"Stop hier. Shit. Het jy vuurhoutjies of iets in die kar?"

"Ja, check daar in die cubbyhole."

Henk maak dit oop en vat gou die boksie raak. Hulle klim uit. 'n Buitelig van een van die pakstore gooi genoeg van 'n gloed hier dat hulle duidelik die gebied om hulle kan sien. Henk stap na 'n hoop rommel in 'n hoek teen die draad, krap rond en trek dan 'n tienliter-verfdrom onder 'n stuk sagte karton uit. Die reën het vir die wyle hier oorgetrek, net nou en dan stuif daar 'n irriterende nattigheid uit die swaar kouefrontwolke waaruit daar van ver, asof dit hoog bo hulle is, die afgeleë klank van wind gehoor kan word, al waai dit nie veel hier waar hulle staan nie.

Henk, met die plastieksak in die een hand en die drom in die ander, stap voor en lei Le Roux na waar 'n nou bruggie oor 'n stormwater-afvoersloot staan. Le Roux dra die petrol. In die donker stap hulle versigtig teen die kant van die sloot af tot onder die beskutting van die bruggie. Die sloot is vol water en noudat die reën skielik stil is, raas die water hier naby hulle voete verby. Wanneer hulle oë gewoond raak aan die lig, is die bewegende massa duidelik sigbaar teen die oorgroeide sementwalle van die

afvoersloot. Plek-plek steek versuipte onkruidblare – breë gerimpeldes en kleiner stekelriges – bo die water uit.

"Kom skelm rook hier toe ek jonk was," sê Henk. "Hier was toe 'n ander bruggie. Hy't weggespoel. My tjommie Danie het hier naby gebly, sy pa was 'n polisieman. Daar was huise hier waar die warehouses nou staan."

Le Roux blaas warm lug in die holte van sy saamgeklampte hande in. Henk maak die verfblik stewig staan. Hy knoop die plastieksak los en skud die klere en skoene daarin uit. Dan skroef hy die Fanta-bottel oop en gooi die helfte van die petrol oor die klere. Die eerste vuurhoutjie vat nie mooi nie, maar wanneer hy die tweede een aansteek en ingooi, brand die vlamme byna oombliklik en hy staan 'n tree terug. Die gloed lek geel en oranje hale oor hulle gesigte en Le Roux staan outomaties nader met sy hande uitgestrek na die warmte.

Henk haal nog iets uit die plastieksak. Hy vou die jong man se seilbeursie oop en trek die los kwitansies en ander papiere een vir een uit en gooi hulle in die vuur.

"Wat was sy naam?"

Henk kyk na Le Roux en dan af na die nuutgelamineerde bestuurderslisensie in sy hand. Hy hou dit na die vuur om beter te kan lees.

"Hy was pas agtien. James P. Matheson."

"Fok. Net agtien?"

"Ja. Hy't laasweek verjaar. Dalk was hy nog in die skool. Of net uit."

Die vlamme in die drom brand nou hoër en die klam lug ruik skerp na rubber en leer soos hulle skoene begin smelt. Henk haal die jong man se pak plastiekkaarte uit sy beursie – 'n boekklubkaart, 'n filmklubkaart, 'n bankkaart, 'n telefoonkaart, 'n telefoonkaart van 'n oorsese land, 'n koffiewinkelkaart, 'n identiteitskaart vir iets – en laat val hulle saam met die bestuurslisensie in die sissende vlamme. Dan gooi hy die beursie en die ander los items wat in sy sakke was, agterna: papiere, Lip-Ice, die nat sigarette, die plastiekaansteker. Die aansteker ontplof liggies, na enkele sekondes.

Twintig minute later, toe die vuur al byna uitgebrand is, skop Henk die drommetjie in die bruisende vloedwaters in. Dit verdwyn geluidloos onder die bruin massa.

"Kom, nou wil ek genuine gaan slaap."

"Tell me about it. Sal die klere maar anderdag by jou terugkry."

**05:00**

Nadat Le Roux vir Henk buite sy woonstel afgelaai het, draai hy terug Diepwalle toe. Nie ver buite Kronepark nie begin die reën weer swaar uitsak. Die wind wat hulle vroeër gehoor het, waai ook nou sterk van voor. Kort-kort ruk die kar 'n halwe meter kant toe. Hoe nader hy aan Diepwalle kom, hoe harder reën dit. Dié keer ry hy versigtig om die poele water wat plek-plek in die strate opdam. Le Roux dink daaraan dat dit naweek is. Hy wonder of die munisipaliteit ooit in die oggend spanne gaan uitstuur om die stad weer te probeer regmaak. Dis boonop een of ander vakansiedag. Hulle sal iets aan die elektrisiteit moet doen. Al hierdie verstoppings sal ook skoongemaak moet word. As dit deur die dag aanhou reën, gaan dit chaos afgee. Almal wil mos iewers heen ry op 'n Saterdag, al is dit dan nou net om 'n fliek te gaan kyk of op en af te stap in winkelsentrums om na items in winkelvensters te staar. Mense volg gewoontes en gewoontes bly dieselfde.

Wanneer hy opdraai teen die bult, is die straat vol water. Dit kom soos 'n rivier teen die steilte af. Hy ry stadig tot waar hy links moet draai na die meenthuiskompleks en sien dan skielik opdrifsels in die straal van sy hoofligte. Hy kom heeltemal tot stilstand en ry dan aan die verkeerde kant van die pad óm die stompe, takke en rommel wat die water hier teen die sypaadjie vasgespoel het.

Dan sien hy wat die eintlike probleem is. Daar is 'n spoedhobbel in die pad, wat op enige gewone dag net 'n irritasie is – van hier af val die straat met 'n paar meter voordat dit weer baie geleidelik klim na die ingang van die kompleks, wat hy 'n paar honderd meter in die straat af kan sien, want die naambord staan helder verlig. Hy het dit nog nooit voorheen opgelet nie, maar net na die spoedhobbel, in die effense holte, is daar 'n paar groot stormwaterdreinroosters aan die onderkant, die linkerkant, van

die pad. Hierdie roosters is verstop en die water het begin opdam in die pad. Dit het genoeg begin opdam om in die straat waaruit hy pas gedraai het te begin afloop. Voor hom lê nou 'n diep poel water, hy skat naby 'n meter diep, en vier, vyf meter wyd. Steeds stroom die water van hoër op in die tydelike dam in. Daar is nie spasie op die sypaadjie om verby te kom nie en Le Roux weet dat hierdie die enigste straat is waarmee hy die kompleks kan bereik. Daar is 'n ander manier ook, maar dan moet hy weer heeltemal afry en aan die ander kant van die heuwel opkom, maar dis 'n ompad van ten minste drie kilometer.

Hy trek weer sy reënjas se kappie oor sy kop en spring vinnig uit. Noodgedwonge moet hy deur die water loop om by die blokkasie uit te kom, die modderwater sypel vinnig deur sy seilskoene en sy kouse word deurnat. Hy tel arms vol takke op. Tussenin is daar ook stukke veselglas, riete, blikkies, plastieksakke, verpakkingsmateriaal en kartonbokse. Hy gooi dit in die sloot af aan die linkerkant van die pad. Na 'n paar vragte sien hy hoe die water weer deur die stormwaterdrein begin trek. Hy wonder hoekom hulle nie sommer 'n dik pyp hier onder die pad deurgesit het nie. Dan sien hy daar ís 'n pyp, dit steek uit aan die onderkant, maar dit is ook seker verstop iewers. Hy buk nog 'n paar keer af en vat selfs 'n motorfietsbuiteband raak onder die water. Na 'n paar minute se gewerskaf klim hy druipnat terug in die motor. Die water het by sy moue en nek ingeloop. Hy sit 'n ruk met die motor se ligte op domp en kyk hoe die watervlak daal. Toe dit lyk asof dit omtrent skeendiepte is, ry hy stadig vorentoe in eerste rat, met effens hoë resolusies. Hy maak dit veilig deur, versnel vlugtig en druk dan die hekknoppie. Weer gly hy verby die hekwag sonder dat hy 'n oog oopmaak; al wat Le Roux in die verbygaan deur die venster sien, is die rooi liggie op sy handradiostel wat aandui dat dit besig is om te herlaai, regop in die voetstuk.

Wanneer hy sy motor parkeer, afsit en die ligte ook afklik, sit hy vir 'n volle minuut vooroor geboë met sy kop op die stuurwiel. In, in, in, asem hy. Dan klim hy uit en loop stadig teen die trappe op. Hy is reeds so nat dat die reën hom nie meer pla nie.

Binne die woonstel brand omtrent al die ligte nog. Die TV is steeds aan sonder klank. 'n Vrou is besig om deur 'n venster te spring met 'n pistool in haar hand. Die venster breek in duisende stukke, maar uiter geen geluid nie. Sy val en begin net opstaan toe

’n man met ’n masjiengeweer agter haar verskyn. Sy kyk om na hom met bloed op haar wang.

Die koordlose ketel staan op die tafel voor die TV. Hy stap badkamer toe en trek sy nat klere uit. Die bad is nog vol water. Hy steek sy vinger in. Dis koud; hy trek die prop uit.

In die stort staan hy eers eenkant toe met sy rug teen die glasdeur wanneer die water aanvanklik koud deur die pype kom. Wanneer die stoom van die teëls begin opslaan, klim hy in die gekonsentreerde reënbui onder die stortkop in asof dit ’n warm kombers is. Hy druk met sy arm teen die muur, sy oë toe, lyf vooroor geleun. Eers wanneer hy tien minute later die krane toedraai, kom hy agter dat sy neus weer gebloei het. Hy vryf sy neus, bolip en ken met ’n nat hand af, draai weer die koue kraan oop en spat sy gesig skoon. Dan beplas hy sy voorkop met ’n bietjie koue water – en nog ’n bietjie agter in die krul van sy nek.

Sy slaapkamer is deurmekaar. Oral op die vloer lê van die klere wat hy vroeër uit die kas geruk het vir Henk om uit te kies. Die bedlampie aan sy kant van die bed brand, maar dit staan met die gesig na die muur gedraai, asof die kamer se lig uit die maag van ’n skaam skulp straal. Hy druk die deur sag agter hom toe. Stacy se skraal figuur maak skaars ’n hobbel onder die dik duvet.

Le Roux gooi die handdoek wat om sy onderlyf gedraai was, eenkant op die deurmekaar hoop klere. Hy stap na die bed, draai die bedlampie se gesig terug en die lae hoek van die lig maak dat sy gespierde liggaam ’n verwronge, bultende skaduwee teen die plafon en oorkantste muur gooi. Hy lig die duvet se punt op, klim in en val swaar neer. Met sy linkerhand reik hy na die skakelaar en knip die lampie af.

Sy lyf is moeg, maar sy kop wil nie stil word nie. Hy kan nog die effek van die pille voel van vroeër die aand, wat nou ’n ewigheid gelede voel. Daar is iewers nog energie wat onrustig aan deure hamer. Nie ’n goeie idee om drankies te meng nie. Nie met pille nie. Nie met vrouens nie.

Stacy roer langs hom. In die donker draai hy op sy sy in haar rigting. Haar hand voel agteruit na waar hy lê, vat sy heup raak en vat-vat dan aan sy penis, wat hy nou eers besef reeds half styf is. Hy vou sy linkerarm om Stacy se lyf. Sy lê ook op haar sy,

met haar rug na hom. Le Roux voel haar stywe borste tussen sy vingers, waarvan die groot punte oor haar harde tepels tas, koeëls teen sy vel. Haar hand druk nou hard om sy penis en hy voel hoe dit dikker en dikker word. Met gemak druk hy haar teen sy lyf vas, sy los en gryp agter sy rug vas. Le Roux swaai sy been oor haar onderlyf en sit nou byna bo-op Stacy. Met al twee sy hande voel hy op met haar rug, die skouerbene wat geruisloos skuif onder die stywe vel, tot by haar los hare. Hy hoor haar 'n geluid maak, asem wat uitblaas. Sy hou met al twee haar arms aan die bed se kopstut vas, maar lê steeds op haar maag. Le Roux trek haar effens regop sodat haar rug terugbuig na hom toe. Wanneer sy regterhand nou om haar regterbors vou, klop dit soos 'n styfgespande spier. Hy vou sy linkerhand oor haar gesig, voel die fyn neus, die delikate oogbanke, vir 'n oomblik die koue fluweel van haar lippe en glastande, dan stamp hy sy reeds slymerige penis hard van agter tussen haar boude in. Met die tweede probeerslag dring hy haar binne. Hy druk sy hand styf oor haar mond en naai haar hard en stampend vir tien volle minute voordat hy sy penis uitpluk sodat die vlossende slierte van sy sperm oor haar boude en rug uitpols.

**10:00**

Iewers in 'n woonstel naby begin iemand gate in 'n muur boor. Die eerste probeerslag is onseker en hou halfpad deur op, asof die een wat die boorwerk doen, eers kyk of daar nie te veel pleister van die muur af loskom nie of gou dubbeld seker maak dat die skroef wat daar moet in, die regte grootte is deur dit vir 'n paar sekondes in die gat in te wikkel, dalk 'n pinkie indruk om te voel. Dan gaan die boordery voort, en dis nie lank voor daar 'n sekere ritme aan die geneul van die kragtige klein masjien is nie. Iemand boor baie gate vandag. Rakke word opgesit, ingeboude kaste en diefwering geïnstalleer, waterpype gekonnekteer. Iemand het uitgetrek en iemand is op die punt om in te trek. Almal wil altyd iets verander, hulle merk laat op hulle nuwe eiendom.

Le Roux het met die eerste boorslag al wakker geword, maar 'n dik verekussing oor sy kop gedruk. Wanneer die gehamer begin, skree hy hard in die muilband van die kussing in, spring dan op en gooi die kussing teen die oorkantste muur, waar dit byna sy geraamde platinum-debuutalbum tref. Die kussing kom tot ruste op van die

opgefrommelde klere wat sy slaapkamervloer bedek soos nagemaakte lyke in 'n oorlogfliek.

Skielik trek sy gesig van die pyn en hy slaan sy hande om sy kop waarin sy toegeknypte oë en verrekte vel skielik gisteraand se drank en pille onthou. Vir 'n paar sekondes voel dit asof iemand 'n sweisstok teen sy brein hou en die witblou hitte 'n aar oopbrand. Hy voel hoe die warm bloed stadig, soos 'n veldbrand, onder sy skedel kruip, by sy ore uitvloei, by sy neus uitstroom, oor sy gesig en ken afdrup, in 'n oogwink die kamer tot skouerhoogte vol warm vloeistof druk. Dan kom die energie terug van iewers af, verdamp die gesmelte plastiek oombliklik en slaan die sweet onder sy oë uit. Hy maak sy oë weer oop en hy begin wakker word in stukke, asof die kamer om hom bestaan uit die oopgevoude kaarte van 'n nuwe aarde, met 'n droë wind uit elke hoek daarvan.

Hy onthou skielik van Stacy en kyk terug na die bed, maar haar kant is leeg, die lakens en duvet als na sy kant getrek, haar kussing op die vloer langs die bed. Hy maak die slaapkamerdeur oop en stap met sy voete diep in die matte na die sitkamer, die koue, sagte vesels wat soos sintetiese modder deur sy tone vroetel. Die gekap en gehamer is nou harder en Le Roux kan hoor dat dit uit die woonstel direk langs hom kom.

Stacy lê opgekrul op die roomkleurige rusbank, haar donker hare wat in 'n oopgespreide spreeuvlerk oor die ronding van die kussing sprei. Sy het een van sy T-hemde aan. Dit is hopeloos te groot en, omdat sy met haar knieë teen haar bors opgetrek lê, het sy die hemp bo-oor haar knieë getrek. Haar arms kom nie by die moue uit nie, maar is ook binne die hemp en staan soos 'n enkele lit uit onder die dun wit hemp waar dit om haar bene vasklou. Sy lyk soos 'n wit wasgoedsak wat jy met gemak badkamer toe sal kan sleep.

Skielik sluit nog iets – 'n elektriese saag of 'n angle-grinder – aan by die geraas van langsaan. Le Roux kyk na sy TV wat teen die muur van die aangrensende wooneenheid staan. Die skerm vibreer en die DVD-speler beweeg ook sigbaar.

"FUUUUUUUCK!" skree hy hardop, maar hy kan homself skaars hoor. Stacy lê net daar, haar oë nog bottoe, toegeknyp. Le Roux stap na die DVD-speler, druk eject en wag dat die skyf uit kom. Hy sit dit onderstebo bo-op die speler neer en krap tussen

die stapel CD's daarnaas rond. Hy druk 'n nuwe CD in en draai die volumeknoppie tot op maksimum.

Hy is nog steeds sonder 'n draad klere en gaan sit op die tafeltjie voor die rusbank met sy kaal boude op die glasblad en skud Stacy aan die skouer. Sy maak haar oë oop om aan te dui dat sy wakker is, maar sê niks. Die musiek, wat uit verskeie luidsprekers in die vertrek geblaas word, begin nou momentum opbou. Die harde rockkitare wat deur die plaat se vervaardiger in lae opmekaargesit is. Later klink dit asof daar dertig kitaarspelers in die vertrek is. Die tromme en baskitaar is iewers in die vloer en smelt plek-plek perfek saam met die gehamer van langsaan.

"ARE YOU ALRIGHT?" Le Roux leun effens vooroor sodat hy nader aan Stacy se oor kan praat. Sy kyk hom net aan, met 'n klein frons op haar voorkop, asof sy hom óf glad nie kan hoor nie óf dink dis so 'n simpel vraag dat sy nie eens gaan probeer antwoord nie. Hoewel die gordyne toegetrek is, is dit lig in die vertrek. Duidelik het dit opgehou reën en is nou oopgetrek. Le Roux sien die fyn kreukels op Stacy se gesig, die klein kepies om haar mondhoeke, die effense kringe onder haar oë, die droë bloed op haar bolip waar sy haarself gesny het tydens die ongeluk, die gekneusde neusbrug waar hy haar geslaan het.

"I'M SORRY I HIT YOU!"

Sy kyk uitdrukkingloos na hom.

"I'M SORRY!"

Die punte van haar linkerhand se vingers kom by die nek van die T-hemp uitgevroetel. Skielik is hy weer bewus van die ou litteken oor haar keel, die motorongeluk van jare gelede. In die sagte lig is dit 'n donker lyn waaraan haar vingerpunte nou onwillekeurig raak. Dan is die hele hand uit, die gewrig en deel van haar voorarm. Met een en 'n halwe vinger raak sy aan haar lippe, asof sy Le Roux uitnooi om haar daar te soen. Hy weifel vir 'n oomblik, maar leun dan verder vooroor en gee haar 'n sagte soen op haar stukkende mond. Hy trek terug. 'n Klein glimlag vorm om haar mond, maar dit twyfel, flikker twee keer en verdwyn dan.

Le Roux staan op en kry sy arms onder haar lyf in. Al is sy lig, sukkel hy nogtans om haar op te tel, want sy is nog altyd in 'n klein bal gerol. Sy kry haar regterarm nou ook by die wye hempsgat uit en klou daarmee om sy nek vas terwyl hy haar terug slaapkamer toe dra.

Hy sit haar versigtig op die bed neer en maak die deur toe. Die geraas van die bouery is nou minder en die musiek buffer dit verder in die kamer en gang tussen hulle.

"Would you like something to drink? I think there's juice."

Stacy knik. Le Roux stap deur kombuis toe met sy hande oor sy ore. Hy laat een los wanneer hy die yskasdeur oopmaak en haal 'n boks vrugtesap uit. By die wasbak moet hy noodgedwonge die ander hand ook laat los om twee skonerige glase op te tel.

In die kamer gaan sit hy aan sy kant van die bed en gooi die twee groot glase halfvol met die gelerige sap. Die gordyne is nog toe en die sagte lig val eweredig deur die vertrek. Stacy sit nou regop teen die kop van die bed met 'n kussing agter haar lyf ingedruk, haar kniekoppe bultende skulpdiere, voete kruisbeen tot byna onder haar boude ingedruk. Sy neem die sap by hom en drink 'n paar groot slukke. Le Roux sit met sy kaal rug na haar, sy gesig na die venster. Hy probeer homself indink hoe die prentjie sou lyk as jy 'n foto van daai kant kon neem. Iets uit 'n tienerfliek, miskien, met 'n dwelmtema. Die tipe toneel waarmee die regisseur jou waarsku dat hierdie net 'n kort tussenpose is, die storie nog lank nie verby nie. Hy lig die glas van sy bobeen af op en wanneer dit aan sy mond raak, sluk hy. Hy mors 'n bietjie en dit drup by sy ken af. In sy kop voel dit asof iemand besig is om die voue en kepe en growwighede met fyn skuurpapier, waterskuurpapier dalk selfs, te probeer fatsoeneer tot iets anders, iets meer vaartbelyn, glas.

Hy draai om na Stacy toe. "How do you feel? I feel like shit."

Sy sê niks.

"I will take you home just now. Do you want to take another bath?"

Sy skud haar kop. Skielik speel die musiek alleen in die wooneenheid, al die elemente van die geraas langsaan wat skielik tot stilstand kom. Le Roux staan op, gooi wat oor is in sy glas by sy keel af en stap na die deur.

"I am going to make some sandwiches. We must go soon. I have a signing after lunch sometime."

In die kombuis bekyk Le Roux die brood in sy hand eers skepties, maar besluit dan dis nog vars genoeg vir toebroodjies. Hy sny 'n paar skywe kaas en maak konfyt-en-kaas-toebroodjies. Hy vat 'n hap. Die brood is tog eintlik 'n bietjie hard. Vreemd dat brood so hard kan word, maar nog nie begin muf nie. Hy wonder wat hulle deesdae in die brood sit om dit so lank te laat hou. Hy druk twee nuwe snye in die toaster. Terwyl hy wag dat dit uitspring, begin die gehamer langsaan weer. Gelukkig is dit net die gehamer, dink hy. Hy stap na die DVD-speler en draai die musiek 'n bietjie sagter. Hy kyk rond vir die remote, maar sien dit nêrens.

Hy smeer margarien op die warm brood en dan grondboontjiebotter en stroop bo-op die een sny en nog kaas en konfyt op die ander een. Hy druk nog twee snye in en stap solank kamer toe met die bordjie brood.

Stacy sit nog presies soos sy gesit het.

"Here. Dunno what you like or not." Hy sit dit op die bedkassie aan haar kant neer.

"I have some clothes that might fit you better."

Le Roux stap na sy kas toe en krap vir 'n ruk rond. Hy gooi 'n T-hemp op die bed langs Stacy neer. Na 'n ruk kry hy ook 'n sweetpakbroek wat kleiner lyk as sy gewone grootte, maar nog steeds te groot sal wees vir haar.

"I'm afraid that might be the best options. Your dress is still in the bathroom." Dan val sy oog skielik op iets in die klerekas. "Hang on, you can take this. Some other girl left it here once."

Dis 'n sweetpakbroek van Melanie wat sy al 'n paar maande gelede hier vergeet het en nog nooit weer saam met haar huis toe gevat het nie. Sy sal dit nie mis nie, en as sy vra, sal hy sê dit het weggeraak by die laundromat.

Stacy vat een hap van die sny met die konfyt en kaas op en sit die bord dan weer eenkant. Haar glas is leeg. Le Roux begin nou self ook aantrek. Voor hy 'n gepaste

broek kan opspoor, onthou hy skielik van sy roosterbrood en stap weer deur kombuis toe, voetstappe byna presies in ritme met die gehamer van langsaan.

## 11:00

Le Roux was nog net enkele kere by Stacy se woonstel in die stad, maar selfs al was hy net een keer daar, sou hy dit steeds maklik kon opspoor. Op pad verwonder hy homself aan die pragtige weer. Die son skyn uit die blou, glashelder lug. Daar is net 'n paar wolke op die horison na die ooste. Die front is aan die wegsmelt, met die vag wat dunner word soos dit oor die res van die hoërliggende binneland trek. Hy kan nie onthou wanneer laas die lug so skoon was nie. Selfs teen die weskuspad op, waar die fabrieke die horison toestaan met hulle ongenaakbare buitelyne. Agter hulle, in sy truspieëltjie, is die eerste linie berge na die binneland duidelik sigbaar.

Tussen hier en daar lê die satellietstede, elk met groot winkelsentrums, skole, sportstadions en industriële gebiede. Dis vreemd om te dink dat die grootste deel van sy lewe in hierdie klein gebied afgespeel het. Die berge weet nie eens van hom nie. Hulle is die harde permanensie van die aarde, die been onder die vleis. Maar selfs hierdeur is al lankal tonnels geboor; nie lank terug nie het hulle nog 'n paar tonnels gegrawe sodat voertuie met groter gemak die kusvlakte kan ontsnap noorde toe, in dubbelbane.

Oral is tekens van die vorige nag se swaar reën. Die afvoerslote bruis steeds bruin van die vloedwater, maar dit het al op die meeste plekke gesak, 'n mens kan sien waar die opdrifsels lê. Die paaie is ook nog nat, veral waar die dreinering swak is. Hier en daar is munisipale werkers in geel reënpakke besig om opruimingswerk te doen. 'n Man met 'n kettingsaag is besig om 'n groot populierboom in kleiner stukke te saag sodat dit weggery kan word van waar dit 'n verkeerslig platgeval het. 'n Paar mense staan daar rond en kyk; dit lyk soos die man in wie se erf die boom gestaan het. Sy muur is heeltemal platgeval. Sy kinders geniet die geleentheid duidelik. 'n Klein dogtertjie ry met 'n driewiel om en om 'n boomstomp en 'n jong seun jaag 'n hond met 'n tak.

Aan die rand van die ou stad, waar hulle die spoorwegstore die laaste paar jaar in wooneenhede begin omskep het, lê 'n groot geel bouperseelhyskraan op sy sy. Die

gebou waaraan gewerk is, het deels inmekaargestort. Die gebied is afgekamp en oral staan mense rond met veiligheidshelms op hulle kop en hande op die heupe. Twee mans stap in verskillende rigtings weg van die groep af, selfoon teen die oor, hande wat die dilemma verduidelik.

Le Roux draai sy venster af om beter te kan sien. In, in, in. Die vars lug laat hom beter voel, maar nou en dan is dit steeds asof iemand sy longe omgedop het. Die een oomblik is hy kortasem, dan is hy weer rustig. Hy kyk na Stacy. Hulle het nog glad nie 'n woord gesê vandat hulle by die meenthuis weg is nie. Sy dra 'n groen T-hemp van hom wat uit sy hoërskooldae dateer. Voorop staan net "15". Dit laat hom dink aan die rugby later vanaand. Hy sal moet plan maak om saam met Barney of Henk te kyk. Dis asof haar gesig effens vaag word. Sy begin huil. Trane loop sonder snik by haar oë uit.

Regs van hulle styg drie helikopters gelyk op uit die hawe en draai dan in drie verskillende rigtings wanneer hulle die regte hoogte bereik.

Hy parkeer agter haar gebou. Sy klim uit en buk terug in die motor in om haar handsak en opgefrommelde rok te vat. Sy is kaalvoet; niks van Le Roux se skoene was naastenby haar grootte nie. Haar klein lyf is heeltemal ingesluk deur die groot sweetpakbroek. Sy maak die deur te sag toe en Le Roux slaan dit weer van binne af toe en druk die knoppie in. Hy stap agter haar aan met die buitetrappe tot op die derde vloer.

Stacy sluit die kombuisdeur oop en hulle gaan binne. Sy stap deur na die hoofvenster in die sitvertrek en trek die gordyne oop. 'n Blok sonlig val direk oor die meubels, wat skielik weer die vorms aanneem wat jy van hulle kan verwag. Le Roux gaan sit. Hy was nog nooit in die middel van die dag hier nie. Die paar aande dat hulle hier seks gehad het, was boonop altyd aan die einde van 'n vreeslike gedrinkery of gepop van pilletjies. Alles lyk nou vir hom effens meer afgeleef as wat hy onthou.

Stacy gaan sit oorkant hom in die rottangstoel. Haar hande is inmekaargevou en hang tussen haar knieë.

Sy is gebore hier in die stad. Laerskool en hoërskool in die middestad. Die strate vol nagklubs, kroeë, dansplekke en restaurante was op haar voorstoep. Nou nie dat hulle

ooit so iets soos 'n stoep gehad het nie. Sy en haar ma het maar altyd in woonstelle gebly. 'n Kleintjie, toe 'n grote, toe een met 'n mooi uitsig, toe sommer net nog 'n woonstel, hierdie een.

Dis in die strate van die middestad – eintlik maar 'n klein deel as jy dit op 'n kaart bekyk – waar sy geleer het om vir haarself te sorg toe haar ma skielik dood is. Sy was maar vyftien. Haar boetie het sy nooit eens geken nie, nugter weet waar hy vandag is. Sy was sewe toe haar ma hom gehad het, wéér was die pa een of ander nuttelose man wat blykbaar net kon naai en dwelms verskaf. Soos haar eie pa, ook 'n onbekende, 'n gesiglose met die vermoë om voort te plant. Die teenoorgestelde van 'n entiteit. Die maatskaplike werker het 'n paar jaar gelede weer gesê haar boetie wil geen kontak met haar hê nie, so hy't seker 'n lekker ryk familie iewers in die noorde gekry, dalk selfs oorsee. Dit maak nie meer saak nie. Tog wonder sy soms hoe hy lyk.

Die maatskaplike werker het geweet van haar ma se dwelmverslawing, sy het nou en dan probeer intree, maar Stacy het altyd geweier om haar ma te verlaat. Toe sy dood is, het sy vir 'n ruk saamgewerk, die maatskaplike werker het 'n jaar lank by haar in die woonstel gebly. In daardie tyd het Stacy harder as ooit gewerk op skool sodat die maatskaplike werker gerus kon word oor haar.

"We Fail", dis wat haar ma teen die muur geskryf het met 'n dik koki-pen voor sy die sneller getrek het. Niemand het eens geweet sy't 'n geweer gehad nie. Stacy het geweet haar ma was fucked-up, maar sy het nie dít verwag nie, nooit die bokser sy vuis sien terugtrek nie, nooit die hou sien kom nie, dit net gevóél. Selfmoord het die manier om tientalle mense teen die grond te gooi, die wat die naaste aan die dooie was, maar nie kon sien wat aan die gebeur was nie.

"What do you want?" vra sy, en dis die eerste keer dat sy regtig iets sê vandag, dus is haar stem nog krakerig en onvas. Sy kyk nie vir Le Roux nie, sy kyk vir die prent teen die muur agter hom. Dis agter daardie prent, van 'n Clydesdale-perd wat swaar ploeg aan 'n land, waar haar ma "We Fail" teen die muur geskryf het. Stacy het die vertrek lankal met 'n nuwe laag en nuwe kleur uitgeverf, maar sy kan dit nog altyd daar sien staan, dit voel, ongeag waar in die vertrek sy ook al staan.

Le Roux weet nie mooi wat om te sê nie. "What do you mean?"

"After last night? What do you want from me?"

Hy skuif ongemaklik rond. Sy eie kop kan nog nie lekker aan die vorige aand se gebeure dink nie. Daar is te veel. Die reën en donker het alles onwerklik gemaak. "Uhm. I suppose we just have to keep quiet about the whole thing."

"Yes, I know. It's fucked-up. Your friend Henk is psychotic. We are all murderers."

"We are not. Don't say that. Please don't say that."

"We are. I want you." Haar stemtoon verander skielik, sy klink skielik onseker, tastend.

"What do you mean?"

"I will keep quiet about everything, but you must promise to never leave me. Fuck that girlfriend of yours. Leave her. You will need me to keep you sane. And I might need you."

"I think we will drive each another insane."

"I want you and you have no choice. You fucked me over. Now... now I have something startling to tell you."

Le Roux sit verdwaas daar. Hy probeer onthou of hy al ooit die woord "startling" in informele geselskap gehoor het. Hy kyk na haar, vraend.

"I have always loved you, Le Roux. You probably suspected this, or knew it and just ignored it, because that's the kind of person you are. I know you just see me as a harmless groupie, a fuck, but I've always been more. Now that we are bound by something else... and it's something terrible... this is what will keep us together. You have given me no choice and I will give you no choice either. You must only promise to love me back. It's not difficult. I already love you. It's a fucked-up love, but it's love nonetheless. Think about it."

Le Roux staan gedwee op.

"Can you just give me your number again?"

"You have it, I've SMSed you so many times."

"Yes, I know, but I haven't saved your number or any of the messages. You never know when a girlfriend starts going through your inbox."

"Seems like you've been there."

"You could say that."

Stacy lees vir hom haar nommer en hy tik dit met sy regterduim in. Hy kyk op na haar.

"I know this is a stupid question, but what's your surname? I don't think you've ever told me?"

"Plummer. I told you a long time ago, but that's just drugs and booze for you. Two Ms, not a 'B'."

"Thanks."

By die deur draai hy om. "I'll get my clothes from you later."

Stacy knik, en in die lig lê die buitelyne van haar vroeëre trane fyn oor haar wange. Haar oë is onderstebo damme. Le Roux stap terug na haar en gee haar 'n soen op die voorkop. Dan draai hy om en verlaat die woonstel sonder om terug te kyk.

Wanneer Stacy niks meer kan hoor nie, nie 'n kar nie, nie 'n hond nie, nie duiwe buite nie, niks, staan sy op en stap badkamer toe. Sy trek die T-hemp uit, dan die sweetpakbroek, dan haar panties. Sy kyk na haarself in die vollengte spieël, lig haar hand na die kneusplekke aan haar gesig, talm op die ou, dik sny aan haar keel. Dan breek die damme in haar oë.

**14:00**

Le Roux tel sy foon op en druk die groen knoppie. Outomaties skakel dit Henk se selnommer. Dit lui ses keer voor Henk optel. Hy klink nog deur die slaap.

"Yes."

"Sorry man, slaap jy nog?"

"Ja. Fok. Ons moenie te veel hieroor praat op die telefoon nie."

"Ek weet. Wou net check of jy OK is."

"Wel, fokken obviously nie. Maar keeping it together, I suppose. Jy?"

"Weet nie mooi nie. Voel elke nou en dan asof ek nog steeds dronk is en niks hiervan regtig gebeur het nie."

"Wel, dit het."

"Ja. Jy al iets gehoor van jou kar-dude?"

"Ja. Hy't al so tienuur vanoggend gephone. Sê dis no problem, hy sal my kar so teen Dinsdag gereed hê."

"Het jy Maandag 'n lift nodig werk toe?"

"Dit sal gaaf wees, ja. En Dinsdag om my kar te gaan haal weer. Hoe laat is dit nou?"

"So twee-uur, seker."

"Wat maak jy vandag?"

"Signing later vanmiddag. Andersins not much."

"Good luck, ons praat later weer."

"O ja, wag – watse vakansiedag is dit vandag?"

"Not a clue."

"Mmm. Sal ons rugby check vanaand?"

"Ek weet nie. Fok, ek weet nie of ek sommer net rugby kan kyk nie. Dalk."

"Ons praat maar weer."

"Right, bye."

**16:00**

Kevin wag reeds ongeduldig voor die CD-winkel, 'n onaangesteekte sigaret wat tussen sy vingers rondspeel.

"I suppose no-one else is coming?"

"Of course not. Barney SMSed. He says he's got car troubles." Kevin slaan nie eens ag op Le Roux se wit leuen nie. "The other two... you know, we should put it into the session guys' contracts. Otherwise they'll never bother."

"It's OK," sê Kevin. "The most important thing is that you are here. People generally don't give a fuck about the rest of them anyway. It's you they all wanna fuck. You're the poet with the guitar. You've got the hair. Get in there so long, I need to smoke this fucker or I'm going to... fuck knows what."

Davis het goeie werk gedoen. In die agterste hoek is daar 'n klein verhogie, groot genoeg vir drie musikante op die meeste, sonder 'n tromspeler. Van die rakke is weggeskuif sodat meer mense in daardie deel van die winkel kan staan. Antonio, Le Roux se gereelde klankman, het reeds die akoestiese kitaar reggesit, die mikrofoon op die regte hoogte voor 'n stoel.

Nadat hy paar plakkate en CD's geteken het, gaan sit Le Roux op die verhogie en maak seker of sy kitaar reg gestem is. Hy maak solank grappies met die gehoor, wat nou tot sowat honderd mense aangegroei het. Glad nie sleg vir 'n Saterdagmiddag nie. Agter hom hang 'n massiewe banier wat sy nuwe album adverteer. Dis 'n swart-en-wit foto van homself wat deur 'n bewolkte, winderige stadstoneel beur. Hy dra 'n vuilerige baadjie met opgeslane kraag wat die stilis by die welsynswinkel gekoop het. Hy hou sy hand naby sy mond met effens gespreide vingers, asof hy op die punt is om 'n sigaret tussen sy lippe te plaas, wat in der waarheid die geval was, maar na 'n geveg met die platemaatskappy het hy en Kevin ingegee en iemand het die sigaret op 'n rekenaar verwyder. As 'n mens mooi kyk, kan jy nog die effense rook net regs van sy kop sien dwarrel, maar dit lyk andersins soos 'n triestige vlagie reën in die verte.

Die wind druk sy hare na die regterkant, met 'n paar slierte wat oor sy voorkop gewaai het. Die fotograaf het 'n vlak fokusdiepte gebruik sodat die agtergrond vinnig vervaag. Die groot grein van die oorspronklike film is nou so groot soos die knobbels in 'n gholfbal op die banier, en vanwaar hy sit, is dit so uit fokus dat hy net die knobbels kan sien en hom maar moet verbeel dat dit van 'n afstand af soos hy lyk. *Kenne in die lug* – die album se naam – staan in groot rooi letters bo aan die banier met sy naam daaronder en, in kleiner druk, *& Die Drie Gewels*.

Hy sing vyf liedjies wat op die nuwe album verskyn. Dis 'n rustige skare, sonder die verleiding van 'n nagklub se drank en donker hoekies om hulle enigsins op te ruie. Hulle klap bloot tussen liedjies beleefd hande met net 'n paar wolwefluite van agter en meisies wat deurentyd "Maanhaar! Maanhaar!" uitroep, ingeval hy dalk breinskade het en nie kan onthou wat sy naam is nie. Daar is ook gesinne met klein kindertjies, dus sing Le Roux niks van sy liedjies met vloekwoorde in nie. Hy probeer om niemand in die gehoor in die oë te kyk nie, maar dis moeilik, want hy het ook nie 'n kollig waaragter hy met geknipte oë kan wegkruip nie. Elke keer wanneer hy per ongeluk oogkontak maak met iemand, voel dit asof hy wil opgooi. Kort-kort skiet 'n naarheid by hom op. Hy glimlag strykdeur.

Vir 'n driekwartier na die tyd sit hy en handtekeninge uitdeel en gesels met van sy fans. Uiteindelik begin die winkel leër raak en Davis en van sy werkers begin die rakke weer terugskuif na hulle oorspronklike posisies. Twee jong meisies gesels met Davis en beduie na die groot banier. Le Roux stap nader wanneer hy sien Davis beduie na hom.

"They want to know if they can have the big banner."

"I don't mind. If you won't need it for any in-store usage, they can take it."

"Nah, it's too big for the front windows. I've got those other hanging posters and stuff for that. This will just be rolled up and put in the storeroom."

Opgewonde bedank die meisies vir Le Roux en Davis en begin die banier losmaak. Hulle staan op van die plastiekstoele wat uitgesit was, maar kom steeds nie mooi by nie. Hulle trek nou al twee hard om die boonste punte los te kry. Skielik skeur die banier van bo in die middel af tot byna twee derdes deur die foto. Afgehaal kyk die

twee meisies na die banier, haal dit dan tog af en begin dit oprol. Dalk kan hulle dit nog vaswerk, want anders het die een die helfte met Maanhaar op en die ander een het net die uit fokus stadstoneel.

Le Roux voel nog steeds naar. Hy maak nog 'n botteltjie mineraalwater oop wat Kevin van iewers te voorskyn bring. Hy stap na die agterkant van die winkel waar hy weet die personeeltoilet is. Die deur is gesluit, dus moet hy weer terugstap om die sleutel by Davis te kry.

"You don't look too good," sê Davis.

"No shit, man. Must've eaten something weird."

Le Roux maak dit net betyds na die toilet. Hy buk af en gaan sit op sy knieë en kots 'n geel vloeistof in die bak uit. Die soet suurreuk slaan in sy neusgate op en hy voel die branderige slym by sy neus uitloop. Nog drie keer braak sy lyf vorentoe, dan staan hy op, blaas sy neus 'n paar keer en drink die res van die bottel water.

Kevin staan en gesels met 'n korterige jong vrou, sy lyk niks ouer as 25 nie. Haar hare is blond gekleur en staan op die modieuse graspol-wyse punt in die wind. Sy dra 'n swartraambril waarbinne haar oë wakker rondbeweeg, asof sy op soek is na nuwe modegiere in haar randvisie.

"This is Janine," sê Kevin en Le Roux gee haar hand 'n ferm druk. Sy druk ewe ferm terug en glimlag met gladde tande van agter donker lipstiffie terug. Sy het 'n eerlike kuiltjie. "She's from that teenage magazine, *Trinity*. It's not scheduled, but she was wondering if she could do an interview with you. Now, but with photos for later in the week. I think your Tuesday looks good for that."

"Shouldn't be a problem. I've got half an hour or so. Are you English or Afrikaans?" vra Le Roux, want hy het reeds iets in haar aksent opgetel.

"Afrikaans gebore, tainted by English."

"Ek weet wat jy bedoel. Die taal van die antichris, maar nou ja, iets moet die medium wees, and it might as well be English. Wil jy dit oor 'n koffie doen? So lief as wat ek

vir Davis is, is ek nou gatvol vir die binnekant van sy winkel. En ek het vars lug nodig."

"Goed."

Kevin het reeds sy sak oor sy skouer en 'n paar rolle plakkate onder die arm. Hy is besig om te vroetel na sy sleutels en verskuif die gesig van sy kar se CD-speler van die een hand na die ander om beter te kan voel in sy broeksak. Dis een van daardie skaatsplankryerbroeke, dus is die sakke groot en nugter weet wat Kevin als daarin het.

"Will you be cool? I 've got to rush off, got dinner with my babe. Talking of which, where's Melanie?"

"She's gone up the coast to her parents' place for the weekend. She's coming back late tonight, working tomorrow."

"Right. Would be nice if she can come to more of these things. You know I like what she looks like."

"Sure. I mean, she'd have been here today otherwise. Her shop is right there." Le Roux wys oor sy skouer na waar die boetiek is waar Melanie die bestuurder is, al weet hy Kevin weet.

"Yeah, I know. Check you tomorrow. See if you can drag Barney along, please."

Le Roux knik en hy en Kevin groet mekaar met hulle handklap-vingersvleg-manier wat hulle nou al so lank doen sonder om te weet hoekom hulle dit doen of waar hulle dit geleer het – dis bloot hoe hulle groet die laaste paar jaar. Dit eindig met 'n flink geklap van die vingers.

Kevin verdwyn na die naaste uitgang en Le Roux en Janine volg 'n ander gang na waar die winkelsentrum op piazzas rondom die kunsmatige meer uitloop. Hulle gaan sit by die eerste beste koffiewinkel onder 'n skewe sambreel, maar dis nie regtig nodig nie, want die son is nou aan die ander kant van die gebou.

"Vreemd hoe die weer net so verander het vandag." Le Roux kyk na die blou lug tussen die sambrele en palmbome deur. Dis byna heeldag al wolkloos. Dat die hele stad gisteraand amper weggespoel het, is nou ondenkbaar. Die meer voor hulle is

bruin van vloedwater uit die buurt wat hier opgedam het. Hier en daar dryf plastieksakke, bottels, blikkies en ander rommel wat die water iewers in die strate van die buurt losgespoel het. Die watervlak is aansienlik hoër as gewoonlik en die winkelsentrum het vir die wis en die onwis sandsakke gepak waar die stoepe van die restaurante en koffiewinkels ophou – net ingeval die water verder sou styg.

"Ja, crazy," sê Janine terwyl sy haar bandopnemer en notaboek uithaal.

"Ek like nogals *Trinity*. Ek bedoel, ek's obviously nie die target market nie, maar julle doen great music features. Dis goed om die kids van daai ouderdom al interested te kry, veral met die local goed."

'n Kelnerin stap nader en vra wat hulle wil hê. Al twee bestel koffie, Le Roux met koue melk en Janine met warm melk.

"En 'n glas koue water, asseblief!" roep Le Roux agterna wanneer sy al halfpad kombuis toe gewarrel het.

"Dankie. Ja, ek probeer ook maar om meer Afrikaanse CD's in te kry. Dis maar 'n stryd, soos jy weet."

"Wil jy soos in 'n hele interview doen, of wat?"

"Ja, ons wil jou oor twee maande die featured artist maak, dit sal mos maar nie lank in die tydskrif kan wees nie, dalk 'n bladsy en 'n half met 'n foto by. Ons het al 'n review gedoen van die nuwe album – wat great is, by the way..."

"Ek dink ek't die review gesien. Kevin versamel al die goed. Vier sterre, as ek reg onthou. Thanks, dis baie generous van julle."

Janine lag en Le Roux weet dadelik dat sy gevlei voel deur die manier waarop hy met haar praat.

"Orraait, kan ons maar begin?"

Janine kyk of haar digitale opnemertjie werk en sit dan tevrede terug. Le Roux sit vooroor met sy elmboog op die tafel sodat sy ken in sy oop hand rus. Sy kop draai nog bietjie.

"Shoot."

"Goed. Vertel my bietjie van *Kenne in die lug*, waar het die album sy geboorte gehad? Begin jy by een liedjie of 'n konsep of wat laat jou besef 'hier's 'n album'?"

"Goeie vraag. Kyk, ek verstaan nie aldag hoe werk hierdie goed nie. Dit gebeur eenvoudig. Ek ry in die kar of draf of kuier saam met vriende en idees vir songs meld hulle eenvoudig aan. Soms is dit dalk 'n paar strofes wat rym, of net 'n snars klank wat 'n melodie word wat 'n chorus word, en dan ander tye sit ek eenvoudig met die kitaar en 'n hele song kom na vore. *Kenne in die lug* het dus presies so begin: by een idee wat gou-gou baie geword het."

"Baie van jou songs gaan oor liefde – kan luisteraars hulle eie gevolgtrekkings maak en sê dat die love songs almal oor jou girlfriend, Melanie Sauls, gaan?"

Le Roux lag. Die koffie daag op en hy hou sy antwoord terug terwyl hy twee suikersakkies oopskeur, dit bygooi en roer. Agterop die een suikersakkie sien hy iets wat hom laat lag. "Kyk," sê hy en hou die sakkie na haar uit. "Happiness is not achieved by the conscious pursuit of happiness; it is generally the byproduct of other activities."

"Wie's die wysgeer?"

"Aldous Huxley. Ons is dus per ongeluk gelukkig."

Sy lag en neem die papiersakkie by hom, sit dit langs die opnemer neer en stryk dit met haar hand plat. Le Roux gaan voort.

"Die luisteraars kan dink net wat hulle wil. Ek en Melanie probeer ons verhouding so privaat moontlik hou. Sure, 'n mens sien haar ook soms in die koerant..."

"Sy is so gorgeous..."

"Sy verkies egter om nie oor hierdie tipe dinge te praat nie. Ek ook nie. Ons is verlief en ja, soms skryf jy songs vir die mense vir wie jy die meeste omgee. Mense wat die musiek like, moet ook onthou dat wanneer die CD eers klaar is en in die winkels beland en hulle dit koop – hulle ook besitreg kry van die songs. As daar 'n line of 'n song is wat spesifiek tot jou spreek, dan's daai *jou* lovesong, simple as that."

Die rooi liggie van Janine se opnemer flikker teen 'n reëlmatige tempo op die tafel tussen hulle terwyl die gebou se skaduwee dieper word. Later flikker die sentrum se ligte aan, binne én op die lamppale buite op die piazzas. Hulle gesels vir langer as 'n uur, waartydens Le Roux weer een keer moet badkamer toe vlug om te gaan opgooi, sonder dat Janine enige onraad vermoed. Elkeen drink nog twee koffies en Le Roux bestel 'n stuk kaaskoek, wat hy net half eet voor hy weer naar word. Janine reël met hom dat 'n fotograaf van die tydskrif hom in die komende week sal kom afneem. Hulle skud hande na die onderhoud en verdwyn in verskillende rigtings, die sentrum nou vol gesinne wat hier kom uiteet of fliek.

**19:00**

Wanneer Le Roux by die meenthuiskompleks indraai, is dit al donker. Oral beweeg mense agter toegetrekte gordyne, hier en daar is groepies besig om op die gras of op balkonne te braai, die vonke wat spat wanneer hulle meer houtskool bygooi. Heelwat voertuie is aan die in- of uitbeweeg, die wat kom vir kuier of uitgaan iewers in die buurt. Dis tog Saterdagaand en die middel van die naweek.

Wanneer Le Roux sy motor parkeer, sien hy vir die eerste keer die bourommel wat onder die eenheid langs syne lê. Planke, sakke vol afval, stukke uitgekapte pleister en bondels waterpype wag om óf weggery óf geïnstalleer te word. Daar brand geen lig in die eenheid nie, maar Le Roux kan sien dat die kombuisvenster nog nie 'n ruit in het nie en toegeplak is met swart plastiek.

Sy wooneenheid voel koud binne. Hy begin van die klere in sy kamer opruim, maar gaan sit later in die klein vertrekkie langs sy slaapkamer waar sy rekenaar staan. Die res van die kamer is vol bokse, meestal CDs, maar ook 'n paar amps, drie kitare en 'n spul koorde, mikrofone en staanders wat deurmekaar in die hoek lê.

Vir 'n ruk staar hy na sy e-pos, maar onder die meer as honderd boodskappe is daar niks interessants nie – net advertensies, persverklarings, aanhangers en nuusbriewe. Hy stap deur na die sitkamer, spoor die remote tussen die rusbank se kussings op en knip die TV aan. Die voorpraatjies van die rugby is al aan die gang. Die son skyn pragtig in Suid-Amerika, of ten minste in die stuk daarvan wat sigbaar is agter die

breë skouers en dik nek van die aanbieder, 'n oud-slot. Hy probeer weer vir Henk bel, maar sy foon lui en lui net. Dan probeer hy vir Barney.

Barney tel byna dadelik op. Dit raas verskriklik in die agtergrond.

"Waa's jy?"

"Fok, waar dink jy? Ek kyk rugby by die Shark Tank, dis op die big screen in die onderste kamer."

"Lekker..."

"Kom deur man, then we do it all over again."

"Nee wat, dis OK, ek's nie nou lus om deur te ry soontoe nie. Gaan sommer hier by die huis kyk. Ek weet nie hoe jy dit oor en oor kan doen nie."

"In my gene man, in my gene. Hoe was die signing?"

"OK, heelwat CD's verkoop. Kevin het gevra waar's jy."

"Ag, fok hom. Jy's die mooi ene."

"Whatever. Hoe was daai girl toe van gisteraand?"

"Befok! Sy's nou ook hier. Jy moet haar bietjie kom ontmoet. Ek het haar Vrydagaand so lekker gen..."

"Anderdag. Kan jy môre maak?"

"Jy weet mos. Sal sien."

"Oraait, enjoy. En vat dit rustig."

"Jy's die een om te praat. By the way, wat van jou en Stacy?"

"Mmm. Anderdag se gesprek hierdie, ons sien mekaar die week, raait?"

"OK, cheers."

"Cheers."

Le Roux sit die klank aan en luister wat die aanbieder te sê het oor die afrigter se spankeuse. Vyftien minute voordat die wedstryd veronderstel is om te begin, besluit hy om dit by 'n kroeg naby die kompleks te gaan kyk. Die woonstel is te stil en sy kop soek afleiding.

Hy trek 'n warm top aan en stap by die hek uit. So drie blokke ver is daar 'n generiese braairestaurant, klein poskantoortjie, 'n kuierplek en 'n kafee.

Die kuierplek is stampvol. Al die tafels is beset, met mense wat bier drink en burgers en chips eet. Die klank is oopgedraai en die tien TV's in die plek flits gelyktydig in die verskillende hoeke. Hy het die afskop gemis, maar die telling is nog 0-0. In elk van die tien TV's, vang die Springbokke se heelagter 'n bal mis en die skeidsregter dui die aanslaan, dan die skrum aan. Die mense binne die kroeg sug soos een.

Le Roux kry 'n oop stoel aan die verste punt van die toonbank en na 'n goeie vyf minute se wag bestel hy 'n groot glas bier. 'n Paar mense groet hom beleef wanneer hulle hom herken. Daar's mense wat Le Roux ken van sy meenthuiskompleks af, ander sien hy soms by die gimnasium, ander, weer, herken hom vaagweg omdat hulle hom al op TV of in die koerante gesien het, al kan hulle nie presies onthou wie hy is nie.

Die Springbokke speel nie baie goed nie. Teen halftyd is die telling gelykop, 10-10. Almal drom nou om die toonbank saam, dus wriemel Le Roux tussen die massa deur na die glasdeure wat lei na 'n klein houtdek. Hier is ook baie mense, maar ten minste vars lug. Hy gaan staan teen die reling met sy rug na die mense en kyk uit oor die buurt, wat hiervandaan teen die heuwel af strek tot teen die snelweg, waar honderde motors in parallelle lyne saamdrom.

Hy sit sy halwe glas bier neer en scroll deur sy foon tot hy Stacy se nommer kry.

"Hi."

"Hi. Where are you?"

"Watching rugby down the road from my place."

"Who's winning?"

"It's all square at half time. What are you doing?"

"Just sitting at home. Trying not to go insane. I have no idea how you can be watching rugby."

"I was also just sitting at home. Thought I might bash my head against the wall if I didn't get out of there. I need people around me. Makes me feel safer."

"Ja. Fuck."

"Stacy, I've been thinking about it a lot. You and me. I think you are right. We must do this. And I like you, you know that."

"We must see. I don't know what to say. Will you come around tomorrow?"

"I'll see. Melanie is back in town sometime later tonight. I will probably have to go see her tomorrow."

"OK."

"OK, we'll speak then."

"You must finish it with her."

"Yes. I must see."

"You must."

"OK."

"Bye."

Le Roux kyk na die skerm totdat dit vervaag, die tydsduur van die oproep wat wegraak in die donker. Daar's 'n geskarrel in die parkeerterrein van die kuierplek. Twee jong mans is besig om te baklei. Twee gillende meisies probeer hulle van mekaar afhou, maar sonder sukses. Die een het die ander een in 'n kopklem beet en slaan hom hard op die oor. Dan skop hy hom teen 'n bakkie se buffer vas en sy volgende skop tref hom reg op die gorrel. Drie mans gryp hom nou en trek hom weg van die man op die grond, wat hyg na sy asem terwyl bloed by sy mond uitstroom. 'n

Meisie staan gillend langs die man op sy knieë en praat met iemand, die selfoon onsigbaar tussen haar hand en hare.

Dan begin die tweede helfte en die meeste van die omstanders stroom terug die kuierplek in. Le Roux gaan ook weer in, bestel nog 'n bier en kyk rond vir 'n oop kroegstoel. Als is egter die keer beset, dus staan hy maar en kyk. Die wedstryd wil maar net nie vlot nie en die Springbokke maak elementêre foute. Die mense in die kroeg spring op wanneer die Springbokke punte aanteken en sug gemeenskaplik wanner die Argentyne se telling groter word. Dis meestal skoppe, maar in die laaste minuut onderskep die Argentynse senter 'n swak aangee van die Springbokke en hardloop van sy eie kwartgebied af en gaan druk onder die pale. Die skop is oor en die eindfluitjie blaas. Die Argentyne wen met drie punte en die Springbokke loop kop onderstebo van die veld af. Mense stap kwaad rond en drink, party kom kroeg toe vir nog, met blou banknote in hulle hande wuif hulle om die aandag van die kroegman te trek en bestel rye vol shooters vir hulle en hulle vriende. Le Roux bestel self 'n shooter en vra vir die kroegman of hy ook een wil hê. Die kroegman sê ja en hulle klink vinnig glasies en gooi die sterk bruin skoot in hulle keel af.

"Watse vakansiedag was dit vandag?" vra Le Roux die kroegman. Die kroegman dink 'n rukkie, sê dan dat hy nie seker is nie, maar halfpad deur sy antwoord, vra hy die ander man wat pas 'n skinkbord vol skoon glase ingedra het of hy nie dalk weet nie. Die man antwoord die kroegman terwyl hy die glase vinnig en professioneel blinkpoets en op die rak pak.

"Reconciliation Day, blykbaar," sê die kroegman.

Le Roux los 'n klein noot as 'n footjie, staan op en stap uit. Buite het die nag koud geword.

## Vrydag

**09:20**

Le Roux se foon lui hom wakker.

"Huh?"

"It's me."

"Mel... shit, what time is it?"

Hy kan hoor sy sê iets, maar skielik begin daar 'n verskriklike geraas iewers naby. Dit klink asof daar geboor, gehamer en ge-angle grind word, als tegelyk.

"Wat de fok?!" Le Roux kom met 'n gesukkel orent uit die bed en slaan die deur toe, want dit klink asof die lawaai uit die woonstel langs hom kom.

"Sorry Mel, I didn't hear you there. Someone's fucking building next door or something. What time did you say it was?"

"After nine. I suppose you guys went out drinking last night? I'm just phoning to remind you that I'm going up the coast for the weekend with my folks."

"Ja, I know. I remember." Hy het eintlik vergeet, maar hy weet dit maak nie regtig saak nie. Melanie is 'n goeie girlfriend, sy hou hom gedurig op hoogte. Sy weet ook dat hy gereeld vergeet en dat sy dinge oor en oor moet sê.

"OK, enjoy the show tonight. Sorry I won't be there. But I know you guys will rock anyway."

"Thanks, Baby. Send love to your mom and dad. Tell them I'll join in next time. Is your dad taking the boat up?"

"Ja, we'll probably go crayfishing tomorrow morning. OK, love you, go back to bed now."

"Love you too, bye."

Le Roux laat die foon op die mat val.

"Fok my." Hy trek die duvet oor sy kop probeer voortslaap.

**09:40**

Stacy lê op die rusbank met die koerant op haar bors. Nou en dan tel sy 'n stuk op en lees lui daaraan. Wanneer sy die naweekbylae optel, sit sy skielik regop. "Maanhaar vanaand in die Haaitenk!" staan daar, met 'n groot foto van Le Roux wat sy kitaar triomfantelik swaai die lug in.

Sy gaan haal haar plakboek in die slaapkamer en knip die bladsy versigtig uit. Die boek is al dik, sy volg Le Roux se loopbaan al 'n paar jaar. Sy plak die foto op 'n skoon bladsy – dis groter as die bladsy en sy moet 'n deel daarvan omvou sodat dit in die boek kan pas.

Haar selfoon is 'n klein, plat, blink een. Die stilte in die woonstel word skielik verbreek deur haar stem, skor en diep, die eerste keer vandag dat sy 'n woord uiter.

"Hey! Zaid!"

Zaid sê iets en Stacy lag diep uit haar maag. Die ou snymerk teen haar keel staan uit teen haar vel, die kleur daarvan effens anders, soos 'n knakplek in 'n plastiekbottel. Stacy kan skaars die motorongeluk onthou – sy was klein, haar ma dronk. Kort daarna het die maatskaplike werker vir die eerste keer by hulle aan die deur kom klop.

"What?"

Sy lag weer.

"I can't believe it... Listen..."

Zaid val haar weer in die rede en sy lag weer.

"You're ridiculous. Listen, you owe me a shift, nè? Well, I want you to do it for me tonight. I want to go to the Shark Tank."

Nou is dit Zaid se beurt om te lag. Hy het ook die koerant gesien met Maanhaar se foto.

"Yes, you know it. Maybe tonight is the night. But I have a pretty good strike rate."

Zaid praat weer 'n paar sinne.

"OK Brother, we'll speak tomorrow or so. Bye, and thanks!"

**10:00**

Hy kan aan die nuusredakteur se stappie sien daar is iewers moeilikheid, dat iemand iemand doodgeskiet het, dat 'n kind iewers verbrand het in 'n huis, dat bedrog gepleeg en ontbloot is, dat die slang in die gras is en niemand van plan is om te sê of dit giftig is of nie. Dis 'n opgewonde stappie, natuurlik, dit het so 'n kinderlike trippel. 'n Trippel wat dit duidelik maak die een se dood is die ander se brood.

"Cash-in-transit. M28-annerkant-die-Zeely-afrit. Nou-net-gebeur-daar-was-hengse-skietery. Paar-mense-fucked-up-geskiet-security-guards-en-rowers. Hulle-sê-daar-was twinnig-ouens-met-semi-automatics. Eddie-wag-al-onner."

Henk staan op, gryp sy notaboek, pen, digitale opnemer, sonbril en pet en drafstap gang af na die hyser toe. Onder wag Eddie inderdaad al met die kar. Hy lyk verveeld, maar wanneer Henk die deur agter hom toeslaan, jaag Eddie met skreeuende bande weg. Nuusfotograwe hou van jaag, hulle sien dit as 'n integrale deel van hulle werkbeskrywing.

Binne twintig minute is hulle daar. Hulle is die eerste persmense op die toneel, wat toegeparkeer staan met polisievoertuie en ambulanse. Misdaad- en noodtonele lyk so: asof niks anders in die omgewing saak maak nie. Hier is waar die bloed vloei, waar die skietwond is, en die polisie, die paramedici, die ambulanse, die insleepbakkies – almal – is hier om die wond so gou as moontlik toe te werk, die bloed af te vee en almal gerus te stel sodat die verkeer weer kan vloei, mense weer inkopies kan doen en die uitsig kan sien. Henk sien 'n speurder wat hy ken en stap nader. Eddie het reeds begin skiet met sy kamera en draf om die voertuie sodat hy by die gepantserde

voertuig, wat op sy dak in die sloot langs die pad lê, kan uitkom. 'n Paar mense is dood en hulle lyke lê nog in die son, net bedek met wit doeke. Polisiemanne is besig om afstande te meet en koeëldoppies in sakkies te gooi. Hulle doen alles stadig, asof hulle gechoreografeer is en nie die ritme wil versteur nie. As hulle wit aangehad het, sou hulle soos rolbal- of kroukiespelers gelyk het.

Henk gesels 'n ruk met die speurder, maak hier en daar 'n nota en stap dan na 'n groepie ambulansmense. Een van die vier veiligheidswagte het oorleef en sit regop agter in een van die ambulanse. Hy het net 'n vleiswond deur sy bo-arm. Henk vra hom 'n paar vrae.

'n Uur later ry hulle terug kantoor toe. Hulle jaag nie, maar Eddie weet nie hoe om stadig te ry nie. Net na twee is sy storie klaar.

**14:05**

Henk sit 'n ruk lank stil agter sy rekenaar. Hy het musiek hard aan op sy oorfone om die res van die kantoor uit te doof. 'n Beweging vang sy oog. Dis Mary-Ann, die nuwe misdaad- en algemene verslaggewer wat vroeg verlede jaar begin het. Sy was pas klaar met haar graad toe sy hier ingeval het. Sy het nie eens vakansie gevat nie. Kersdag gewerk. Nuwejaar ook. Daai tipe.

Sy dra rooi vandag. Wanneer Henk aan haar dink, dan dink hy baie eenvoudig. Eerstens is hy jaloers op haar. Sy's goed, baie goed. Sy is sexy en draai elke polisieman en speurder om haar pinkie en is besig om die een scoop na die ander te kry. Dis nie asof sy sy posisie hier bedreig nie, maar nie te lank terug nie was hy die jong hot-shot misdaadjoernalis.

In die tweede plek wil hy haar naai. Hy kan sy oë nie van haar afhou nie. Vandag dra sy 'n langbroek, maar wanneer sy 'n romp dra, dan maak dit hom heeltemal mal. Sy gaan sit by haar lessenaar, vyf meter voor hom, met haar rug na hom toe. Sy hoor seker die geritsel van sy musiek, want skielik draai sy om, kyk hom in die oë en lig haar wenkbroue in 'n groet. Hy skrik eers, bewus daarvan dat sy seker deur sy dagdroom kan sien, en groet dan terug met die lig van 'n hand en 'n effense glimlag.

Vroue weet, vroue sien, hulle lees jou sonder moeite, al probeer jy nonchalant voorkom. Sy draai weer om en begin werk aan iets voor haar. Hy haat dit dat sy weet hy wil haar naai.

Hy kyk op die stelsel of Eddie se foto's al op is. Hulle is, en hy begin solank die onderskrifte intik. Kort-kort kyk hy na Mary-Ann se rug. Sy masseer haarself met een duim en voorvinger aan die onderkant van haar nek. Dan tik sy weer verder. Henk stroop haar klere van haar lyf af. Nie stadig nie: Hy ruk dit af, van agter af. Sy tol om en maak sy broek los, hy stamp haar neer op die lessenaar en draai haar op haar maag. Hy voel sy hande oor haar sterk rug beweeg, op teen haar nek, hoe hy vasgryp in haar hare.

Henk staan op en stap met 'n knop in sy broek badkamer toe. Te veel pornografie op TV of die internet laat ongelukkig soms 'n mens se verbeelding op hol gaan. Hy sluit die deur agter hom en gaan sit. Daar is net een, kort graffiti-sin agterop die deur geskryf: "Piele vleg is ook 'n sport." Seker een of ander grapkas wat sport skryf. Nou het hy Mary-Ann onder hom, haar bene trek terug en op en klou styf om sy heupe vas. Soos sy op die lessenaar lê, is sy op presies die regte hoogte. Sy kreun van die lekkerkry en roei met haar arms oor die lessenaar soos 'n borsslagswemmer. Die keyboard val van die tafel af, hang halfpad teen die lessenaar af aan die koord. Die pennepot en Post-Its en menigte ander los goed trek diékant toe, val geruisloos op die vloer, 'n dik, weelderige wynrooi mat in Henk se verbeelding, nie die dun, harde selfmoordblou wat dit in werklikheid is nie. Henk se hande is nou oor haar borste, hy voel hoe sy hande aan al twee kante koud word – die koue lessenaar en haar koue vel.

Dertig sekondes later vee Henk die semen af met 'n stuk toiletpapier, trek die ketting en stap terug, verby Mary-Ann, verby sy lessenaar na die nuusredakteur se kantoor toe.

"Ek's klaar."

"Dankie. Hoe was dit?"

"Die gewone. Daar is drie security guards en vier rowers dood. Maar hulle is weg met twintig miljoen."

“Ai. Dis ook seker nie meer geld deesdae nie.”

“Blykbaar is dit. Ek gaan nou huis toe.”

“Hoe’s Eddie se foto’s?”

“Great. Paar lyke onder komberse. Doppies, koeëlgate, glasstukke, bloed, naasbestaandes, ooggetuies. Als is op die stelsel.”

“Klink na bladsy twee vir my. Werk jy môre?”

“Nee, nie my shift nie. Ek dink Mary-Ann is aan. Ek gaan rugby kyk en drink.”

“Het jy dan nie gisteraand ook gedrink nie?”

“Wat probeer jy sê?”

Die nuusredakteur lag.

“Nee man, ek’t jou gesien. Ontspan. Ek was ook daar!”

“O. Kuier jy baie daar?”

“Nee, once in a while. Was ’n tjommie se verjaarsdag.”

“Ek sien. Cheers, check volgende week.”

“Cheers, vat dit rustig.”

**14:35**

Dit neem Henk nie lank om tot by Le Roux te ry nie. Soos hy al hoe nader aan Diepwalle kom, word die buurt mettertyd duidelik sigbaar soos die dynserigheid tussen hom en die huise teen die heuwel minder raak. Die son skyn van agter oor sy linkerskouer in die motor in en maak ’n kort skaduwee daarvan op die snelweg. Dis nog ’n halfuur voordat dit begin besig raak, met mense wat die naweek probeer langer rek.

Daar is iets stils en dreigends aan die weer. Die wind waai nie, maar in sy truspieëltjie kan Henk die voorste wolkbank van 'n front sien naderkom oor die see. Vanaand of môre gaan iets gebeur, reën of koue, of dalk sommer net wind. Dalk vlieg dit oor deur die nag, dalk bly dit tot Maandag. Dit het onmoontlik geword om die weer te voorspel hier rond, dink Henk. Hy weet nie hoekom hulle nog probeer nie.

Hy sit sy flikkerlig aan na links om by Diepwalle in te draai, ry verby die groot winkelsentrum aan die voet van die buurt, hou stil naby 'n bottelstoor wat teenaan die pad lê. Hy stop, klim uit en verdwyn in die winkel. Vyf minute later verskyn hy weer, die slag met 'n geel sak waarin verskeie bottels klingel. Die deur was nie gesluit nie en hy klim met 'n gladde beweging terug in sy motor en ry dan teen die helling uit, dieper die buurt in. Le Roux se kompleks lê naby aan die bopunt van die buurt, net waar dit ophou en die klein reservaatjie begin, waar telekommunikasietorings in 'n knoets die hoogste punt beset.

Die hekwagte gee hom net een kyk en laat hom dan deur met die onsigbare druk van 'n knoppie. Een se skouer beweeg effens, verder bly hulle uitdrukkingloos. Hulle oë draai weer na die linkerkantste hoek, waar daar seker 'n televisieskerm staan.

Hy parkeer op 'n besoekersparkeerplek en stap dan na Le Roux se woonstel. Hy druk die klokkie by die deur. Wanneer die bouery uit die woonstel langsaan skielik weer in alle erns begin, klop hy ook, hard, net ingeval Le Roux nie die klokkie hoor nie.

Wanneer Le Roux uiteindelik die deur oopmaak, het hy sy hande oor sy ore. Hy praat hard om bo die lawaai gehoor te word.

"Fok weet," sê hy, "Kom in."

Henk volg hom na binne.

"Wat het jy daar?" vra Le Roux wanneer die deur agter hulle toe is. Die bouers talm 'n oomblik en Le Roux maak die klipharde musiek met die afstandbeheer sagter.

"Ek probeer hulle stilmaak," verduidelik hy.

"Ietsie vir jou en ietsie vir my." Henk begin die bottels op die toonbank uitpak.

"Gaaf. En ek het selfs onthou om ys te maak. Hoe was werk?"

"Ag, dieselfde. Eindelose temptation in die vorm van Mary-Ann."

"Hoekom vra jy haar nie net op 'n date nie."

"Sy't 'n boyfriend. 'n Doos. Lawyer, dink ek."

"So what. Tune haar in elk geval."

"Wat, en dan moet ek met die humiliation sit en werk heeldag, met haar hier voor my? Ek suffer maar eerder. O ja, daar was 'n armed robbery ook."

"Waar?"

"Zeely offramp. Twintig dudes met semi-automatics."

"Hell, crazy. Sal ons DVD check?"

"Ek weet nie. Wat's op TV. Sportgewys?"

Le Roux begin deur die kanale soek na sport. Daar is tien sportkanale en nadat hy deur almal is, eindig hy by rugby-hoogtepunte.

"Laasnaweek s'n. Dis al."

Dan lui sy foon iewers in die vertrek. Hy krap tussen die kussings rond en bring dit na sy oor sonder om sy oë van die TV af te haal.

"Yes." Dis Barney. Hy praat baie hard en Le Roux hou die foon effens weg van sy kop. Hy rol sy oë vir Henk.

"Ek dog soundcheck is eers seweuur?" Hy luister en knik 'n paar keer.

"Dit klink nie na 'n sleg idee nie." Hy kyk na Henk en praat met hom. "Barney tune die Shark Tank. Nou. Hy sê ons drank staan en warm word."

Henk wil nog sê dit klink na 'n goeie idee toe iemand langsaan weer laat waai met 'n boor. Hy beduie met sy kop na die geraas asof dit sy antwoord is.

Le Roux roep hard terug in die foon dat hulle op pad is.

Elkeen klim en sy eie motor en hulle ry agter mekaar Shark Tank toe.

**21:15**

*"En die spreeus swerm swart,*
*om die kante van die stad!*
*Dat mense nog hier*
*wakker kan word!"*

Le Roux swaai sy kitaar met 'n geoefende beweging om sy heup sodat dit soos 'n jaggeweer agter teen sy blad hang, die kop van die kitaar wat vorentoe pik oor sy skouer met elke heen-en-weer-beweging van sy lyf. Onderlangs kyk hy na die rhythm guitar-speler om te kyk of hy reg is vir sy stuk agtergrondsang. Hy is.

*"Dat mense nog hier*
*wakker kan word*
*wakker kan word*
*WAKKER KAN WORD!"*

Soos die laaste koorgedeelte by sy keel uitkom, eindig die liedjie summier, Barney op tromme wat deurentyd opgebou en opgebou het tot hy skielik die simbale vir 'n laaste keer slaan, die res van die band ewe paraat, hulle feedback wat presies op die regte tydstip uitsny, presies ook wanneer Le Roux sy eie kitaar smoor met 'n trap op een van die pedale by sy voete. Perfek. Soos die ligte uitdoof, weet Le Roux reeds Barney sit doodstil agter hom, hande wat nog vir 'n paar sekondes die simbale vashou sodat hulle nie vibreer nie. Barney mag dalk 'n suiplap wees, maar hy weet van tromme speel.

Die vier van hulle draf vinnig van die verhoog af terwyl dit nog donker is. Die ligte speel nou oor die skare wat die sykamer van die Shark Tank volgepak het om hulle in aksie te sien.

"Maan-haar! Maan-haar! Maan-haar!" roep party terwyl ander skree vir 'n encore, maar dit was reeds hulle encore gewees. Die show is nou klaar.

Die backstage-gedeelte is nie baie groot nie en terwyl Le Roux, Barney en die ander twee uitasem gaan sit en Kevin vir hulle elkeen 'n koue bier in die hand stop, druk

Antonio en die res van die verhoogtegnici verby hulle om die instrumente van die verhoog te gaan haal. Dis vroeg vir 'n gig om klaar te maak, maar hierdie is 'n album launch en Kevin moes lank onderhandel met die eienaar van die Shark Tank om die launch op 'n Vrydagaand hier te hou. Die mense is eintlik hier vir die DJ, iemand van oorsee, wat netnou gaan begin speel. 'n Goeie aand om nuwe mense ook in te trek.

"Nice one, buddy!" Kevin slaan vir Le Roux op die skouer. "The CDs are flying at the merchandise table. T-shirts too. You must come out to sign just now."

"Sure." Die sweet tap Le Roux af en hy waai sy lyf koud deur sy T-hemp voor by sy bors met sy duim en wysvinger te vat en dit vinnig heen en weer te pluk.

"Lekker, boys, goeie een." Le Roux slaan handpalms met die rhythm guitarist en die baskitaarspeler. "Als op sy regte plek. Down to the last bit."

Barney is besig om 'n joint te rol en binne 'n halfminuut hang die soet groentereuk van dagga in die kamertjie rond. Barney neem 'n paar diep trekke en gee dit dan aan vir die baskitaarspeler.

Kevin loer weer om die deur. "Le Roux, come on, merchandise stand please."

Le Roux staan op, druk sy oopgespreide vingers deur sy bos hare en gee die joint terug vir Barney.

"Kom, julle slapgatte, kom help my bietjie," sê hy, maar hy weet hulle gaan tien teen een eers vir 'n ruk hier sit en stoned raak. Kevin wag vir hom in die kort gangetjie tussen die backstage area en die res van die klub.

"Wait," Kevin haal iets uit sy binnesak, "have some of this to sort you out. Nice stage-dive, by the way." Le Roux het net voor die laaste song in die skare ingespring. Gelukkig het die mense mooi dig gestaan en saamgespeel, so hy het so 'n paar meter op hulle hande gerol voor hulle hom weer versigtig op die verhoog neergesit het. Dit werk nie altyd so mooi uit nie. Kevin stamp 'n knippie kokaïen tussen twee plastiekkaarte fyn. Le Roux vat die kaart met die lyn en bring dit nader aan sy neus. Hy snuif dit in een slag op en gooi sy kop met geslote oë terug.

"Aah, Grandpa," sê hy en wanneer hy sy oë weer oopmaak, sien hy al die plakkate van die ander bands en sangers wat al hier in die Shark Tank opgetree het. Dis van die vloer tot teen die dak bepleister, sodat hulle jou heeltemal omring hier in die klein gangetjie, wat belig word met een helder meter lange buislig. Hier kom al die plakkate bymekaar in die middel van die plafon, soos om 'n koninginby. Stil, gefotografeerde oë van die mense op die plakkate kyk hier in die gangetjie neer, tel diegene wat hier verbykom, verhoog toe en terug. Party van hulle is al dood, sommige bands al jare lank nie meer aktief nie, net weg, van die toneel verdwyn asof hulle nooit bestaan het nie. Net plakkate op 'n paar mure en CD's in aanhangers se versamelings agtergelaat. Dalk neurie iemand nou en dan hulle treffer 'n uur nadat dit op die radio gespeel het. Musiek leef voort lank nadat die musikante weer deur die lewe ingesluk word.

"Thanks."

Le Roux vat vir Kevin broederlik om die skouer en maak die deur na die klub oop met sy vry hand. Onmiddellik val 'n paar meisies hom om die nek. Kevin staan eenkant toe sodat die meisies met hulle selfoonkameras foto's van mekaar saam met Maanhaar kan neem. Dan gaan sit Le Roux agter die tafel waar die CD's, t-hemde, plakkers en lapelwapentjies verkoop word en begin handtekeninge uitdeel aan mense wat met oopgeslane CD-boekies vir hom staan en wag.

**22:50**

"Kom ons gaan na my flat toe," sê Le Roux. "Ons kan verder party daar. Moerse baie wyn, wat daai ander ouens vir my gegee het."

"Ek dag dis brandewyn." Henk leun agteroor op die bank met sy kop wat agteroor hang, oë in die rigting van die haaitenk.

"Wat?" Die musiek is hard en Le Roux skree om gehoor te word. Henk sit regop en druk met sy elmboë op die tafel, stut sy kop met sy hande.

"Ek sê ek dag dis brandy!"

"Nee, dis wyn. Shit, dalk is daar brandy ook, ek't nog nie al die bokse oopgemaak nie."

Barney skuif weer by hulle in. Hy lyk die dronkste van die drie. Hy lig sy vinger en beweeg sy lippe 'n volle sekonde voor hy begin praat. Le Roux bars uit van die lag, maar Henk sit net daar en probeer sy oë oophou.

"Wat, Barney, fokken, *wat*?" Le Roux klap vir Barney agter die kop dat sy kuif so wip.

"Eerstens," begin hy, "moet dít nie weer doen nie, want dan POES ek vir jou én jou maanhare fokken hard." Le Roux kekkel nou 'n simpel laggie, want hy weet Barney haat dit, en hy weet ook dat 'n dronk Barney onvoorspelbaar kan wees. "En tweedens, en *in-fin-ite-ly* meer belangrik, sien julle daai girl daar?"

Hy lig sy vinger op en hulle volg dit.

"Watter een?" vra Henk, wat homself met moeite in die rigting van die dansvloer gedraai het om te kyk na wie Barney wys.

"Die fokken mooi een. Die een met die bikini-tipe glittertop en kort rompie."

"Jy bedoel die een wat lyk of sy veertien is?" Henk kyk of Barney hom gaan klap of met iets gooi, maar Barney gaan net voort.

"Ek gee nie 'n fok om of sy veertien is of nie. Maar sy't nou-nou net gesê sy wil my naai. Of ek't haar gesê ek gaan haar naai, en toe sê jy ja."

"O ja?"

"Ja. So al wat ek vir julle poese wil kom vertel, is dat dit 'n lekker aand was, maar dat ene Barney, die befokte drummer van die Drie Euwels, nou moet fokkof, want hy moet sy drumming gaan oefen, soos required by contract. Cheers."

Barney staan op en hy groet eers vir Le Roux en dan vir Henk, met die geklap van palms en daaropvolgende gevryf van die boonste paar vingers teen mekaar, iets wat altyd beter werk as al twee partye aangeklam is.

"Cheers, bra," sê Le Roux. "Onthou die signing môre as jy kan. Or if all else fails, Maandag se practice. En as jy jouself Sondag by daai signing kan kry, sal dit ook waardeer word. Deur die volk."

"Sure."

"Later, Bra. Is jy OK om te bestuur?" Henk lyk nie te besorg nie, maar vra dit asof dit iets is wat hy gewoonlik vra hierdie tyd van die aand.

"Ja, ek's fine, maar jy is nie. Whatever. I'll check you guys. Werk jy môre, dis mos vakansiedag?"

"Nee, nie my shift nie. Ek werk net elke derde Saterdag. Watse dag is dit môre?"

"Beats me," sê Le Roux. "Baie winkels gaan nog oop wees. Melanie het gesê hulle is oop. Maar sy werk eers weer Sondag. I mean, 'n openbare vakansiedag op 'n Saterdag. Dis mos net vakansie in ons koppe. Fucked-up. Die regering moet hulle kak in orde kry."

"Ah, Melanie," sug Barney vermakerig. "Ken sy vir Stacy?"

"Fokkof, gaan naai die kiddy." Le Roux lyk skielik afgepis en kyk rond of hy nie vir Stacy naby sien staan nie.

"Cheers boys. '*Don't you die, or multiply.*' " Barney strompel na die dansvloer, waar hy 'n ruk met die meisie dans. Dan verdwyn hulle in die skare in die rigting van die klub se voordeur, om die groot, verligte tenk waar die drie haaie stadig swem, asof hulle in 'n ander dimensie bestaan en tyd en plek vir hulle niks beteken nie. Zen-meesters van hulle eie ego's.

Le Roux staan op en gaan soek vir Stacy, terwyl Henk vooroor val, kop op sy arms, sat gedrink – die twee bottels tequila en lemoensap wat uiteindelik hulle tol eis. Le Roux kry haar op pad badkamers toe. Hy gryp haar en hulle druk hulleself tussen die swetende massa op die dansvloer in. Die DJ is besig om die hoogtepunt van sy set te bereik, almal nou aan sy kant, selfs die pessimiste wat vroeër by die bar staan en drink het toe hy goed gespeel het wat niemand ken nie. Dis 'n ineengevlegde spul mense, volkleur en warm.

Hulle dans nog 'n halfuur, wild en onder beheer van die Ecstacy, elke lyflike beweging wat fyn vlammende sandkorrels na hulle senuwee-eindpunte skiet, als groter maak, mooier maak, fyner maak. Hulle lywe is teen mekaar, bons van mekaar af, skerm met die dansers rondom hulle, om die beweging van die musiek, hoe modern ook al, deurtrek met dieselfde ou antieke aantrekkingskrag van ritme.

Natgesweet gaan sit hulle weer by die tafel. Henk kyk nie eens op nie.

"Uitgepass," sê Le Roux die voor die hand liggende.

"He should get into e, he'll have far more fun."

"You know, he's got something weird about that. I mean, this tequila is probably ten times worse for him. He'll decay from the inside."

"He'll wake up one morning and he'll be a Mexican."

"He'll make a decent Mexican."

"Hey! Mexicaaaaan!"

Henk skrik vervaard wakker, kyk hulle aan asof hulle 'n aanstormende linie van duisende is en sy ammunisie pas opgeraak het.

"What, Stacy, what?"

"Let's go home."

"I can't drive."

"We know."

"Ons sal jou vat, ons kry jou kar later," sê Le Roux.

"Fok dit, ek los nie my kar hier nie. Ek't anderdag 'n nuwe sound system ingesit. Daai speakers alleen is 'n kakhuis werd. As iemand hulle steel..."

"OK, dan vat ons jou kar. Ek sal myne hier los."

"Deal. How did you get here, Stacy?"

"Friends. They've left already," sê Stacy.

Le Roux soen haar vol op die mond. "What's that?"

"What?"

"On your lip. Is that coke?"

Stacy voel aan haar bolip en kyk na haar vingerpunt.

"Yup, some girl had some in the bathroom just now..."

"Damn! Ek's nou sommer ook fokken lus."

"Maybe I can make a call."

"Moenie worry nie. Anderdag. Let's go home, there's wine."

"Brandewyn, broer, brandewyn. Ek't gecheck in die boks."

"No fucking way I'm having any of that now, julle common fuckers," sê Stacy en staan op. "Let's go. This shit is making me HYPER! HYPER! HYYYYYYYYPER!" Sy lag en Le Roux tel haar op asof sy niks weeg nie.

"You fucking crazy woman. Let's go find an outlet for that HYPER! bit of you."

"Hou op skree, julle konte," sê Henk. "Hier's my sleutels. Niemand hier is doof nie."

**23:15**

Le Roux ry nie heelpad met die hoofpaaie nie. Hier en daar draai hy af, want uit ondervinding weet hulle waar die polisie soms dié tyd van die aand padblokkades het. Die laaste ding wat hy kan bekostig, is 'n dronkbestuur-skandaal. Sy manager sal hom nooit vergewe nie. Die fans dalk ook nie. Mense vier hulle skynheiligheid deur bekendes te kruisig, al van wanneer af. Al wat lekkerder is as om helde te vier is om hulle te sien val.

Stacy lê uitgestrek op die agtersitplek. "I am the most beautiful girl in the world and I'm gonna fuck your ears off!"

"Praat sy met my?" Henk sit die CD-speler net sagter tot hy sy sin voltooi en draai dit dan weer kliphard oop. Rockmusiek wat klink soos geboue wat inmekaarstort, dreun deur die motor, die luidsprekers wat tot op hulle uiterste beproef word, maar dis goeie luidsprekers, so hulle hou.

"WAT IS HIERDIE KAK?!" Le Roux lag en draai sy venster effens af, spoeg by die opening uit, en druk die knoppie om dit weer toe te maak.

"Fuck! Your! Ears! Off! Your! Head!" Stacy skop met haar bene teen die deur.

"HONEY! STOP THAT OR I'LL HAVE TO MAKE YOU!" Henk het die CD-boekie in sy hand en wuif dit dreigend in haar rigting. Sy hou aan skop en laat haar lyf op en af bons op die sitplek. Dan sit sy skielik regop in die middel en steek haar hand uit na die kajuitliggie. Sy flikker dit aan en af, sodat die flou liggie reg van bo oor haar gesig val, met skerp skaduwees onder haar oogbanke, neus, wangbene en ken.

"WHAT AM I?"

"WHAT?" Henk se oor is 'n liniaallengte van haar mond af, maar die musiek maak die atmosfeer in die motor so ondeurdringbaar soos lood.

"WHAT AM I?"

"I DON'T KNOW. PRETTY GIRL ON DRUGS?"

"VERY PRETTY GIRL ON DRUGS WHO'S GONNA FUCK YOUR FRIEND'S EARS OFF!"

"I SEE. HE'S GOT A GIRLFRIEND!"

"I KNOW. BUT I AM PRETTIER THAN HIS GIRLFRIEND! AND I'M A BETTER FUCK!"

Na 'n ruk ry hulle 'n vlaag reën binne. Sagte druppels bots soos deurskynende motte – bloedloos – teen die voorruit. Le Roux probeer die ruitveërs aanskakel, maar sit eers

per ongeluk die flikkerlig aan. Dan is die ruitveërs daar, maar te vinnig. Henk leun oor en draai die knoppie sodat dit stadiger vee.

“Wonder waar die reën nou so skielik... STOP! STOP!” Henk begin al sy deur se sluitknoppie optrek.

“Wat die fok is fout? Wil jy kots?” Le Roux verminder spoed en trek af in die geelstreep. Nog voor die motor behoorlik tot stilstand kom, spring Henk uit en begin opgooi. Op die agtersitplek skater Stacy van die lag, haar voete skop teen die dak en die kajuitliggie wat daar gemonteer is, flikker aan en af soos die gedawer die elektriese stroom ontwrig.

Le Roux klim uit en strompel om die neus van die motor na waar Henk gebukkend staan, hande op die knieë en kwyl wat by sy ken afdrup. Die reën is weer aan die verbytrek, maar in die verte, van die ou middestad se kant af, sien Le Roux dat die ligte begin dof word – nog buie is aan die kom. Hy gaan sit op die enjinkap en kyk verby Henk die donkerte in, want hier lê die huise ’n ent weg van die pad, ’n vleierigheid vol afval tussen hier en die eerste huise, waar ligte tussen bome en afdakke en kragpale brand.

“Is jy orraait?”

Henk kots weer, ’n lang, droë geroggel. Hy lag onderstebo, die klank wat klink of dit van iewers ondergronds kom.

“I’ll take that as a yes.”

Le Roux voel iets nats in sy neus. Hy vat met ’n vingerpunt daaraan en sien dis bloed.

“Toemaar, my neus bloei,” sê hy en vee sy vinger teen die nat enjinkap af, maar Henk bly nog stil en weggedraai van hom. Die musiek blêr tussen die reën en nagvorms in. Nou en dan jaag ’n voertuig verby, ’n ent verder in die pad af is daar verkeersligte, maar omtrent niemand stop daar op die rooi nie.

“Te veel pilletjies. Pilletjies, pilletjies. As daar nou een ding is wat Ecstasy aan my doen, is dit dat dit my neus laat bloei. En my baie jags maak. Sommer enigiets naai. Bome. Jou. Ou skoene. Honde. Tannies.”

Henk staan skielik op, trek snot en slym met 'n harde asemteug uit sy neusholte en spoeg dit uit.

"Jy is 'n cliché. 'n Rock and roll-cliché. Bloed en jagsheid. You are your own demise."

Stacy skree iets uit die kar uit, Le Roux draai net half om, maar ignoreer haar dan. In, in, in. Die nat lug proe soos koeldrank.

Le Roux spring van die enjinkap af en kom staan langs Henk. Hy kyk na die plas kots op die rand van die teerpad.

"Heng, het jy iets oor in jou lyf? Smaak my dis als behalwe jou pankreas en kouse wat hier lê?"

"Ja. Tequila. Brings tears to my eyes. Maak my skoon emosioneel."

"Ek dink ek't laas so lekker gekots toe ek nog 'n laaitie was. Een keer op hoërskool. Damn, dit was na die eerste bandkompetisie wat ons gewen het. Hulle het destyds net daai kompetisie begin, jy weet mos, jou koerant s'n. Ek het al so 'n paar songs gehad en 'n paar dudes in die skool was ook lus vir jol. Ons het maar geraap en skraap en eerder met attitude as met talent die ding gedoen. Anyway, die aand na die finals het ons by die een ou se huis gaan suip – sy ma was nie daar nie en, wel, hulle het 'n swembad gehad, wat pimping genoeg was vir ons. Voor dit het ons altyd stuff soos peach schnapps of ciders gedrink. Maar iemand het daai aand 'n bottel tequila gehad, uit sy pa se bar by die huis gesteel. Talk about consciousness expansion. Binne 'n uur het ons almal Niknaks en tequila gekots, want ons't die stuff by die glasvol gedrink, sonder mix of klas of styl van enige aard. Lesse geleer, vinnig."

"Soos dit hoort."

"So iets. Is jy klaar? Sal nou by die kafee vir jou iets kry. Ek't ook juice nodig. Iets om die ewewig te herwin, of is dit nou die ewigheid? Ek sal graag later nog vir Stacy wil naai dat haar oortjies krimp."

Vir 'n paar sekondes staan hulle en kyk hoe die reën in die poel kots val. Dan draai hulle om en klim in die kar.

Le Roux sit die musiek 'n bietjie sagter en hulle ry verder. Na 'n ruk draai hy in by 'n vulstasie. Hulle is nou al byna in Diepwalle. Hy stop lomp en met 'n effense geskree van remme voor die helderverligte winkel, 'n halwe meter van 'n plastiek-vullisdrom af waaruit die papier en blikkies peul. Die groen en geel neonstrepe van die petrolmaatskappy se logo weerkaats op die dakke van 'n paar ander motors, ander laataand-kuiergatte wat ook hier stop vir iets om te eet op pad huis toe. Wanneer hy die motor afsit, gaan die musiek ook af. Die stilte is so skielik dat hy nog per ongeluk te hard praat.

"You want something, Stacy?" vra hy en kyk in die spieëltjie na haar. Dis stil. Hy sit die kajuitliggie aan en kyk of sy slaap. Skielik skiet haar oë oop, pupille en irisse en kleintongetjie en tande in streaming video.

"I AM A PRETTY DANGEROUS GIRL ON PRET.." Sy haal asem. "PRETTY DANGEROUS DRUGS AND I'M GONNA FUCKYOUREARSOFF!"

"OK then, I'll get you some juice. But you're not getting out of this car. Please. People know me in this neighbourhood." Sy val terug op die sitplek en skop met haar voete teen die dak.

"En nog iets," Henk is al halfpad by die deur uit, maar hy draai terug en kyk haar kwaai aan. "You're going to have to stop that or I'm going to get pretty pissed-off. Really." Hy slaan die deur hard toe en stap skeef na die winkel toe, waar die outomatiese deure hom sonder ondervraging binnelaat.

Le Roux staan by die yskas, een hand wat die deur oophou en die ander hand wat tussen die blikkies vroetel.

"Wat maak jy?" Henk stap tot byna teen Le Roux, want hy sien sommer iets in sy liggaamshouding is nie lekker nie. Le Roux staan amper doodstil, net sy vingers wat oor die blikkies koeldrank streel. Henk sien daar's 'n veegsel droë bloed op sy bolip.

"Vee af jou bolip, daar sit bloed."

Le Roux bly net so staan, maar draai sy kop na Henk.

"Die klein mannetjies in die yskas vra vir jou 'n vraag."

Henk kyk na Le Roux en dan na die rye blink en gekleurde blikkies in die yskas. Sy kop draai self 'n bietjie, maar hy het gelukkig nie ander dwelms as tequila gevat nie. Hy bring sy kop nader aan die naaste ry blikkies en maak asof hy luister.

"Wat wil hulle weet?"

"Hulle wil weet of jy hulle kan vertel hoekom daar oorlog en hongersnood is."

Henk tel 'n blikkie op en hou dit 'n armlengte van sy gesig af.

"Ek weet nie," sê hy en sit die blikkie terug op die rak. "Kry vir jou 'n koeldrank. En vee die bloed van jou bolip af. Dit maak die koeldranke bang."

Le Roux se liggaam ontspan, hy vat 'n koeldrank en draai na Henk. Henk het plat gaan sit by die tydskrifrak en blaai 'n manstydskrif deur.

"Check bietjie hierdie girl, fokkit, sy's hot." Henk hou die tydskrif aan die een kant sodat die dubbelblad mooi vertikaal na Le Roux wys.

"Sy's OK. Sy daai girl op daai TV show?"

"Ja. Ek sal haar graag wil suig soos 'n tequila-wurm."

"Dude, jy kort seriously 'n naai."

Le Roux gaan sit langs Henk en vir 'n rukkie blaai hulle die tydskrif in stilte deur. Daar's 'n review van *Kenne in die lug* op die musiekblad. Le Roux lees dit gou.

"Jy onthou my pa?" Henk maak die tydskrif toe en sit dit terug op die rak.

"Natuurlik. Wel, ja, hy was famous. Die renjaer. Die Van der Hoest Express. Maar ek't hom mos nooit ontmoet nie. Hy was lankal dood."

"Ja, ek weet. Maar hy het eenkeer op TV gesê dat die enigste ding wat oorlog en hongersnood kan laat weggaan, is ignorance. Daar's nog bloed op jou lip."

"En daar's kots op jou ken. Ignorance. Dis ignorant."

"Hy was so 'n tipe doos gewees."

Die lig in die winkel is so helder dat niks natuurlik lyk nie. Selfs die vrugte op die rak langs die brood lyk onnatuurlik, asof hulle in 'n strokiesprent hoort. Die buisligte se groenwit lig verdraai al die kleure 'n klein bietjie. Hulle velle lyk soos geel seiltente. Die bloed op Le Roux se bolip blou soos swembadwater.

Al twee vee hulle gesigte af met die rugkante van hulle hand.

"Dis nie 'n oplossing nie."

"Hy't ook nie gesê dis 'n oplossing nie. Ek dink hy was slimmer as wat hy gelyk het. Hy't net op 'n tyd vrede gemaak met die feit dat die lewe kort is en dat 'n mens moet besluit waarvan jy hou en dan daarmee volhard. Vir hom was dit spoed en vrouens."

"Was jou ma lief vir hom?"

"Ja. Ek dink so. Vir 'n kort rukkie. Hy bly 'n doos. 'n Dooie doos."

Henk se pa het sy ma gelos voor hy twee was. Sy ma sê nog altyd dis sy koms wat alles verander het. Hulle was op vakansie in 'n karavaanpark by die see toe hulle een oggend baklei het. Hy was die vorige aand baie dronk, sou sy ma later vertel, en het alleen verder gaan drink by 'n nabygeleë kroeg. Hy het dagbreek eers teruggekom karavaanpark toe. Hy is daar weg met die kar, hy het haar en die baba net so gelos in die karavaan. Een van Henk se ma se broers het hulle twee dae later kom haak en na sy huis toe gesleep, vyfhonderd kilometer ver. Dit was twee dae se reis. Bergwinde het in die binneland gewaai. Die tipe detail wat sy ma later kon onthou, het gewissel, maar die bergwinde was altyd daar. Daar was 'n ander vrou, 'n sangeres of iets, daar was 'n foto van hulle saam in die Sondagkoerant twee maande later. Hy het haar glo daardie aand in die kroeg ontmoet.

As pa het Henk hom nooit geken nie, sy ma wou hom nie sien nie en hy het hom net 'n paar keer 'n jaar gesien. Sy vriende het gedink dis fantasties dat hy so 'n bekende pa het, maar vir hom was hy bloot 'n vreemdeling, 'n onwerklike man wat sy ma ongelukkig gemaak het.

Henk was negentien toe sy pa deur 'n padreling gebars het en by 'n krans af is. Sy navigeerder het oorleef, maar hy is 'n dag later in die hospitaal dood – sy skedel het

op 'n paar plekke gelek, selfs al het hy wakker geword, sou sy brein stom gewees het. Dit was 'n paar jaar voor karre lugsakke begin kry het.

Vyf minute later kom hulle te voorskyn, elk met 'n swaaiende plastieksak – koeldranke en pakkies chips, verskillende soorte sjokolade. Henk het 'n pastei in die hand waarvan 'n paar krummels aan sy hemp klou. Le Roux suig aan 'n pienk melkdrankie. Die bloed is van sy bolip afgevee. Dit reën nou effens harder, 'n sagte gesuis wat deur die buurt trek.

Stacy sit kiertsregop in die middel van die agtersitplek, haar arms wat oor haar knieë lê sodat haar hande en vingers oor die handrem hang. Hulle bewe liggies. Le Roux sit 'n bottel water tussen haar vingers, wat stadig om die fatsoen strek asof sy wil seker maak dis wel wat dit is.

"I need cigarettes. Don't worry, I'll get some." Sy maak die deur oop en trap eers effens skeef met haar hoë hakke, maar stap dan fatsoenlik na die winkeldeure, haar klein handsakkie wat soos 'n oorywerige pendule swaai, rooi-rooi, rooi-rooi.

"Sy's nogals quite something," sê Henk en maak 'n pakkie chips oop.

"Ja. 'n Bliksemse goeie naai ook. Sy maak sulke klein wriemelende bewegingkies."

"Klein tieties, maar 'n allemintige lyfie."

"Ek hou van klein tieties."

"Melanie het nie klein tieties nie."

"Orraait, hare is seker medium."

"Medium, maar mooi. Sy beter nie uitvind van Stacy nie. Sy sal jou kop afbyt. Ek's bang vir daai vrou."

"Fok haar. Sy sal nie uitvind nie. Anyway. Klink my jy wil my girlfriends naai."

"Ek wil enigiemand naai."

"Komaan, wat's die girl by die werk se naam nou weer?"

“Mary-Ann. Sy weet hoe fucked-up ek is. Sy sit heeldag saam met my in ’n kantoor.”

“Ag, jy’s nie fucked up nie, man, jy’s net ’n joernalis. Sy ook. Screw haar boyfriend.”

“Crime. Misdaad. Ja, vreemd genoeg is Mary-Ann eintlik my match made in heaven. Sy hanteer die beat nogals sonder probleme – ek weet nie hoe sy dit doen nie. Miskien was sy nog net nie op ’n hectic genoeg storie nie. Vir ander mense, mense buite die business, sodra jy sê jy’s ’n crime reporter, dan dink hulle jy’s ’n sad psycho wat jou eie koeëls herlaai by die huis. My vorige girl het gesê ek’t heeldag gepraat oor dooie mense en gesinsmoorde.”

“So, dis mos interessant. Wat was haar naam nou weer?”

“Lies met die kieste. Liesbet. Sy’t iemand gesoek met ’n mooier kar en ’n vetter beursie en ’n skoner kop.”

“Liesbet. Ja, sy het nogals lekker kieste gehad. Dimpels waarin jy kon gaan visvang. Wat’s fout met die kar?” Le Roux slaan met sy palm teen die stuurwiel en raps per ongeluk die toeter raak. ’n Half aan die slaap petroljoggie ruk sy kop op van waar hy met geboë skouers op ’n groen plastiekstoel sit en dut. “Fokkol fout met die kar. Ek like hom.”

“Ek weet nie hoe jy kan bestuur op so baie drugs nie. Ek kan nie eens regtig my hande mooi voel nie. En dis net tequila. Voel of ek my vingers eet elke keer wanneer ek ’n chip hap.”

Le Roux kyk na die vingervormige skyfie wat Henk na hom uithou. Hy leun oor en hap doelbewus Henk se vinger raak.

“Eina, jou poes.”

“Wie is hierdie band?”

Henk sit die klank weer harder. “Dis ’n mix CD hierdie. Dis Children of Bodom. Finse band.”

“Heavy shit man, heavy shit. Children of Boredom?”

"*Bodom*. Dis 'n meer in Finland. Lank terug is drie tieners daar vermoor. Vier laaities het gaan kamp en net een het teruggekom. Seker veertig jaar later is die survivor gecharge vir die moorde, maar hy's onskuldig bevind."

"Weird. Lekker storie."

Hulle sit 'n ruk stil en luister na die musiek, koppe wat nou en dan knik. Twee ander motors stop ook langs die winkel. Een stoot agteruit en parkeer by 'n petrolpomp, lê op die toeter totdat 'n petroljoggie nader draf en gee dan 'n instruksie deur 'n half afgedraaide ruit. Stacy kom by die gehoorsame deure uit en twee van die mans wat nou daar ingaan, draai hulle kop in die loop om om haar agterna te kyk. Vir 'n oomblik val die helder winkellig van agter en word sy 'n swart silhoeët waaruit haar wit arms soos die kaalgestroopte vlerke van 'n voëlskelet swaai. Daar is reeds 'n sigaret in haar mond, wat sy diep trek sodat die kooltjie rooi gloei.

Sy klim in, druk die knoppie sodat die agterste venster 'n bietjie afdraai en blaas 'n mondvol rook na buite.

"OK, thanks, we can go now. Where's that water?"

Le Roux vroetel langs die handrem en gee dit na agter aan terwyl hy die motor aan die gang kry.

"I like this band," sê sy, "Children of Bodom. I just don't fucking know how they manage to make such an enormous noice so well."

Henk draai half om in sy sitplek, want sy sitplekgordel is nie aan nie. "I know. Wait, it's almost finished, let me play it again."

"WHAAAAAAAAH!" skree Stacy saam met 'n deel van die liedjie. Al drie van hulle se koppe ruk ritmies op en neer saam met die musiek. Wanneer Le Roux die motor in trurat sit en omkyk, druk Stacy haar tong in sy mond en soen hom hard. Hy stoot agteruit sonder om te kyk, een oog oop, maar daardeur sien hy net Stacy se hare. Dan trek sy terug, maar leun terselfdertyd vooroor tussen die sitplekke deur. Sy begin Le Roux se lyfband loswoel, wriemel haar hand in en kyk na Henk, wat verlore met 'n oor naby aan die luidspreker by sy knie sit en wegraak in die musiek.

Die reën sak swaarder uit, draai digter om die motor.

**23:45**

Met Stacy se hand teen sy lyf, soms tastend teen sy gespierde borskas op en dan weer af na sy broek, jaag Le Roux al vinniger, veral waar die pad in die verstrengelde netwerk van die buurt se strate reguit word. Die ligte van ander motors spoel kort-kort deur die voorruit en verdwyn dan na agter. Henk staar half aan die slaap voor hom uit, gehipnotiseer deur die ruitveërs se geswiep. Die pad begin hier skerp klim soos die buurt teen Diepwalle se bult uit styg.

Le Roux verminder spoed en gaan te skerp om 'n draai. Stacy verloor haar balans en rol lomp teen die linker-agterdeur vas. Dis nog omtrent twee kilometer tot by Le Roux se kompleks en hier waar die groot huise in digte tuine versluier staan, is dit donker en die straatligte ver uitmekaar, geïsoleerde ligkolle wat in die nattigheid die pad net plek-plek versier met hulle enkelboom-kersfeeste. Daar is ook omtrent geen ander verkeer meer nie.

Hy is net om nog 'n draai, sonder om by die stopstraat te talm, toe die motor iets tref. Le Roux sien net 'n vae figuur, 'n hond dalk, hoor hoe dit in die verbygaan iewers teen die onderstel kap en dan slaan hy met vertraagde reaksies remme aan. Stacy gly slap van die agtersitplek af en stamp haar kop hard teen die middelman. Sy verloor haar bewussyn vir 'n paar sekondes. Henk, wat nie sy sitplekgordel aangehad het nie, is skielik helder wakker. Op een of ander manier het hy niks oorgekom nie.

Wanneer Le Roux tot stilstand kom, laat hy per ongeluk die motor vrek.

"Wat die fok?" Henk kyk na hom.

"Weet nie. Hond of iets." Le Roux stoot agteruit, onderdeur 'n ligkol en dan in die donker in, waar hy wyd om die figuur in die pad ry en dan weer in lyn daarmee kom sodat dit in die kopligte se gloed lê. Die figuur lê doodstil, asof aan die slaap, op die sykant. Voor hulle lê 'n mens, dit kan hulle nou sien.

"Shit. Ek't niks gesien nie."

Le Roux knip sy veiligheidsgordel los en maak sy deur oop. Druppels reën val op sy hand en dan die res van sy lyf soos hy uit die sitplek opstaan, asof die reën 'n swerm insekte is wat sy lyf oortrek. Henk klim ook uit en hulle stap vinnig na die liggaam.

Henk gaan buk by die liggaam en hy sien dat dit 'n jong man is, niks ouer as twintig nie. Hy voel aan sy pols en voel niks. 'n Fyn straaltjie donker bloed loop by die seun se oor uit, waar dit met reën meng en modderig oor sy gladde wang afloop. Hy staan weer op, sy blink skaduwee wat korter word onder sy voete.

"Het jy hom nie gesien nie?"

"Ek sê jou mos ek't fokkol gesien nie. Net om die draai gekom. Hy moes gesit het of iets."

"Shit. Ja, ons het hom laag teen die kar geslaan. Dalk was hy besig om sy skoenveter vas te maak." Hy stap weer nader aan die liggaam en leun oor om die skoene te bekyk. "Ja, die een is half los. Dalk is dit wat gebeur het."

Henk wonder nie eers hoekom hy skielik soos 'n speurder begin dink nie. Hy praat elke week met speurders, en dis hoe hulle dink. Hulle dink nie aan insidente nie, maar hoekom insidente gebeur het en wat om te doen met die oorblyfsels van die insident.

"Wat die fok nou? Jissis, fok. Ek's fucked. Hy's dood. Is hy dood? Dis net 'n laaitie."

Henk kyk na Le Roux, wat met sy hande deur sy groot bos hare wring. Die reën laat alles effens verspoel lyk en Le Roux se hare is besig om 'n deurmekaar mop te word.

**23:55**

Die agterste deur van die kar gaan oop en Stacy klim vallend uit. Haar hare is deurmekaar en sy druk dit terug agter haar ore, maar dit wil nie daar bly nie. Haar bolip is stukkend waar die harde plastiekhouer tussen die twee voorste sitplekke haar getref het.

"What the fuck was that?"

Hulle sê niks nie, maar wag tot sy by hulle kom.

"We hit something," sê Henk.

"A dog?"

"No."

"Jesus!" Sy stol, met haar hand wat instinktief na haar mond gryp.

"Shut-up, Stacy." Dis Henk wat praat. Le Roux staan nog steeds met sy mond oop en sy hande in sy hare. "We killed somebody."

"Fuck!"

"Keep your voice down!" Henk draai vinnig om na die kar en sit die ligte af. 'n Hond blaf verkennend iewers naby, agter 'n heining. Al die mure hier is hoog en nêrens is daar enige teken dat iemand wakker is en die ongeluk gesien het nie. Dit is die tipe buurt waar mense dikwels skaars weet wie hulle bure is en net belang stel in die tipe motors wat hulle koop, waar hulle kinders skoolgaan en waar hulle volgende keer vakansie gaan hou. Die tipe buurt waarin die honde ondervloerse verhitting het in hulle hok. Die tipe buurt waar ou mense wat alleen woon, kan sterf en hulle naasbestaandes eers sewe dae later op hulle lyk afkom.

Daar 's genoeg lig van die straatlig vyftien meter van hulle af om mooi te sien wat aangaan. Henk buk voor by die buffer. Dis stukkend en los waar dit die jong man getref het. Die een koplig is ook stukkend en die enjinkap en rooster is effens gebuig. Hy trek die stuk plastiekbumper wat loshang, af, hou dit in sy hand asof hy voel hoe swaar dit is en gaan bêre dit dan in die kattebak. Stacy is besig om histeries te raak. Sy trippel rond en klou met haar arms om haar lyf vas, snik hard.

"Shut the fuck up, Stacy!"

"What do you mean shut the fuck up? You killed someone!"

"No, I didn't. We did. Le Roux drove. It's my car. And you are here. We're in it together."

"We've got to go to the police! Phone the ambulance!"

"No, we don't. You're on drugs. Le Roux is on drugs. I am drunk. Le Roux is a famous singer. This will ruin his career. We're going to get rid of the kid and shut the fuck up about it. He's dead anyway."

"Hy's reg, Stacy. I know this sounds stupid, but we can't let this happen. Fuck!"

"Ontspan. Here's what we're going to do."

"Fuck, no!" Stacy staan 'n tree terug. "I can't believe what I 'm hearing. I might be on drugs, but we've got to call the ambulance. That's what we're going to do! This can't happen!"

Skielik spring al drie nog verder terug. Die jong man op die grond voor hulle kreun.

Stacy gee 'n tree vorentoe, maar Henk gryp haar aan die arm en pluk haar om na die bestuurderskant toe.

"Klim in aan daai kant," sê hy vir Le Roux, wat verdwaas en deurmekaar maak soos Henk beveel. Le Roux weet nie of hy kom of gaan nie. Henk druk Stacy agter die stuur in en draai die venster heeltemal af sodat hy haar van buite af kan vashou.

"Wat nou?" vra Le Roux.

"Vat haar fokken hand, sit dit op die handrem en laat sy die handbriek losmaak."

Le Roux wring Stacy se linkerhand los van die stuurwiel, druk dit om die handremhefboom en druk haar duim op die knoppie sodat die rem losgemaak word. Stadig rol die motor vorentoe, Henk stap saam en druk Stacy se spartelende, protesterende lyf teen die sitplek vas. Hy kan haar borsbeen voel uitdruk soos haar hele bolyf saamspan. Sy een hand gly los en oor Stacy se gesig. Sy byt hard in die sagte vleis van sy hand in.

"Aaa, poes! Fok!"

"Wat?" roep Le Roux.

"Sy't my fokken gebyt!"

Die motor rol vinniger en vinniger in die rigting van die jong man, wat vyftien meter teen die effense afdraande af lê, regoor 'n grys kragboks. Skielik is hulle op hom. Die regtervoorwiel tref sy kop, wat met 'n harde kraakgeluid onder die wiel verdwyn, byna bo-oor Henk se voet rol en dan ook onder die agterste wiel verdwyn.

"OK! Trek maar weer op!"

Le Roux pluk Stacy se hand weer op en die handrem laat die motor weer met 'n ligte skreeugeluid tot stilstand kom.

"Fuck you guys! Fuck you guys!"

"Stacy, shut the fuck up! Now do you see that we're all in this together? He's dead now, come."

"But he was alive! HELP! HELP!"

Le Roux slaan Stacy vinnig en hard op haar neus. Sy wil nog skree, toe slaan hy haar nog 'n keer. Haar lip het reeds gebloei. Nou bloei haar neus ook.

"Sorry, Stacy, but – STACY! – you 're going to have to shut up! We can't let this happen. If he was alive but braindamaged or whatever, it's the same thing. Bad press. Wreckless and drunk driving. You can go to jail for this shit. You do go to jail for this shit, no matter who you are."

Henk maak die deur oop, pluk haar weer uit en druk haar by die agterste deur in. Sy val om op haar maag en verberg haar gesig in haar hande, huilend.

"Kom." Henk beduie vir Le Roux om uit te klim. Hulle stap na die agterkant van die motor waar die seun se lyk stil lê. Sy kop is nou erg bebloed, maar die reën, wat steeds deurdringend val, spoel reeds van die rooi op die teer weg.

"Shit man, check my hand." Henk wys vir Le Roux waar Stacy hom gebyt het. "Bitch. Hy was in elk geval fucked, Le Roux. Kom, vat sy voete."

Le Roux vat die voete en hulle tel hom op. Hy 's swaarder as wat hulle gedink het en Henk se greep gly. Hy gryp-gryp vir beter vatplek en met dié trek hy die seun se

sweetpaktop halfpad oor sy kop uit. Onder die bruinerige top draai hy 'n swart T-hemp.

"OK, one, two, *three.*" Le Roux tel en hulle probeer weer. Die keer tel hulle hom tot mooi in die kattebak, waar hulle hom neersit half bo-op die stukkende bumper.

Henk is net besig om die top weer af te trek sodat dit sy maag toemaak toe Le Roux hom stop.

"Fok."

"Wat?"

Die reën drup van hulle altwee se gesigte af, Le Roux se boskaas nou heeltemal deurdrenk. Henk se kort hare glinster ook van die water.

"Sy T-shirt."

Henk buig dieper die kattebak in en trek die sweetpak op sodat hulle kan sien wat op die T-hemp staan.

Dis 'n geel lyndiagram, die buitelyne van 'n man met 'n groot, wilde bos hare. Henk slaan die kap hard toe.

(einde)